



UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Denkleiers • Leading Minds • Dikgopolo tša Dihalefi

Tannie en oom:

Die gebruik, ervarings, persepsies en houdings
in die Pretoria-omgewing
'n Gevallestudie van twee markte in Pretoria

Deur

Susanna Maria (Su-Mia) Hoffmann

'n Verhandeling voorgelê ter vervulling van die graad
MA Linguistiek

Studieleier: Prof. Nerina Bosman

Universiteit van Pretoria
Fakulteit Geesteswetenskappe
Skool vir Tale
Departement Afrikaans

VERKLARING VAN OORSPRONKLIKHEID

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA

Student se volle name: **Susanna Maria Hoffmann**
Studentenommer: **11022613**
Onderwerp van werkstuk: **Tannie en oom: Die gebruik, ervarings, persepsies en houdings in die Pretoria-omgewing**

Verklaring

1. Ek verstaan wat plagiaat is en is bewus van die Universiteit se beleid in hierdie verband.
2. Ek verklaar dat hierdie verhandeling my eie, oorspronklike werk is. Indien ander mense se werk gebruik is (hetsy uit 'n gedrukte bron, van die internet of enige ander bron), is dit behoorlik erken en is daarna verwys in ooreenstemming met die departementele vereistes.
3. Ek het nie werk wat voorheen deur 'n ander student of enige ander persoon geskep is, gebruik om dit as my eie in te dien nie.
4. Ek het nie en sal nie toelaat dat enigiemand my werk kopieer met die bedoeling om dit as sy/haar eie werk aan te bied nie.

HANDTEKENING _____

Bedankings

Ek bedank graag die volgende persone, sonder wie se hulp hierdie verhandeling nie moontlik sou wees nie:

- Die NRF vir finansiële ondersteuning
- Professor Nerina Bosman vir u leiding, hulp en ondersteuning
- My moeder, Corné Hoffmann, vir ma se emosionele ondersteuning deur hierdie lang proses
- P.C. Hayman vir jou tyd, volgehoue ondersteuning en hulp met die veldnavorsing en statistiese ontleding van die data
- Dr. Elda van der Merwe vir u geduld en puik redigering

INHOUD

AFKORTINGS.....	5
TABELLE	6
FIGURE.....	6
1 AGTERGROND EN NAVORSINGSVRAE	7
1.1 Inleiding.....	7
1.2 Probleemstelling en rasionaal	7
1.3 Navorsingsvrae	9
1.4 Navorsingsontwerp.....	9
1.5 Sleutelbegrippe	10
1.6 Verhandelingstruktuur	17
2 TEORETIESE AGTERGROND EN LITERATUUR-OORSIG	18
2.1 Die aanspreekvorm as verskynsel.....	18
2.2 Aanspreekvorme, sosiolinguistiek en pragmatiek.....	19
2.3 Sosiolinguistiek: Teorie en toepassing	20
2.3.1 Taal en die samelewing.....	21
2.3.2 Die sosiale groep	24
2.3.3 Die sosiale veranderlike	25
2.3.4 Kommunikatiewe vaardigheid	26
2.4 Pragmatiek	27
2.4.1 Beleefdheid	29
2.4.2 Pragmatiese linguistiek: Die vestiging van spraaggewoontes	38
2.5 Taalhistoriese ontwikkeling van die voornaamwoord	47
2.6 'n Oorsig van seminale navorsing oor Afrikaanse aanspreekvorme	53
2.6.1 Odendal.....	53
2.6.2 Ponelis	54
2.6.3 Scholtz	55
2.6.4 Wybenga	55
2.6.5 Combrink.....	66
2.6.6 Kotzé	67
2.6.7 Swanepoel	69
2.6.8 Bosman en Otto	71
2.6.9 Samevatting	72
3 NAVORSINGSMETODOLOGIE	73
3.1 Inleiding.....	73
3.2 Navorsingsontwerp.....	75
3.2.1 Die kwantitatiewe navorsingsmetode	76
3.2.2 Die kwalitatiewe navorsingsmetode	77
3.2.3 Die gemengde navorsingsmetode.....	78
3.3 Navorsingsproses.....	80
3.3.1 Navorsingsgroep	81
3.3.2 Steekproefneming	82
3.3.3 Etiese kwessies.....	83
3.4 Data-insameling	84
3.4.1 Navorsingsplek.....	85
3.4.2 Deelnemers	86
3.4.3 Instrumente	86
3.5 Samevatting	86
4 DATA-AANBIEDING	87

4.1	Inleiding.....	87
4.2	Statistiese aanbieding	87
4.2.1	Onderhoude	87
4.2.2	Sistematiese waarneming	107
4.3	Samevatting	118
5	DATA-ANALISE EN INTERPRETASIE	119
5.1	Onderhoude	119
5.1.1	Gebruik die navorsingsgroep <i>tannie</i> en <i>oom</i> ?.....	119
5.1.2	Dink die navorsingsgroep <i>tannie</i> en <i>oom</i> word gebruik?.....	121
5.1.3	Dink die navorsingsgroep <i>tannie</i> en <i>oom</i> behoort gebruik te word?.....	122
5.1.4	Word die navorsingsgroep as <i>tannie</i> en <i>oom</i> aangespreek?	124
5.1.5	Verhouding tussen verkopers en kopers	125
5.1.6	Verandering in die gebruik van aanspreekvorme	126
5.2	Sistematiese waarneming	126
5.3	Samevatting	127
6	SAMEVATTING EN GEVOLGTREKKING	129
6.1	Oorsig.....	129
6.2	Gevolgtrekkings.....	129
6.3	Beperkings en aanbevelings	130
6.3.1	Beperkings	130
6.3.2	Aanbevelings en voorstelle vir verdere navorsing	132
7	BRONNELYS	133
8	BYLAAG	140
8.1	Ingeligtetoestemmingsbrief.....	140
8.2	Vraelys vir onderhoude	142
8.3	Vorm vir gestruktureerde waarnemings.....	143

AFKORTINGS

D	sosiale afstand (<i>distance</i>)
FTA	aansienbedreigende daad (<i>Face Threatening Act</i>)
P	mag (<i>power</i>)
R	tersaaklikheid (<i>relevancy</i>)
R-vorm	herhaling (<i>repeat/casus oblique</i>)
S	spreker
T	vertroulike/informele/familiêre aanspreekvorm
V	hoflike aanspreekvorm

TABELLE

Tabel 1: Biografiese besonderhede van verkopers wat ondervra is.....	88
Tabel 2: Antwoorde rakende die gebruik van <i>tannie</i> en <i>oom</i> deur verkopers by beide markte	91
Tabel 3: Gebruik van <i>tannie</i> en <i>oom</i> deur verkopers by beide markte	92
Tabel 4: Antwoorde rakende die gebruik van <i>tannie</i> en <i>oom</i> deur verkopers by die Bantingmark	93
Tabel 5: Gebruik van <i>tannie</i> en <i>oom</i> deur verkopers by die Bantingmark	94
Tabel 6: Antwoorde rakende die gebruik van <i>tannie</i> en <i>oom</i> deur verkopers by die Boeremark.....	95
Tabel 7: Gebruik van <i>tannie</i> en <i>oom</i> deur verkopers by die Boeremark	96
Tabel 8: Antwoorde rakende kopers se gebruik van <i>tannie</i> en <i>oom</i> by beide markte.....	97
Tabel 9: Gebruik van <i>tannie</i> en <i>oom</i> deur kopers by beide markte.....	98
Tabel 10: Antwoorde rakende kopers se gebruik van <i>tannie</i> en <i>oom</i> by die Bantingmark.....	99
Tabel 11: Gebruik van <i>tannie</i> en <i>oom</i> deur kopers by die Bantingmark.....	100
Tabel 12: Antwoorde rakende kopers se gebruik van <i>tannie</i> en <i>oom</i> by die Boeremark	101
Tabel 13: Gebruik van <i>tannie</i> en <i>oom</i> deur kopers by die Boeremark	102
Tabel 14: Antwoorde op die vraag of kopers wat verkopers as <i>tannie</i> of <i>oom</i> aanspreek mekaar ken ...	103
Tabel 15: Antwoorde op die vraag of verkopers wat kopers as <i>tannie</i> of <i>oom</i> aanspreek mekaar ken ...	105
Tabel 16: Antwoorde op die vraag of die gebruik van <i>tannie</i> en <i>oom</i> die afgelope 30 jaar verander het.	106
Tabel 17: Verandering in die gebruik van <i>tannie</i> en <i>oom</i> die afgelope 30 jaar	106
Tabel 18: Biografiese besonderhede van waargenome verkopers	108
Tabel 19: Waargenome kopers se biografiese besonderhede en aanspreekvorme wat kopers by die Bantingmark teenoor verkopers gebruik het by beide markte.....	112
Tabel 20: Waargenome kopers se biografiese besonderhede en aanspreekvorme wat kopers by die Bantingmark teenoor verkopers gebruik het	114
Tabel 21: Waargenome kopers se biografiese besonderhede en aanspreekvorme wat kopers by die Boeremark teenoor verkopers gebruik het.....	116

FIGURE

Figuur 1: Ervin-Tripp (1973:226) se model vir die keuse van aanspreekvorme.....	52
Figuur 2: Gebruik van <i>tannie</i> en <i>oom</i> deur verkopers by beide markte	92
Figuur 3: Gebruik van <i>tannie</i> en <i>oom</i> deur verkopers by die Bantingmark.....	94
Figuur 4: Gebruik van <i>tannie</i> en <i>oom</i> deur verkopers by die Boeremark	96
Figuur 5: Gebruik van <i>tannie</i> en <i>oom</i> deur kopers by beide markte.....	98
Figuur 6: Gebruik van <i>tannie</i> en <i>oom</i> deur kopers by die Bantingmark.....	100
Figuur 7: Gebruik van <i>tannie</i> en <i>oom</i> deur kopers by die Boeremark	102
Figuur 8: Bekendheid as selekteerder by koper teenoor verkoper.....	104
Figuur 9: Bekendheid as selekteerder by verkoper teenoor koper.....	106
Figuur 10: Verandering in die gebruik van <i>tannie</i> en <i>oom</i> die afgelope 30 jaar	107
Figuur 11: Waargenome verkopers se ras	110
Figuur 12: Waargenome verkopers se geslag	110
Figuur 13: Aanspreekvorme van kopers teenoor verkopers by beide markte.....	113
Figuur 14: Aanspreekvorme van kopers teenoor verkopers by die Bantingmark.....	115
Figuur 15: Aanspreekvorme van kopers teenoor verkopers by die Boeremark.....	117
Figuur 16: Aanspreekvorme wat kopers teenoor verkopers gebruik het	117

1 AGTERGROND EN NAVORSINGSVRAE

1.1 INLEIDING

Die gebruik van *tannie* en *oom* is dikwels 'n kontroversiële onderwerp. Baie sprekers het 'n sterk voorkeur vir of afkeer van die gebruik van hierdie aanspreekvorme. Op 'n Facebook-blad met meer as 100 lede kom byvoorbeeld uiteenlopende menings na vore.

In sommige gevalle, byvoorbeeld waar ouers hulle kinders leer om ouer mense as *tannie* en *oom* aan te spreek, word die gebruik daarvan as 'n teken van respek verwag. In sulke situasies is dit soms verkieslik bo *meneer* en *mevrou*.

In ander situasies is *meneer* en *mevrou* meer toepaslik en word *tannie* en *oom* soms negatief ervaar of as ongeskik beskou. Die aanspreekvorme *dominee* en *juffrou* word byvoorbeeld gereeld vir predikante en onderwysers gebruik eerder as *oom* of *tannie*, selfs buite kerk- of skoolverband, en ook al is die spreker lankal uit die skool. Om as *tannie* of *oom* aangespreek te word, kan boonop as 'n belediging beskou word omdat dit insinueer dat die aangesprokene oud is.

Die gebruik van hierdie aanspreekvorme hang duidelik af van die verhouding tussen die betrokke spreker en aangesprokene en die situasie waarin hulle hul bevind. Die pragmatiese en sosiolinguistiese redes vir die gebruik al dan nie van hierdie aanspreekvorme verg verdere empiriese ondersoek. Met hierdie ondersoek is gepoog om die bogenoemde faktore binne 'n bepaalde konteks te ondersoek deur gebruik te maak van 'n voorafbepaalde groep sprekers en aangesprokenes.

1.2 PROBLEEMSTELLING EN RASIONAAL

Verskeie studies is al oor Afrikaanse aanspreekvorme gemaak. In die mees onlangse navorsing het Bosman en Otto (2015) 'n elektroniese vraelys gebruik vir 'n kwantitatiewe ondersoek na die aanspreekvorm *u*; hulle het nie op die aanspreekvorme *tannie* en *oom* gefokus nie. Vermaas (2005) het met behulp van 'n literatuurstudie, vraelys, onderhoude en waarnemings probeer vasstel tot watter mate Nederlandse aanspreekvorme vanaf die dertiende tot die twintigste eeu verander het. Vanweë die noue verwantskap tussen

Nederlands en Afrikaans is sy studie van belang wanneer Afrikaanse aanspreekvorme ondersoek word. Swanepoel (1989) het 'n teksstudie in plaas van 'n empiriese studie gebruik om slegs interetniese aanspreekvorme te bestudeer. Kotzé (1987) het die Afrikaans van die Maleiergemeenskap ondersoek met behulp van bandopnames wat 'n informant van onderhoude gemaak het, en Wybenga (1981) het hoofsaaklik wit sprekers in die Vanderbijlpark-omgewing se aanspreekvorme ondersoek deur gebruik te maak van waarneming en vraelyste. Odendal (1976) het 'n klein ondersoekgroepie bestaande uit slegs universiteitstudente gebruik. Hy lewer egter nie breedvoerig verslag oor die instrumente wat hy gebruik het nie.

Uit die bostaande is dit duidelik dat die bestaande navorsing, buiten vir Bosman en Otto (2015) s'n, verouderd en onvolledig is. In sommige gevalle ontbreek inligting oor die metodologie, en dit blyk dat die gebruik van *tannie* en *oom* nie behoorlik nagevors is nie. Nuwe navorsing is dus nodig om die hedendaagse gebruik van die aanspreekvorme *tannie* en *oom* in Afrikaans te dokumenteer. 'n Spesifieke metodologie moet gebruik en gedokumenteer word sodat soortgelyke studies in die toekoms uitgevoer kan word. Die metodologie wat vir hierdie navorsing gebruik is, is nie vantevore gebruik nie en dra daarom by tot die uitbreiding van die literatuur oor aanspreekvorme. Dit kan moontlik ook dien as 'n templaar vir toekomstige navorsing.

Die nut van navorsing oor aanspreekvorme val uiteindelik saam met die doel van hierdie ondersoek, soos geparafraseer uit Kotzé (1987:50): Die maatskaplike verhoudings in 'n gemeenskap, sowel as die sosiale identiteit van die individuele sprekers, word geopenbaar wanneer inligting oor aanspreekvorme wetenskaplik versamel en objektief gekwantifiseer word. Navorsing oor aanspreekvorme sal lei tot "die formalisering van 'n belangrike komponent van kommunikatiewe vaardigheid" in Afrikaans en die Afrikaanse spraakgemeenskap (Kotzé 1987:50).

In hierdie studie is die aanspreekvorme *tannie* en *oom* deur middel van 'n gemengde metode ('n mengsel van kwantitatiewe en kwalitatiewe navorsing) bestudeer deur gebruik te maak van sistematiese waarneming sowel as semigestruktureerde onderhoude. Die navorsingsplek was twee markte in Pretoria (die Bantingmark en die Boeremark) en die navorsingsgroep was verkoopsmense, klante en potensiële klante by die markte. Die veranderlikes wat in ag geneem is, is geslag, ras, bekendheid,

situasie en ouderdom. In Hoofstuk 3 word meer inligting oor die navorsingsmetode gegee.

1.3 NAVORSINGSVRAE

Die studie poog om die volgende twee hoofvrae te beantwoord:

- Word *tannie* en *oom* (nog) deur sprekers in die Pretoria-omgewing gebruik?
- Wat is hulle persepsies (waarnemings) van en houdings teenoor hierdie aanspreekvorme?

Die hoofvrae is in die volgende subvrae verdeel:

1. Word sprekers in die navorsingsgroep as *tannie* en *oom* aangespreek?
2. Gebruik sprekers in die navorsingsgroep *tannie* en *oom*?
3. Dink sprekers in die navorsingsgroep *tannie* en *oom* word (nog) in hulle spraakgemeenskap gebruik?
4. Dink sprekers in die navorsingsgroep *tannie* en *oom* behoort (nog) in die samelewing gebruik te word?

Om die navorsingsvrae te beantwoord, is die volgende aspekte by die data-ontleding in ag geneem: ouderdomsverskil, geslag, ras, verhouding tussen die sprekers, en die situasie waarin die betrokke aanspreekvorm gebruik word al dan nie.

1.4 NAVORSINGSONTWERP

Soos genoem, is gebruik gemaak van sistematiese waarneming sowel as semigestruktureerde onderhoude. 'n Semigestruktureerde onderhoud is 'n gestandaardiseerde onderhoud waarin voorafbepaalde vrae opgevolg word met vrae wat individueel aangepas is om verdere inligting te kry vanaf die persoon wat ondervra word (Leedy & Ormrod 2005:160). Semigestruktureerde onderhoude kan beskou word as waarnemende, kwalitatiewe, beskrywende navorsing (Leedy & Ormrod 2005:154).

Vir die sistematiese waarneming is gebruik gemaak van 'n voorafbepaalde prosedure. Die waarnemings is gekwantifiseer in terme van die sprekers en aangesprokenes se biografiese besonderhede asook die aanspreekvorme wat waargeneem is (Leedy & Ormrod 2005:280). Aangesien beide gekwantifiseerde waarnemings en subjektiewe onderhoude met vryantwoordvrae gebruik is (Otto 2014:318-319), kan die

navorsingsmetode beskou word as 'n vermenging van die kwantitatiewe en kwalitatiewe metodes. Kyk Hoofstuk 3 vir verdere besonderhede oor kwantitatiewe, kwalitatiewe en gemengde navorsingsmetodes.

1.5 SLEUTELBEGRIPPE

Aangesprokene

Die aangesprokene is die persoon teenoor wie die aanspreekvorm gebruik word. Kenmerke van die aangesprokene wat belangrik geag is, is ouderdom, geslag, ras, taal, beroep, of die spreker en aangesprokene mekaar ken en gesag (Wybenga 1981:23). Brown en Levinson (1994:15) verwys na die aangesprokene as *H* (hoorder).

Aansien (*Face*)

'n Mens se *face* verwys na jou aansien of eiewaarde. Om iemand se aansien of eiewaarde te beskerm, word beleefdheidsvorme gebruik (Brown & Levinson 1994). Wanneer 'n mens se aansien (*face*) deur 'n aansienbedreigende daad (*face threatening act* of FTA) bedreig word, is beleefdheid juis ter sake.

Aansienbedreigende daad (FTA)

Kyk *Face*. 'n FTA is 'n verbale of nieverbale aksie wat die aangesprokene se aansien bedreig.

Aanspreekvorm

Kyk *Vokatief*.

Bespreekvorm

'n Taalbousel wat koreferensieel gebruik word, is nie 'n vokatief (aanspreekvorm) nie, maar eerder 'n bespreekvorm (Combrink 1987:15). In hierdie studie is die gebruik van vokatiewe én bespreekvorme ondersoek.

Eerste aanspraak

Dit is die eerste gespreksinteraksie tussen spreker en aangesprokene. Waar 'n aanspreekvorm by die eerste aanspraak gebruik word, "is die belangrikste funksie van die eerste aanspraak [...] dat dit gebruik word om die sosiale afstand tussen die spreker en die aangesprokene uit te druk" (Wybenga 1981:166).

Geleentheid

“Onder geleentheid word sulke sake soos vergaderings, ontmoetings, afsprake ensovoorts verstaan.” (Wybenga 1981:24) Dit is belangrik om die geleentheid van die betrokke ondersoek te omskryf, naamlik dié van ’n mark. Indien dieselfde sprekers op dieselfde plek was maar die geleentheid het verskil, sou die gesprekke en gekose aanspreekvorme heel waarskynlik verskil het.

Gesag

Kyk *Mag* en *Status*. Terwyl *mag* een persoon se vermoë is om ’n verandering in ’n ander persoon teweeg te bring is, is *gesag* “die wettige uitoefening van mag” (Joubert & Steyn 1972:217).

Interaksiefunksie

Dit is die doel of rede vir die gesprek of kommunikatiewe interaksie (Ervin-Tripp 1973:242).

Koper

Die koper is iemand wat ware koop of die potensiaal het om ware te koop by die stalletjie wat waargeneem word. Die koper tree as spreker op tydens die gestruktureerde waarneming.

Mag

Een persoon het mag oor ’n ander indien hy/sy op een of ander manier daartoe in staat is om die ander se dade/optrede te beheer. Mag kan ook beskou word as iemand se vermoë om iemand anders met sy/haar optrede te laat verander (Cartwright & Zander 1968:216). Mag is ’n verhouding tussen ten minste twee mense. Aangesien albei nie in dieselfde gebied met mag kan optree nie, is mag *niewedersyds* en die verhouding is dus ongebalanseerd. Binne die *niewedersydse* magsemantiek gebruik die meerdermens *T* en die mindermens *V* (Brown & Gilman 1960:256). Kyk ook *Gesag*, *Meerdermens*, *Mindermens* en *Status*. Brown en Levinson (1994:15) verwys na die relatiewe mag tussen die spreker en aangesprokene as *P* (*power*).

Meerdermens

Kyk *Mag* en *Status*. Die *meerdermens* is die persoon met die meeste mag in die verhouding.

Mindermens

Kyk *Mag* en *Status*. Die *mindermens* is die persoon met die minste mag in die verhouding.

Niewedersydse magsemantiek

Kyk *Gesag*, *Mag*, *Meerdermens*, *Mindermens*, *Status*, *T-vorm* en *V-vorm*. Binne die niewedersydse magsemantiek gebruik die meerdermens die *T-vorm* en die mindermens die *V-vorm* (Brown & Gilman 1960:256). Brown en Levinson (1994:15) verwys na die relatiewe mag tussen die spreker en aangesprokene as *P* (*power*).

Norm

Die norm vir taalgebruik is die standaardvorm, “said to be observed by the speech community” (Pinchuck 1974:17). Dit is die vorm van die taal wat altyd deur die taalgemeenskap as korrek aanvaar word. Dit is die “standaard vir korrekte taalgebruik, hoewel dit nie noodwendig met die werklike gebruik van taal ooreenstem nie” (Wybenga 1981:27).

Pinchuck (1974:17) beskryf die standaardtaal as die vorm wat die spraakgemeenskap “consider to be their convention of language use, and what is prescribed in schools, recorded in official grammar books and dictionaries”. Die norm, as die ideale vorm, kan ooreenstem met die prestigevorm van ’n taal, met ander woorde die vorm wat deur die toonaangewendes in die gemeenskap gebruik word (Wybenga 1981:27). Hierdie prestigevorm word ook die “aristokratiese standaard” genoem (Boshoff 1956:33).

Onderwerp

Die onderwerp het te make met die kognitiewe inhoud van die gesprek. Dit beïnvloed heel moontlik die gekose aanspreekvorm of dit kan statusverandering tot gevolg hê, wat weer kan lei tot ’n verandering in die aanspreekvorm (Ervin-Tripp 1973:241 en Wybenga 1981:26).

Plek

Dit is die plek waar die gesprek plaasvind (Wybenga 1981:24).

Pragmatiek

Pragmatiek is “’n studie van taal in gebruik, dit wil sê ’n studie waarin die uiting funksioneer” (Olivier & Van Niekerk 2014:275). Kyk Hoofstuk 2 vir ’n uitgebreide beskrywing van die veld van die pragmatiek.

R-vorm

Dit is ’n herhaling (*repeat*) van die aanspreekvorm wat in die eerste aanspraak gebruik is (Wybenga 1981).

Situasie

Dit verwys na die situasie waarin sprekers hulle bevind. “Plek, geleentheid en atmosfeer is almal eie aan situasie [...] Die situasie sal in ’n hoë mate bepaal watter van die persoon se sosiale rolle [kyk *Status* en *Mag*] geaktiveer word” (Wybenga 1981:15). Die situasie waarin hierdie navorsing gedoen is, is dié van gemeenskapsmarkte.

Sosiale afstand

Met *sosiale afstand* word verwys na die “sosiale afstand wat tussen lede van ’n groep bestaan” (Wybenga 1981:14). Die gespreksonderwerp beïnvloed die sosiale afstand. ’n Lighartige onderwerp verklein die sosiale afstand, en ’n formele onderwerp vergroot die sosiale afstand (Wybenga 1981:15). Die sosiale afstand tussen sprekers is nou verwant aan die statusverskille tussen daardie sprekers (kyk *Status* en *Mag*). Sosiale afstand word deur Brown en Levinson (1994:15) *D (distance)* genoem.

Sosiale veranderlike

In die sosiolinguistiek word daar gesoek na bepaalde talige patrone wat gekoppel kan word aan sosiale veranderlikes (vergelyk onder andere Du Plessis (1983: 45) en Chambers en Trudgill (1984: 149). Tipiese sosiale veranderlikes is ouderdom, geslag, beroep, inkomste, lewensfeer, woonplek en ras.

Sosiolinguistiek

Sosiolinguistiek is die “studie van taal in sosiale konteks” (Otto 2014:311), waar “identiteit, styl en beleefdheid, persepsies en taalhoudings, veeltaligheid en taalkontak,

variasie en verandering, sosiale klasse, netwerke en gemeenskapspraktyk en geslag” verder betrek word (Meyerhoff & Schleef 2010).

Sosiolinguistiek stem ooreen met tradisionele linguistiek se soeke na die reëls wat onderliggend is aan die taalsisteem. Sosiolinguistiese metodologie verskil egter radikaal van tradisionele linguistiek se metodologie, aangesien alle waarnemings en gevolgtrekkings sosiaal verantwoord word. Die sosiologiese funksie van ’n taal moet gebruik word om met ’n taalteorie vorendag te kom (Wybenga 1981:18 en Hymes 1974). Kyk Hoofstuk 2 vir ’n vollediger uiteensetting van die veld van die sosiolinguistiek.

Spraak

Spraak kan gesien word as verbale interaksie (kommunikasie wat van aangesig tot aangesig plaasvind) in ’n fisiese omgewing (’n spesifieke spraakkonteks) wat bemoei is met ’n spesifieke onderwerp en omgewing (intensies en houdings) en wat afhanklik is van die gespreksgenote se sosiale kenmerke (posisie en rol in die produksieproses) (Ervin-Tripp 1973:240).

Spreker

Die spreker is die persoon wat die aanspreekvorm gebruik. Kenmerke van die spreker wat belangrik geag is, is dieselfde as vir die aangesprokene, naamlik ouderdom, geslag, ras, taal, beroep, of die spreker en aangesprokene mekaar ken en gesag (Wybenga 1981:23). Brown en Levinson (1994:15) verwys na die spreker as S.

Status

Status verwys na ’n posisionele rang (Rhodie 1977:30) sowel as klas-status (status binne ’n sosiale groep (Wybenga 1981:16)), ouderdom-status, lede-status, ensovoorts, wat niks met rang te doen het nie (Bierstedt 1957:251). Wybenga (1981:13) beskryf status as die “maatskaplike posisie in die breë gesien, of dit met rang te make het al dan nie”. In navorsing oor die aanspreekvorm is dit van kardinale belang om vas te stel watter invloed status op die keuse van die aanspreekvorm het.

Statusposisies kan in terme van sosiale rolle uitgedruk word (Rhodie 1977:32). ’n Individue se status op ’n gegewe oomblik in ’n bepaalde konteks bepaal die keuse van ’n aanspreekvorm (Wybenga 1981:14). In hierdie verhandeling is die sosiale rolle wat ter

sake is dié van koper en verkoper. Die koper word as die meerdermens beskou en die verkoper as die mindermens.

Taal

“n Sosiale middel: dit het betrekking op die uitings wat gebruik word wanneer mense binne bepaalde taalgebruikssituasies [...] met mekaar kommunikeer” (Olivier & Van Niekerk 2014:275).

Toneel (Scene)

Die toneel kan dieselfde wees as die plek, maar ’n verskil in atmosfeer kan taaluitinge beïnvloed, byvoorbeeld indien daar sterk emosies aanwesig is (Wybenga 1981:24).

T-vorm

Dit is die informele, vertroulike of familiêre aanspreekvorm (Brown en Gilman 1960). Kyk Hoofstuk 2 vir ’n volledige omskrywing. In hierdie verhandeling word die aanspreek- of bespreekvorm *jy/jou* en om die persoon op sy/haar naam te noem as deel van die T-vorm beskou.

V-vorm

Dit is die hoflike aanspreekvorm wat sosiale afstand suggereer (Brown & Gilman 1960). Kyk Hoofstuk 2 vir ’n volledige omskrywing. In hierdie verhandeling word die volgende aanspreek- of bespreekvorme as deel van die V-vorm beskou: *u, meneer/mevrouw, oom/tannie, juffrou, dame, dominee* en ander ampsaanduidende aanspreek- of bespreekvorme soos *dokter*.

Verkoper

Die verkoper is die persoon aan wie die waargenome stalletjie behoort en/of die persoon wat ware by daardie stalletjie verkoop. Hierdie persoon tree as aangesprokene op tydens gestruktureerde waarneming. Onderhoude is met verkopers gevoer.

Vokatief

Die vokatief kan beskryf word as “n taalbousel wat gebruik word om tweedepersoonsnoemend met een of meer lewende wesens te praat” (Combrink 1987:15). Ponelis (1979:35) gee ’n funksionele omskrywing van die twee hoof funksies van die vokatief: “om die aandag van die aangesprokene te kry” en “om die verhouding

tussen die gespreksgenote te struktureer". Volgens Wybenga (1981:28) is "alle middele wat hierdie twee funksies uitdruk [...] aanspreekvorme".

Die *casus oblique*, wat Wybenga (1981:28) die *R-vorm* noem, is waar die aanspreek-/bespreekvorm op een van die volgende maniere gebruik word:

- "Aanspreekvorm [...] aanspreekvorm", byvoorbeeld: "Oom, kan ek oom help?"
- "[...] aanspreekvorm [...]", byvoorbeeld "Kan ek oom help?" (Wybenga 1981:28-29, 32).

Wybenga (1981:29) sluit in sy ondersoek ook "nie-outentieke" aanspreekvorme in, soos byvoorbeeld die woord *haai*. *Haai* voldoen aan die twee funksies van die vokatief wat deur Ponelis (1979) beskryf is, maar "het nie in alle opsigte dieselfde paradigma as die outentieke aanspreekvorm nie" (Wybenga 1981:29).

Haai as nie-outentieke aanspreekvorm is in die volgende voorbeelde te sien (Wybenga 1981:29):

"Haai, kom hier!" teenoor "Jan, kom hier!" en "Meneer, kom hier!"

"Haai, sien jy hom nie?" teenoor "Meneer, sien jy hom nie?"

Haai kan egter nie in ander dele van die uiting gebruik word nie en is ook nie 'n naamwoord nie:

"Kom hier, meneer!" teenoor "Kom hier, haai!"

"Sien meneer die kar?" teenoor "Sien haai die kar?"

In Wybenga (1981) se ondersoek is slegs outentieke aanspreekvorme nagevors. Geen uitroepe soos *haai* is opgeteken nie. Daar is ook net op voornaamwoorde gefokus en nie op eiename nie.

Waarnemersparadoks

Die waarnemersparadoks, of "observer's paradox" (Labov 1972:209), is 'n baie belangrike begrip in enige sosiolinguistiese ondersoek en 'n "bekende probleem in sosiologiese ondersoeke" (Wybenga 1981:27). Labov (1972:209) beskryf dit soos volg: "The aim of linguistic research in the community must be to find out how people talk when they are not being observed; yet we can only obtain these data by systematic observation."

Die probleem is dus dat natuurlike spraak slegs waargeneem kan word as die mense wat ondersoek word nie weet hulle word ondersoek nie, maar dit is baie moeilik om mense waar te neem sonder dat hulle dit agterkom. Hierdie probleem word verder gekompliseer deur etiese kwessies. Vir hierdie ondersoek moes ingeligte toestemming byvoorbeeld eers skriftelik sowel as per bandopname verkry word (kyk Hoofstuk 3). Die bandopnames het verkopers ongemaklik gemaak, en kopers het opgelet dat die navorser teenwoordig was (kyk Hoofstuk 6).

1.6 VERHANDELINGSTRUKTUUR

In Hoofstuk 2 word die betrokke navorsing eers binne die teoretiese agtergrond van die sosiolinguistiek en pragmatiek geplaas. Daarna word die geskiedenis van aanspreekvorme en reeds bestaande navorsing oor aanspreekvorme bespreek.

In Hoofstuk 3 word die metodologie van hierdie verhandeling verduidelik en beskryf.

In Hoofstuk 4 word die data wat met die veldnavorsing ingesamel is geanaliseer en met behulp van tabelle, grafieke en narratiewe beskrywings voorgelê.

In Hoofstuk 5 word die data vanuit sowel 'n sosiolinguistiese as 'n pragmatiese agtergrond geïnterpreteer en die navorsingsvrae word beantwoord.

Laastens word in Hoofstuk 6 tot 'n gevolgtrekking gekom op grond van die interpretasie van die ingesamelde data. Beperkings van die navorsing word beskryf en voorstelle vir verdere studie word aan die hand gedoen.

2 TEORETIESE AGTERGROND EN LITERATUUR-OORSIG

In hierdie hoofstuk word aandag geskenk aan die teoretiese agtergrond wat die ondersoek gestuur het. Ten eerste word 'n sentrale begrip, naamlik *aanspreekvorm*, bespreek en 'n tipologiese uiteensetting aan die hand van voorbeelde gegee.

Daarna word die sosiolinguistiek as ondersoekveld bespreek en besondere aandag word gegee aan nog 'n sentrale begrip, naamlik die sosiale veranderlike.

Omdat dit bekend is uit vorige ondersoeke dat hoflikheid en respek asook 'n faktor soos bekendheid soms deurslaggewend is in die keuse van 'n aanspreekvorm, word die pragmatiek – 'n vakgebied wat saam met sosiolinguistiek betrek word by die studie van aanspreekvorme – vervolgens bespreek.

Die hoofstuk sluit af met 'n oorsig oor seminale internasionale werke oor aanspreekvorme asook met 'n bestekopname oor wat reeds gedoen is in Afrikaans.

2.1 DIE AANSPREEKVORM AS VERSKYNSEL

Fasold (1990:1) definieer die aanspreekvorm eenvoudig as “the words speakers use to designate the person they are talking to while they are talking to them. In most languages, there are two main kinds of address forms: names and second person pronouns,” terwyl Friedrich (1972:298) verduidelik dat die formele en informele voornaamwoorde in Russies “signal [...] the relative position of each pole in hundreds of dyadic relationships.”

Die verskynsel van die Afrikaanse aanspreekvorm is egter nie so eenvoudig nie. Soos wat Wybenga (1981:1) dit tereg stel: “Meer as net die voornaamwoorde is nodig om die relatiewe status en verhouding van deelnemers aan 'n gesprek uit te druk.”

Bosman en Otto (2015:362-365) stel, met betrekking tot die aanspreekvorm, 'n taksonomie van terme voor: die direkte aanspreekvorm (vokatief of eerste aanspraak), die indirekte aanspreekvorm (die tweede aanspraak), die vermysdingsvorm (*casus oblique*), die herhalingsvorm (die sydelingse aanspreekvorm) en voornaamwoorde (*u, jy, ons, hy, hulle* ensovoorts) (Kyk ook 1.5).

Soos wat Bosman en Otto (2015) aantoon, is daar in die verlede al aandag gegee aan die historiese ontwikkeling van Afrikaanse aanspreekvorme, spesifiek die voornaamwoorde (vergelyk afdelings 2.10.3 en 2.10.7). Odendal (1976), Wybenga (1981) en Kotzé (1983) gebruik 'n sosiolinguistiese raamwerk vir hulle ondersoek en Van Niekerk en Olivier (2014) kyk vanuit 'n pragmatiese perspektief na 'n aantal tipies Afrikaanse gebruike. Hierdie ondersoek steun op sowel die pragmatiek as die sosiolinguistiek as gekose teoretiese velde om die metodologie en interpretasie van die data te rig. Veral die begrip *sosiale veranderlike* was belangrik (vergelyk afdeling 2.2.3).

Die volgende afdelings ondersoek eerstens die sosiale konteks, soos wat dit ter sprake kom in die veld van die sosiolinguistiek, en tweedens die pragmatiek – oftewel taal-in-gebruik – om die teoretiese agtergrond te skets. Daarna, vanaf afdeling 10, word 'n oorsig aangebied oor stand van sake wat Afrikaanse navorsing oor aanspreekvorme betref.

2.2 AANSPREEKVORME, SOSIOLINGUISTIEK EN PRAGMATIEK

Sosiale faktore bepaal die norme en voorskrifte vir gepaste taalgebruik. Die gebruik van aanspreekvorme is nie 'n uitsondering nie. Om te verstaan waar die gebruik van *oom* en *tannie* vandaan kom, moet ons verstaan hoe die samelewing ons taalgebruik beïnvloed.

Aanspreekvorme het te make met hoflikheid en beleefdheid. Kultureel bepaalde hoflikheids- en beleefdheidsvoorskrifte word reeds in die vormingsjare tydens die taalaanleerproses vasgelê. Aanspreekvorme kan dus binne die pragmatiek bestudeer word, aangesien taalaanleer, beleefdheid en hoflikheid binne die veld van pragmatiek ter sprake kom.

Die keuse van aanspreekvorme word verder bepaal deur die talige voorskrifte vir die aanduiding van mag en solidariteit. Die mag- en solidariteitsdinamiek verskil van groep tot groep. Aangesien mag, solidariteit en die sosiale konteks van taaluitings binne die sosiolinguistiek bestudeer word, val aanspreekvorme ook binne die veld van sosiolinguistiek.

In hierdie verhandeling word dan eers na die velde van beide sosiolinguistiek en pragmatiek gekyk, en daarna na die taalhistoriese ontwikkeling van die voornaamwoord en navorsing wat reeds oor aanspreekvorme in die algemeen en Afrikaanse

aanspreekvorme in die besonder gedoen is. Bestaande navorsing val hoofsaaklik binne die veld van sosiolinguistiek (Wynbenga 1981, Kotzé 1987, Bosman & Otto 2015 ensovoorts), maar die navorsing in hierdie verhandeling betrek beide die sosiolinguistiek en die pragmatiek.

Die keuse van die sosiolinguistiek as teoretiese raamwerk is onder andere gekies na aanleiding van vorige studies oor aanspreekvorme (Wynbenga 1981, Odendal 1976, Bosman & Otto 2015 en andere). Verder is die vasgestelde metodologie wat algemeen gebruik word in die sosiolinguistiek gesien as van toepassing op die metodologie van hierdie verhandeling (vergelyk Wynbenga 1981 en Odendal 1976).

Volgens empiriese navorsing wat as deel van hierdie verhandeling aangepak is en in hoofstuk 4 tot 6 bespreek word, is dit 'n algemene mening dat die gebruik van aanspreekvorme bepaal word deur "hoe 'n mens grootgemaak is". Soos reeds genoem, is hoflikheids- en beleefdheidsvoorskrifte baie belangrik en word dit reeds in die vormingsjare vasgelê.

In hierdie verhandeling, anders as in vorige navorsing, word die rol van pragmatiese beginsels in die spraakpatroon van sprekers en aangesprokenes asook die ontwikkeling van hoflikheids- en beleefdheidsvoorskrifte in die verskillende fases van die taalaanleerproses daarom ook ondersoek. Deur die pragmatiek te gebruik as 'n teoretiese raamwerk, kan ons beter verstaan hoekom mense beleefdheidsvorme soos *tannie* en *oom* gebruik. Die sosiolinguistiek as vakgebied word vervolgens bespreek.

2.3 SOSIOLINGUISTIEK: TEORIE EN TOEPASSING

Dit is nodig om die veld van sosiolinguistiek beter te verstaan sodat die metodologie en sienswyse wat toegepas word in hierdie studie begryp kan word. Sosiolinguistiek is reeds oor verskeie jare gevestig as dissipline wat fokus op die bestudering van die taalstruktuur en -gebruik in sosiale en kulturele konteks. 'n Groot aantal publikasies van verskeie dissiplines het bygedra tot die ontwikkeling van die onderwerp. Navorsingsvelde wat aanleiding gegee het tot die ontwikkeling van die sosiolinguistiek sluit linguistiek, antropologie, sosiologie, psigologie en opvoedkunde in (Pride & Holmes 1972:8).

Sosiolinguistiese studies het te make met die verhouding tussen die samelewing en taal (Bright 1964:11). Sosiolinguistiek stel egter nie net in die sosiale aspek van taal belang nie, maar ook in hoe sosiale aspekte die volledigheid van taalstudies verseker, aangesien studies wat na taal in isolasie kyk, nie die taal as 'n geheel kan beskryf nie (Wybenga 1981:22).

Aangesien “die mens 'n sosiale wese is, sal hierdie sosiale gebondenheid in sy taal vergestalt word. Met behulp van sy taal vergestalt die individu sy omwêreld en deel dit met ander mee” (Wybenga 1981:19). Mense se vergestaltung van die wêreld om hulle word beïnvloed deur die mense tussen wie hulle verkeer en die tyd en ruimte waarin hulle hul bevind. Hierdie faktore word ook uitgedruk in mense se taalgebruik (Wybenga 1981:19). Taal is met ander woorde 'n produk van die mens as 'n sosiale wese wat aan 'n sekere ruimte en tyd verbonde is (Wybenga 1981:19). Wybenga (1981:21) vra tereg: “Hoe kan 'n taalverandering ondersoek word as daar nie kennis geneem word van die faktore wat 'n sodanige verandering teweegbring nie?” Dit is dus duidelik dat taalverandering slegs ondersoek kan word indien die samelewing waarin die verandering plaasvind ook ondersoek word.

2.3.1 Taal en die samelewing

Enige bespreking van die verhouding tussen taal en die samelewing moet begin met 'n definisie van dié twee terme. 'n *Samelewing* kan beskou word as 'n groep mense wat vir 'n bepaalde doel bymekaar is. Daar is sosiale veranderlikes wat op 'n samelewing betrekking het, soos onder andere ouderdom, beroep, geslag en ras of etnisiteit. *Taal* is dit wat deur lede van die groep gepraat word. 'n Samelewing kan soms ook veeltalig wees (Wardaugh 2006:1).

Chomsky onderskei tussen taalbeheersing (*competence*) en taalgebruik (*performance*). Volgens hom is dit die linguïstiese taak om vas te stel wat sprekers van hulle taal weet eerder as wat hulle daarmee doen; taalbeheersing moet met ander woorde ondersoek word eerder as taalgebruik (Wardaugh 2006:2).

Om 'n taal te ken, sluit in om te weet hoe om dit te gebruik. Sprekers weet nie net hoe om sinne te vorm nie, maar ook hoe om die sinne reg te gebruik binne die konteks waarin hulle hul bevind. Hier is 'n ander soort kennis ter sprake as dié waarna Chomsky

verwys, naamlik kommunikatiewe vermoë. Dit is die sosiale aspek van kommunikatiewe vermoë wat binne die sosiolinguistiek bestudeer word (Wardaugh 2006:3).

In die verlede het literatuurstudies oor tale meestal gehandel oor die geskiedenis van 'n spesifieke taal, of oor die betrokke taal se streeks- en sosiale verspreiding, of oor die verband tussen die taal en voorwerpe, idees, gebeure en werklike sprekers in die "regte" wêreld (Wardaugh 2006:9-10).

Hoewel taal uit linguistiese items soos klanke, woorde en grammatiese strukture bestaan, is kennis van faktore soos identiteit, mag, klas, status, solidariteit, akkommodasie, aansien (*face*), gender en hoflikheid noodsaaklik om taal te verstaan en moet dus deel vorm van taalondersoeke. Sosiolinguistiese studies poog om bogenoemde faktore met linguistiese items te versoen en sodoende meer te leer oor albei aspekte (Wardaugh 2006:10).

Taal en die samelewing is altyd aan die verander. Verskeie moontlike verwantskappe tussen taal en die samelewing bestaan. Een moontlikheid is dat sosiale strukture taalstrukture en -gedrag beïnvloed of selfs bepaal. Sekere maniere van praat, woordkeuses en selfs reëls vir gesprekvoering word byvoorbeeld deur sekere sosiale vereistes bepaal (Wardaugh 2006:10).

'n Ander moontlikheid is dat taalstrukture en -gedrag die sosiale struktuur beïnvloed of bepaal. Hierdie teorie word volgens Wardaugh (2006:10) deur Whorf en Bernstein ondersteun.

'n Derde moontlikheid is dat taal en die samelewing mekaar beïnvloed. Volgens Dittmar (1976:238) se Marxistiese teorie is "speech behaviour and social behaviour [...] in a state of constant interaction".

'n Vierde moontlikheid is Chomsky se mening dat daar geen verhouding tussen taal en die samelewing is nie, óf dat daar moontlik 'n verhouding kan bestaan, maar dat enige poging om dit te beskryf voortydig is, aangesien ons te min weet van dié twee aspekte (Wardaugh 2006:10-11).

Akademici huldig verskillende menings oor die aard van die sosiolinguistiek. Gumperz (1971) beskou dit as 'n poging om die korrelasie tussen sosiale strukture en linguistiese strukture te bepaal, asook watter veranderinge in dié verband plaasvind. Chambers (2002) beskryf sosiolinguistiek as 'n studie van die sosiale gebruik van taal en beweer die produktiefste sosiolinguistiese studies bestaan uit die sosiale evaluasie van linguistiese veranderlikes.

Horvath (1998) meen sosiolinguiste moet aspekte van sosiologie gebruik wat op 'n bepaalde studie van toepassing is. Hy beweer sosiolinguiste soos hy vind sosiale netwerke in die linguistiese "marketplace" – die plek ('n simboliese mark) waar linguistiese uitruiling plaasvind. Op dié mark word "linguistic capital" uitgeruil tussen verskillende tale en kulture wat verskillende waardes heg aan die linguistiese kapitaal (Bourdieu 1977).

Wardaugh (2006:11) kritiseer Horvath (1998) en Bourdieu (1977) se standpunte. Volgens hom moet enige waardevolle sosiolinguistiese studie meer wees as slegs 'n mengsel van sosiologie en linguistiek. Hymes (1974) is ook van mening dat enige meganiese amalgamasie van linguistiek en sosiologie onvoldoende sal wees om die verhouding tussen taal en die samelewing te verklaar. Aansluitingspunte moet eerder tussen taal en die samelewing gevind word, en dit moet dan in verband gebring word met teorieë oor hoe linguistiese en sosiale strukture op mekaar reageer.

Volgens Holmes (1992) is die doel van die sosiolinguistiek om 'n teorie te ontwikkel oor die manier waarop taal in 'n spraakgemeenskap gebruik word en die keuses wat mense maak wanneer hulle taal gebruik. Ons moet byvoorbeeld soek na die oorsake van variasie in 'n taal.

Chambers (2003:226) beskryf die sentrale vrae in die sosiolinguistiek soos volg: "Upon observing variability, we seek its social correlates. What is the purpose of variation? How is it evaluated in the community? What do its variants symbolise?" Volgens hom kan sosiolinguistiek beskou word as die studie van taalvariasie en wat dit ons kan vertel van sprekers se kennis van hulle taal en selfs van hulle onderbewuste kennis van subtiele linguistiese verskille.

Cameron (1997:62) ondersoek linguistiese norme. Veral die produksie en reproduksie van linguistiese norme deur “institutions and socialising practices; how these norms are apprehended, accepted, resisted and subverted by individual actors and what their relationship is to construction of identity”. Milroy (2001) ondersoek weer die proses van standaardisering en verandering.

Volgens Wardaugh (2006:12) is een ding egter duidelik wanneer die teorieë van die verskillende akademië belyk word: ongeag hoe sosiolinguistiek gedefinieer word, handel dit uiteindelik oor vroeë rakende die verhouding tussen taal en die samelewing.

Trudgill (1978 en 1995) waarsku egter dat sosiolinguistiek nie álles insluit wat met taal en die samelewing te doen het nie, selfs al stem almal saam dat dit oor taal en die samelewing handel. Onderskeid moet getref word tussen *taal en die samelewing* en *sosiolinguistiek*, en dus ook tussen *die sosiologie van taal* en *sosiolinguistiek*. Die doel van die sosiolinguistiek is om meer te leer oor taal, en om onderwerpe soos die meganismes van taalverandering, die aard van linguistiese variasie en die struktuur van die linguistiese sisteem te ondersoek.

Volgens Trudgill (1978 en 1995) behels ware sosiolinguistiek dat alle werk in hierdie verband moet poog om linguistiese teorieë te verbeter, en om ons te help om die aard van taal beter te verstaan. Chambers (2002 en 2003) en Downes (1998) stem saam met hierdie evaluasie. Volgens hulle is sosiolinguistiek daardie tak van linguistiek wat na sosiale en kontekstuele faktore verwys. Sosiolinguistiese navorsing kan dus beskryf word as navorsing wat taal binne die sosiale konteks bestudeer in 'n poging om 'n beter begrip te kry van die aard van menslike taal. Sodoende word gepoog om die verhouding en interaksie tussen taal en die samelewing beter te verstaan (Wardaugh 2006:14-15).

As deel van die studie van die interaksie tussen taal en die samelewing word die rol van die sosiale groep vervolgens van nader belyk.

2.3.2 Die sosiale groep

Sonder kommunikasie is sosiale organisasie onmoontlik. Iemand wat nie met die ander lede van 'n sosiale groep praat nie, word outomaties van die res van die groep geïsoleer (Miller 1963:249). Die kommunikasiepatroon tussen die lede van 'n groep is kompleks,

en begrip daarvan is noodsaaklik om die sosiale struktuur van die groep te verstaan (Miller 1963:249).

Die definisie van sekere terme wat na die lede van 'n sosiale groep verwys, stem tot 'n mate ooreen met die definisie van 'n samelewing in paragraaf 2.3 (dat 'n samelewing beskou kan word as 'n groep mense wat vir 'n bepaalde doel bymekaar is). 'n *Sosiale groep* is twee of meer mense met een of ander sosiale verwantskap, wat enige interpersoonlike verhouding kan wees. Die belangrikste voorvereiste vir verwantskappe is *praat met* en *kommunikeer met* (Miller 1963:249) waardeur 'n kommunikasienetwerk gevorm word (Miller 1963:250).

Verwantskappe in 'n groep word onder andere deur die volgende aangetoon: *is 'n vriend van, gee 'n bevel aan, verskil van en betaal geld aan*. (Laasgenoemde is belangrik vir die doel van hierdie verhandeling.) Enige van hierdie verwantskappe kan 'n belangrike rol speel in die groep se funksies (Miller 1963:249-250).

Kommunikatiewe verwantskap is ook van belang. Ons is nie geïnteresseerd in wie met wie kán praat nie, maar eerder in wie wél met wie praat (Miller 1963:250). Daar word onderskei tussen primêre en sekondêre inligting. *Primêre inligting* is die boodskap wat die lede van die sosiale groep probeer sirkuleer. *Sekondêre inligting* is inligting aangaande wie wat weet van wat, wie wat weet van wie, en die kennis van watter inligtingspatrone op 'n bepaalde tydstip teenwoordig is (Miller 1963:252).

Die primêre inligting, of die boodskap wat die groep probeer kommunikeer, het min te make met hoe die groep werk. Die sekondêre inligting word deur die struktuur van die kommunikasienetwerk (verwantskappe) bepaal en kan 'n sterk invloed hê op die gedrag van die lede van die sosiale groep. Die spreker bekom byvoorbeeld sekondêre inligting uit die aangesprokene se reaksie (of antwoord) (Miller 1963:252). Die mate van sukses waarmee 'n individu sy boodskap oordra, hang van sy kommunikatiewe vermoë (Chomsky se *competence*) af.

2.3.3 Die sosiale veranderlike

In die bestudering van die verhouding tussen taal en die samelewing maak ons gebruik van sekere veranderlikes om die betrokke samelewing te beskryf. Kenmerke van die

samelewing wat as sosiale veranderlikes ondersoek word, is onder andere ouderdom, geslag en ras.

Sosiale veranderlikes sluit in onder andere ouderdom, geslag en ras (kyk ook 1.5). Hierdie veranderlikes vorm deel van wat Odendal (1976:105) 'selekteerders' noem. Selekteerders bepaal watter aanspreekvorme binne 'n spesifieke situasie gebruik gaan word (Bosman en Otto 2015:367). Sosiale veranderlikes is nie net van belang in sosiolinguistieke ondersoeke nie. Binne die veld van pragmatiek (kyk afdeling 2.4 vir 'n volledige uiteensetting van die veld van pragmatiek), word sosiale veranderlikes verdeel in "macrosocial factors" en "microsocial factors".

"Macrosocial factors" is faktore wat relatief stabiel bly van situasie tot situasie, byvoorbeeld ouderdom, ras, geslag en sosiale klas. "Microsocial factors" is faktore wat verander van situasie tot situasie, byvoorbeeld die verhouding tussen die sprekers, mag, styl en sosiale afstand (Schneider en Barron 2008:18). Hierdie sosiale faktore bepaal pragmatiese variasie en gevolglik beleefdheid en hoflikheid.

2.3.4 Kommunikatiewe vaardigheid

Mense se taalvaardigheidsvlakke verskil (Hymes 1971:270-272). Taal word nie net as 'n grammatikale instrument gebruik nie, maar ook om in 'n bepaalde situasie konteks te skep (Hymes 1971:277-278).

'n Mens leer nie slegs die grammatikale struktuur van taal mettertyd aan nie, maar ook hoe om dit vir sosialisering te gebruik. Hierdie vaardigheid is verweef met sprekers se houding teenoor en waardes rakende hul eie en ander se taal en gebruike, en dit beïnvloed hul kommunikatiewe gedrag (Goffman 1956:477, 1963:355 en 1964). Volgens Labov (1965:84-85) is die internalisering van houdings teenoor 'n taal en sy gebruike veral belangrik. Cazden (1966) meen die internalisering van houdings teenoor die gebruik van taal op sigself (byvoorbeeld oplettheid ten opsigte van taalgebruik) en die rol van taal is net so belangrik.

Om 'n taalgebruiker se onderliggende taalbeheersing te verstaan, moet sosiokulturele faktore in ag geneem word. Taalvaardigheid word nie net deur kennis van taalstrukture bepaal nie, maar ook deur die inagneming van die situasie waarin die taal gebruik word (Hymes 1971:281).

Taalvaardigheid word dus op twee maniere beoordeel: ten opsigte van die grammatikale vermoë, en ten opsigte van die bekwaamheid of vermoë om dit in 'n bepaalde situasie aanvaarbaar te gebruik. Verskillende individue se kennis is nie noodwendig identies nie, selfs al behoort hulle tot dieselfde groep (Hymes 1971:282). As gevolg van die interaksie tussen taalbeheersing en die korrekte gebruik van taal in die sosiale struktuur kom ook die pragmatiek ter sprake by 'n studie van spraak in gebruik.

Die veld van sosiolinguistiek help ons verstaan hoe taal en die samelewing mekaar beïnvloed (Bright 1964). Taal en die samelewing is innig verweef. Deur die taal van 'n samelewing te bestudeer kan ons 'n samelewing beter verstaan en, omgekeerd, kan 'n taal beter verstaan word indien ons 'n samelewing bestudeer. Deur bepaalde sosiale faktore (veranderlikes of selekteerders) te identifiseer, kan ons taalverskynsels in 'n gemeenskap bestudeer en tot logiese gevolgtrekkings kom oor die gemeenskap waarin die betrokke taal gebruik word. Die sosiolinguistiek gee dus ondere insig in die redes waarom taal verander of waarom groepe mense bepaalde vorme bo ander verkies in sekere situasie en kontekste.

Maar ook die pragmatiek kan help om taal, soos wat die gebruik word, te verklaar. Daar word dus nou gekyk na hoe die pragmatiek as teoretiese veld daar uitsien, met 'n fokus op aanspreekvorme.

2.4 PRAGMATIEK

Pragmatiek is die studie van taal in gebruik. Deur 'n beter verstaan van die pragmatiek te verkry, kan ons beter verstaan hoekom mense praat soos wat hulle praat binne 'n spesifieke konteks. As ons verstaan hoe die aanleer van taal geskied, kan ons verstaan hoekom sekere beleefdheidsvorme (soos die aanspreekvorme *tannie* en *oom*) gebruik word in spesifieke situasie, teenoor bepaalde mense.

Dit sluit onder andere verskynsels soos ironie, beklemtoning, geletterdheid en massamedia in, asook taalfunksies soos retoriek, stilistiek, korpusanalise en algemene semantiek. Pragmatiek is nie beperk tot 'n studie van geskrewe en gesproke taal nie, maar sluit ook tekentaal en kommunikasie met behulp van rekenaars in (Östman & Verschueren 2011:1).

Ninio en Snow (1999:347) beskryf pragmatiek as die studie van taalgebruik vir 'n spesifieke kommunikatiewe doel in 'n bepaalde konteks. Volgens hulle verskil pragmatiek van ander areas van taalstudie soos sintaksis en semantiek omdat dit die verhouding tussen die spreker en die aangesprokene én die konteks van die uiting betrek. Die studieveld van die pragmatiek is dus wyer as dié van die tradisionele linguistiek. Die reëls wat uitings bepaal, moet daarom binne die velde van die sosiolinguistiek en die pragmatiek beskryf word (Ninio & Snow 1999:348).

Pragmatiek fokus hoofsaaklik op die beskrywing van verskynsels wat bepaal watter linguistiese vorms gekies word om bepaalde kommunikatiewe doelwitte te bereik. Dié verskynsels sluit die volgende in (Ninio & Snow 1999:348):

- die produksie en verstaan van uitings (stellings, versoeke, beloftes, ensovoorts);
- die regulering van gesprekke ter wille van beleefdheid en ander kulturele konvensies soos sosiale geskiktheid;
- die beheer van vooropgestelde idees; en
- die skepping van diskoers.

Hierdie benadering lê 'n verband tussen die konsep van taalkundige betekenisvolheid en die manier waarop mense taal gebruik om te kommunikeer. Om 'n uiting se betekenis te verstaan, is dit dikwels nodig om te weet hoe dit gebruik is (Ninio & Snow 1999:349). Die betekenis van 'n uiting is dit wat die spreker bedoel het om aan 'n aangesprokene te kommunikeer. Die betekenis van 'n uiting is dus belangriker as die betekenis van 'n sin al vervul die sin 'n kommunikatiewe funksie (Ninio & Snow 1999:349).

Alle grense tussen die formele en kontekstuele aspekte van taal word as kunsmatig beskou. Die sisteem as 'n geheel is kontekstueel, en geen komponent kan op sy eie bestaan nie. Aangesien pragmatiek die studie van taal in konteks is, en alle taal op sigself kontekstueel is, is pragmatiek die algemeenste en omvattendste studie van taal (Ninio & Snow 1999:350).

Pragmatiekstudies is belangrik omdat taal ons daaglik beïnvloed (Östman & Verschueren 2011:1). Pragmatiese navorsing het praktiese implikasies – dit help ons om die wêreld om ons beter te verstaan (Östman & Verschueren 2011:2). In kliniese pragmatiek word 'n pragmatiese perspektief byvoorbeeld gebruik om kliniese en

rehabilitasietegnieke beter te verstaan en sodoende te verbeter (Östman & Verschueren 2011:1).

Etiese oorwegings is baie belangrik in die pragmatiek. Taalbeleide en taalbeplanning, taalekologie en regstaal moet byvoorbeeld eties benader word (Östman & Verschueren 2011:1). Die konteks van die gekose studie moet dus in ag geneem word by die aanvang van die studie. Omdat die navorser se vooropgestelde idees teenoor die onderwerp mettertyd kan verander, moet die studie dinamies aangepak word (Östman & Verschueren 2011:3).

Die konteks van 'n linguistiese studie het nie slegs met die onmiddellike konteks van 'n gesprek te make nie, maar ook met die algemene gebruike van die betrokke taalgemeenskap. Daarom is begrippe soos beleefdheid, hoflikheid en die menslike natuur ook ter sprake.

2.4.1 Beleefdheid

Reeds in 1915 het Durkheim (1915:299) gesê: "The human personality is a sacred thing; one dare not violate it nor infringe its bounds, while at the same time the greatest good is in communion with others."

Vanuit 'n algemene etnografiese perspektief is die probleem met enige sosiale groep om die groep se interne aggressie te beheer terwyl die potensiaal vir aggressie behou word ter wille van interne sosiale beheer en eksterne kompetisie met ander verwante groepe. In hierdie raamwerk is hoflikheid of beleefdheid, respek en takt sosiaal beduidend, en dit strek verder as blote tafelmaniere en etiket (Brown & Levinson 1994:1).

Beleefdheid, soos formele, diplomatieuse protokol, veronderstel die potensiaal vir aggressie en probeer om dit te ontloot om kommunikasie tussen potensieel aggressiewe partye moontlik te maak. Die vraag is hoe dit verwesenlik word. Wanneer die deelnemers aan 'n gesprek mekaar se belange op die hart dra en in ag neem dat konflik kan ontstaan as gevolg van veronderstelde aanstoot of omdat 'n boodskap op die ergste moontlike manier verstaan word, tree hulle beleefd op teenoor mekaar. Wanneer dit nie gebeur nie, word dit as 'n verbreking van diplomatieuse protokol beskou. Daar moet 'n simbiotiese verhouding wees tussen die vreedsame en aggressiewe bedoelings

van die betrokke partye. Die besluit om beleefd op te tree en die uitvoering van die besluit kan in 'n fraksie van 'n sekonde plaasvind (Brown & Levinson 1994:1).

Selfs aksies wat as onbelangrik beskou word, het betekenis. Dit vorm 'n groot deel van ons daaglikse interaksie en het dus die potensiaal om sosiale interaksie te beïnvloed. Dit is daarom belangrik om oor dié semiotiese verhoudings te waak (Brown & Levinson 1994:2).

Beleefdheidskwessies het raakpunte met baie dissiplines, byvoorbeeld die linguistiek, antropologie en mikrososiologie, en is van sentrale belang in die sosiolinguistiek, die pragmatiek, toegepaste taalkunde, sosiale sielkunde, gespreksanalise en antropologie. Gevolglik bestaan daar 'n groot korpus navorsing (Brown & Levinson 1994:2).

Duidelike parallele bestaan tussen sprekers van verskillende tale se aannames oor 'n individu se aansien (*face* – dit word later deegliker bespreek). Dit kan afgelei word van die drie hoof- beleefdheidstrategieë:

- positiewe beleefdheid (die uitdrukking van solidariteit of samehorigheid);
- negatiewe beleefdheid (die uitdrukking van selfbeheersing); en
- nieamptelike (indirekte) beleefdheid (die spreker vermy die moontlikheid om die hoorder se aansien te bedreig).

Die gebruik van die drie strategieë word aan sosiale faktore gekoppel, spesifiek die verhouding tussen spreker en aangesprokene en die potensiaal om aanstoot te gee met die boodskap wat van die een na die ander oorgedra word (Brown & Levinson 1994:2).

Die verteenwoordigende funksies van taal (*representational functions*) moet aangevul word met sosiale funksies soos beleefdheid, daarom is daar 'n groot mate van diskrepansie tussen dit wat gesê word en dit wat geïmpliseer of afgelei word (Brown & Levinson 1994:2-3). Beleefdheidsuniversele, tesame met kulturele implikasies, impliseer die vraag na 'n ander soort vergelykende sosiologie wat bewus is van die verskillende etnologiese motiverings van menslike kulturele aksies (Brown & Levinson 1994:3).

Om die algehele raamwerk van beleefdheidsuniversele te verstaan, moet Grice se teorie van gespreksimplikasies en sy raamwerk van beginsels (*maxims*) wat hierdie

implikasies tot gevolg het, verstaan word (Brown & Levinson 1994:3). Grice (1975) se beginsels is 'n intuïtiewe beskrywing van konvensionele beginsels wat dien as riglyne om kommunikasie so doeltreffend as moontlik te maak. Hierdie beginsels vorm die onderliggende aannames van elke spraakuitruiling. Dit lui soos volg:

- die beginsel van kwaliteit: moenie oneerlik wees nie (praat die waarheid, wees opreg);
- die beginsel van kwantiteit: moenie meer of minder sê as wat nodig is nie;
- die beginsel van tersaaklikheid of relevansie: wees toepaslik; en
- die beginsel van wyse: wees duidelik en vermy dubbelsinnigheid en onverstaanbaarheid.

Alle spraak volg egter nie hierdie beginsels nie. Een van die grootste redes waarom daarvan afgewyk word, is ter wille van aansien (*face*). Beleefdheid dra dus by tot die afwyking van rasonale effektiwiteit en word juis deur hierdie afwyking oorgedra. Die beginsels is egter steeds op 'n dieper vlak van toepassing, en daarom moet die aangesprokene die onderliggende, voorgenome boodskap en die beleefde (of niebeleefde) vertrekpunt daarvan bepaal. Hierdie aannames berus op Grice se beginsels soos opgeteken in Brown & Levinson (1994:94-95).

Brown en Levinson (1994:3) aanvaar Grice se beginsels as deel van hul eie teorieë oor beleefdheid, maar hulle gebruik ander akademië se werk om dit te verfyn. Horn (1984) stel voor dat Grice se vier beginsels tot drie gereduseer word; hy behou kwaliteit en kwantiteit (wat hy *Q* noem), maar groepeer die ander twee saam as 'n uitgebreide beginsel van tersaaklikheid (wat hy *R* noem). Volgens Horn (1984) is negatiewe beleefdheid op *R*-implikasies (moenie meer sê as wat nodig is nie) gebaseer en positiewe beleefdheid op *Q*-implikasies (moenie minder sê as wat nodig is nie). Daar bestaan dus konflik tussen die twee strategieë.

Sperber en Wilson (1986) poog om alle beginsels tot een superbeginsel van tersaaklikheid te reduceer. Hierdie idee is eerder die "natural human propensity to maximize the informational value of environmental stimuli" as wat dit 'n beginsel is. Binne hierdie denkwyse moet sekere beleefdheidsaannames gemaak word wanneer bepaal word of dit wat gesê is ter sake is ("maximized information pertinent to the context") (Brown & Levinson 1994:4).

Brown en Levinson (1994:4) steun op die aanname waarop Grice se beginsels gebaseer is, naamlik dat natuurlike spraak rasioneel en effektief is. Enige idee dat beleefdheid 'n afwyking meebring en dat die aangesprokene dit moet rasionaliseer as 'n teken van die spreker se irrasionaliteit en oneffektiwiteit weerspreek dié basiese aanname.

Ander akademiërs wil Grice se idees uitbrei eerder as om dit te verkort. Leech (1983) gebruik byvoorbeeld Grice se samewerkingsbeginsel (*cooperative principle*) en beleefdheidsbeginsel (*politeness principle*) en stel nog meer as ses beginsels voor, waaronder takt, vrygewigheid en nederigheid. Indien beginsels egter vir elke reëlmatigheid in taal uitgedink word, sal daar 'n oneindige aantal beginsels wees. Verder word die verspreiding van beleefdheid (wie beleefd behoort op te tree teenoor wie) sosiaal beheer.

Leech (1983) bied met ander woorde 'n alternatiewe weergawe van Grice en van Brown en Levinson (1994) se grondstellings. Hy onderskei takt van ander vorms van beleefdheid, en volgens hom is dit moontlik die belangrikste vorm van beleefdheid in Engels. Leech kontrasteer die beginsel van takt met dié van vrygewigheid, nederigheid, goedkeuring, ooreenstemming en simpatie, en beweer kruiskulturele variasie is die gevolg van die relatiewe belangrikheid wat aan elke beginsel toegeken word (Brown & Levinson 1994:15). Dieselfde graad van beleefdheid is nie op almal van toepassing nie. Grice se beginsels is nie net stellings oor gereelde gedragspatrone nie, maar agtergrondaannames oor spraak (Brown & Levinson 1994:5).

Beleefdheidsbeginsels is beginselvaste redes vir afwyking van die niesosiale idee van *geen afwyking van rationale effektiwiteit sonder rede nie*, soos te siene in Grice se samewerkingsbeginsel. Beleefdheid moet gekommunikeer word. Indien dit nie gebeur nie, kan die aangesprokene dit as 'n aanduiding van die spreker se onbeleefdheid of minagting beskou (Brown & Levinson 1994:5).

Die gevolg van die wedersydse bewustheid van aansien/eiewaarde (*face*) tesame met die samewerkingsbeginsel, maak die afleiding van beleefdheidsimplikasies moontlik. Die implikasies word afgelei uit 'n gebrek aan kennis van strategieë om aansien te behou en die onvermoë om beleefdheidsbeginsels toe te pas (Brown & Levinson 1994:5-6).

Algemene aannames oor gespreksimplikasies kan slegs 'n gedeelte van die ware beleefde interpretasie van 'n uiting verklaar terwyl spesifieke aannames oor die aard van beleefde gedrag 'n beter geheelbeeld sal gee (Brown & Levinson 1994:7).

Nog 'n belangrike idee van Grice (1971) is sy mening dat kommunikasie ontwerp is om deur die ontvanger herken te word. Wat gedóén word, hou direk en sistematies verband met wat bedóél word. Die sender se bedoeling kan dus deur waarnemers of deur die ontvanger van die betrokke daad gerekonstrueer word. Die sistematiese verhouding word deur een of ander rasonale, uitkomsgebaseerde redenasie weergegee (Brown & Levinson 1994:7).

Die afleiding van kommunikatiewe bedoeling berus op wedersydse kennis van agtergrondinligting. Om te verstaan wat bedoel word, moet 'n spreker se kommunikatiewe bedoeling gerekonstrueer word, en om dit te doen, moet logiese, praktiese redenering so te sê “agteruit” plaasvind (Brown & Levinson 1994:8).

Die kern van die Griceaanse sienswyse is dat ander se perspektief in ag geneem moet word. By etnografiese variasie kan afleidings oor beleefdheid nie kruiskultureel toegepas word nie, want daar is nie 'n universele kommunikasieraamwerk wat op die herkenning van bedoeling gebaseer is nie (Brown & Levinson 1994:9). Idees rakende beleefdheid is egter 'n waardevolle etnografiese hulpmiddel. Dit kan gebruik word om 'n idee te kry van sosiale verhoudings in 'n spesifieke kultuur. Die erns van die FTA word beskou as 'n funksie van die sosiale verhouding tussen die spreker en aangesprokene sowel as die intrinsieke aansienbedreigende inhoud van die FTA (die R-faktor) (Brown & Levinson 1994:12).

Die teenwoordigheid van derde partye het 'n groot invloed op gesproke interaksie. Om die korrekte R-waarde toe te ken, moet 'n persoon die betrokke kultuur ken. Sonder sodanige kennis kan betroubare afleidings nie op grond van taalgebruik oor daardie kultuur gemaak word nie (Brown & Levinson 1994:12).

Dit is moontlik om die verspreiding van beleefdheidsvorme te gebruik as 'n aanduiding van die verspreiding van sosiale ongelykheid, gemeensaamheid en afstand. Dit word gesien in die asimmetriese strategieë tussen gespreksdeelnemers wat 'n asimmetriese

sosiale verhouding het in terme van gesag en onderdanigheid. Die aard van die asimmetriese verhouding blyk uit die deelnemer in die laer posisie se neiging om meer strategieë te gebruik om aansien te behou (Brown & Levinson 1994:12).

Die hoogs abstrakte idee van aansien (*face*) wat vroeër kortliks beskryf is, staan sentraal in Brown en Levinson (1994:13) se beleefdheidsmodel. Aansien bestaan uit twee begeertes:

- dat jou optrede nie belemmer moet word nie (negatiewe aansien); en
- om goedkeuring van ander te ontvang (positiewe aansien).

Dié twee begeertes sal na verwagting in enige samelewing kultureel uitbrei (Brown & Levinson 1994:13).

Aansien het verskillende spesifikasies in verskillende kulture, byvoorbeeld watter dae aansien bedreig, wie se aansien veral belangrik is, en watter dae veral waardeer word. Aansien hou verband met elke kultuur se fundamentele idees oor sosiale persona, eer, deug, skaamte, verlossing en religieuse konsepte (Brown & Levinson 1994:13).

Brown en Levinson (1994:14) se beleefdheidsmodel het deels ontwikkel vanuit bestaande etnografiese beskrywings van verskillende kulture se begrip van eiewaarde, selfagting en menswees. Hierdie verskille is grotendeels verantwoordelik vir kruiskulturele konflik oor wat “goeie” gedrag behels.

Daar is egter ’n behoefte aan verdere etnografiese beskrywings van mense se definisie van aansien en hulle reg op selfverdediging, en van hoe dit hulle daaglikse lewens beïnvloed. Dit beïnvloed byvoorbeeld konfrontasies, die hantering van skande, hoe mense skinder, hoe mense hulle naam in ere herstel, en hoe agting en minagting in religieuse en politieke sisteme geïntegreer word (Brown & Levinson 1994:14).

Die mate van beleefdheid wat die spreker (S) teenoor die aangesprokene (H) toon, hang van drie faktore af (Brown & Levinson 1994:15):

- H se relatiewe mag (P) oor S;
- die sosiale afstand (D) tussen S en H; en
- die mate van dwang/straf wat by ’n aansienbedreigende daad (FTA) ter sprake is.

Soos in 1.3 beskryf, is 'n FTA 'n verbale of nieverbale daad wat die aangesprokene se aansien bedreig. Daar is drie soorte FTA's:

- daad wat negatiewe aansien bedreig;
- daad wat positiewe aansien bedreig; en
- daad wat 'n kombinasie van die twee is.

Eersgenoemde is daad wat toon dat S nie omgee of H se vryheid van optrede belemmer word nie. Bedreiging van positiewe aansien is daad wat toon dat S nie omgee vir H se gevoelens of behoeftes nie (Brown & Levinson 1994:65-66).

Daar is ook twee soorte beleefdheid, naamlik positiewe en negatiewe beleefdheid. Positiewe beleefdheid het betrekking op H se positiewe aansien of selfbeeld. S beskou H in 'n sekere sin as sy/haar gelyke, met groepsregte en verwagtinge van wederkerige behandeling (Brown & Levinson 1994:70).

Negatiewe beleefdheid het betrekking op H se negatiewe aansien. Negatiewe beleefdheidstrategieë fokus daarop om H te verseker dat S H se behoefte aan negatiewe aansien respekteer en H se vryheid so min as moontlik sal belemmer. Konvensionele indirektheid word gebruik om beide S en H se aansien te bewaar (Brown & Levinson 1994:70).

P, D en R bestaan uit 'n kombinasie van kultuurspesifieke sosiale determineerders. Alhoewel P, D en R die meeste kulturele faktore insluit, is daar ook addisionele faktore wat S se keuse van 'n aanspreekvorm kan beïnvloed, byvoorbeeld hoe baie S en H van mekaar hou, of daar 'n gehoor teenwoordig is, en hoe formeel die situasie is (Brown & Levinson 1994:16).

'n Belangrike vorm van beleefdheid vir die doel van hierdie verhandeling is dié van eretitels. 'n Eretitel is 'n woord, titel of grammatiese vorm wat respek, beleefdheid of sosiale eerbied toon, byvoorbeeld *kaptein*, *prinses*, *professor* en *U Edele* (Nordquist 2018a). *Tannie*, *oom* en ander aanspreekvorme is verwant aan eretitels. Eretitels verskaf belangrike bewyse van die verhouding tussen taalstruktuur, beleefdheid en sosiale faktore oor die algemeen (Brown & Levinson 1994:22-23).

Die gebruik van eretitels is nie arbitrêr nie, maar word gemotiveer deur die sosiaal korrekte manier om iemand te behandel. Daarom kan dit beskou word as statiese

gespreksbybedoelings. Dit is 'n baie goeie voorbeeld van Grice se konvensionele gespreksimplikasies (Brown & Levinson 1994:22-23).

Eretitels is van groot sosiale belang, byvoorbeeld waar spesifieke diadiese uitruilpatrone betrokke is. Dit kan byvoorbeeld gebruik word om te onderskei tussen respek en wederkerige formaliteit in 'n situasie (Brown & Levinson 1994:23-24).

Die kern van Brown en Levinson (1994:24) se beleefdheidsteorie is dat sekere dade aansien bedreig en daarom versagting vereis, byvoorbeeld deur gebruik te maak van eretitels. Kruislinguistiese bewyse toon dat eretitels FTA-sensitief is. Gevolglik kan byvoorbeeld voorspel word dat eretitels met versoeke en navrae sal gepaard gaan. Vir die doel van hierdie verhandeling is dit veral van belang, aangesien versoeke en navrae tipies in 'n verkoopsituasie voorkom (Brown & Levinson 1994:24).

Sosiale netwerke beïnvloed die gebruik van eretitels. Al meer bewyse word gevind dat die vlak van sosiale organisasie 'n sterk sosiale bepaler is. Daar kan egter nie veralgemeen word oor die klasgestratifiseerde gebruik van eretitels nie, aangesien veralgemenings beperk sal wees tot tradisionele, stabiel gestratifiseerde populasies (Brown & Levinson 1994:24-25).

Myns insiens is selfs samelewings wat uit duidelike kastes bestaan nie stabiel nie. Brown en Gilman (1960) beweer byvoorbeeld Suid-Afrika kan as 'n gestratifiseerde populasie beskou word; tog het Suid-Afrika in 'n baie kort tydperk groot sosiale verandering beleef. Daar is altyd uitsonderings by die gebruik van eretitels wat deur sosio-kulturele veranderlikes bepaal word.

Beleefdheid bepaal die struktuur van daaglikse gesprekvoering; dit toon dat sprekers nie net die "meganiiese" aspekte van gesprekke verstaan nie, maar ook die sosiale verhoudings tussen die sprekers. Beleefdheidsvorme kommunikeer ook sosiale verhoudings (Brown & Levinson 1994:38).

Aansien bepaal hoe sprekers teenoor mekaar optree en of hulle gunstig of ongunstig op 'n talige uiting sal reageer. Talige uitings kan die spreker én aangesprokene se aansien beïnvloed (Brown & Levinson 1994:39). Aanspreekvorme en eretitels dui byvoorbeeld op eerbied vir die aangesprokene en 'n gebrek aan eerbied vir die spreker of andersom.

Die universele voorkoms van beleefdheidspatrone strek verder as linguistiese uitruiling (Brown & Levinson 1994:47). Sosiale antropoloë beklemtoon lankal die rol van rituele, en dit is moontlik van die belangrikste aspekte van beleefdheidspatrone (Brown & Levinson 1994:47).

Ter opsomming: Beleefdheid is by amper alle sosiale aspekte van ons wêreld betrokke, soos blyk uit menslike sosiale interaksie (Brown & Levinson 1994:47). Beleefdheid moet in verskillende kulture en tale bestudeer word. Verskillende gemeenskappe se beskouing van beleefdheid, asook plaaslike idees oor aansien, respek en houding is van kardinale belang (Brown & Levinson 1994:48).

Wat gesê word, kommunikeer dikwels nie (korrek) wat bedoel word nie. Beleefdheid speel 'n belangrike rol om te verduidelik dat twee vlakke hier betrokke is, naamlik dit wat gesê word en die indirekte of implisiete kontekstuele betekenis (Brown & Levinson 1994:49).

Binne die sosiolinguistiek is daar 'n beweging vanaf die beskouing dat sosiolinguistiese veranderlikes slegs sosiale herkoms en identiteit aandui na 'n fokus op die linguistiese vergestaltung van sosiale verhoudings wat met sosiolinguistiese veranderlikes korreleer. Bewyse bestaan dat sosiolinguistiese veranderlikes ook 'n doel dien in diskoers (Brown & Levinson 1994:49).

Beleefdheidsgedrag dui op die sosiale aard van die menslike natuur. Goffman (1967:44-45) beweer dat 'n universele menslike natuur, indien dit wel bestaan, nie beskryf sal kan word deur individue op hul eie waar te neem nie, maar eerder deur dop te hou hoe hulle sosiaal verkeer in hulle samelewing.

'n Universele menslike natuur is nie menslik nie. Dit bestaan nie uit innerlike psigiese aspekte nie, maar morele reëls wat ekstern op die individu afgeforseer word. Die individu kan dalk deur morele reëls beïnvloed word, maar die reëls wat van die individu 'n mens maak, is afkomstig van rituele en vereistes vir sosiale ontmoetings en interaksie (Brown & Levinson 1994:49). Aanspreekvorme vorm deel van rituele wat vereis word in bepaalde sosiale ontmoetings en interaksies.

2.4.2 Pragmatiese linguistiek: Die vestiging van spraakgewoontes

2.4.2.1 Pragmatiese beginsels in die vroeë kinderjare vasgelê

Beleefdheidsnavoring sluit kindertaal in (Brown & Levinson 1994:36). Pragmatiese gebruike word reeds in die vroeë kinderjare vasgelê. Myns insiens kan verskynsels soos die gebruik van aanspreekvorme, byvoorbeeld die aanspreek van ouer mense as *oom* en *tannie*, verklaar word as aangeleerde gedragspatrone. Dit is daarom belangrik om die taalaanleerproses en die aanleer van algemene pragmaties korrekte gedrag by kinders te bestudeer en te probeer verstaan. Onderrig tuis en in die klaskamer, asook die invloed van die portuurgroep, is van belang (Brown & Levinson 1994:36).

Heelwat navorsing oor die ontwikkeling van kindertaal fokus op die aanleer van sekere soorte spraak, veral versoeke of bevele (*directives*), en die aanleer van beleefdheidsformules en -strategieë. In navorsing oor Hongaars is byvoorbeeld gefokus op die aanleer van die T/V-sisteem, terwyl bevele aandag geniet het in navorsing oor Noors (Brown & Levinson 1994:36).

Pragmatiese faktore wat taalaanleer beïnvloed, kan geïdentifiseer word (Ninio & Snow 1999:351). Kinders so jonk as twee en 'n half maak reeds gebruik van beleefdheidsvorme. Wanneer hulle byvoorbeeld nie kry wat hulle wil hê deur bloot daarvoor te vra nie, sê hulle *asseblief*. Vierjariges gebruik reeds formele aanspreekvorme (V) wanneer hulle speel (Brown & Levinson 1994:38).

Hierdie beleefdheidsvorme word hoofsaaklik gebruik waar kinders sê hulle het iets nodig en volwassenes probeer oortuig om dit vir hulle te gee. Wanneer daar nie die eerste keer in hulle behoeftes voorsien word nie, probeer hulle weer deur beleefdheidsvorme te gebruik. Kinders maak al van baie jongs af, moontlik om en by drie jaar, gebruik van strategies indirekte verwysings na beleefdheid (Brown & Levinson 1994:38).

Japannese kinders beheer byvoorbeeld beleefdheidstrategieë lank voordat hulle op skoolgaande ouderdom die kompleksiteit van voorwerp/onderwerp, eretitels en aanspreekvorme aanleer. Die rol van aansien en FTA speel 'n belangrike rol in die sosialisering van kinders van verskillende kulture, en dit beïnvloed taalverwerwing (Brown & Levinson 1994:38).

Kinders leer op 'n vroeë ouderdom strategiese taalgebruik aan, maar formele, gevestigde beleefdheidsvorme soos aanspreekvorme en eretitels word eers later meer eksplisiet vir hulle geleer (Brown & Levinson 1994:37).

Taalaanleer is noodsaaklik vir kommunikasie (Ninio & Snow 1999:351). Die interaksie tussen taalaanleer en vroeë kognitiewe ontwikkeling is onder andere deur Bowerman en Levinson (2001) en Levy, Tennebaum en Ornoy (2000) ondersoek. Ses soorte diskoers moet deur kinders aangeleer word: vaardighede, kreatiwiteit, prosesse, genres, sosiale vaardighede, en sosio-politieke diskoers. Elke soort diskoers beïnvloed die deeglike verstaan van taal, geletterdheid en onderrig (Östman & Verschueren 2011:25).

Ontwikkelingspragmatiek bestudeer hoe die kind die vermoë aanleer om die onderliggende spraakreëls in interpersoonlike situasies toe te pas. Die pragmatiese sukses van 'n uiting word gemeet aan die grammatikale korrektheid daarvan, die waarheid en interpreteerbaarheid daarvan en die gepastheid en kommunikatiewe effektiwiteit daarvan (Ninio & Snow 1999:347).

Kinders leer geleidelik hoe om hulle verbaal binne en buite die klaskamer uit te druk. Mettertyd leer hulle om hulle identiteit op 'n komplekse, teenstellende en dubbelsinnige manier uit te druk (Östman & Verschueren 2011:26). Interaksie tussen kinders en onderwysers, asook tussen kinders onderling, is van belang in die taalaanleerproses. Drie interaktiewe onderrigaktiwiteite kan gebruik word om taalaanleer te beskryf: vraag, antwoord en reaksie (Östman & Verschueren 2011:26).

Hieruit kan afgelei word dat kinders se sosiale en taalomgewing 'n groot impak het op die taalaanleerproses. Kinders se taalverwerwing word beïnvloed deur volwassenes en ander kinders met wie hulle te doen kry, daarom kan taal- en kulturele konteks nie van die taalaanleerproses geskei word nie.

'n Aantal verskynsels in die veld van die pragmatiek word beskou as 'n groot prestasie vir taalaanleerders. Dit sluit onder andere die volgende in:

- die aanleer van kommunikatiewe vermoëns en die ontwikkeling van talige kommunikasie, met ander woorde die aanleer van taalkundige vorms en grammatikale konsepte soos voornaamwoorde en deiktiese lokatiewe;
- die ontwikkeling van gespreksvaardighede en die aanleer van reëls oor spreekbeurte, onderbrekings, en die verandering van onderwerp;
- die aanleer van hoflikheidsreëls en ander kultureel bepaalde spraakreëls; en
- die ontwikkeling van diskoersvaardighede soos maniere om samehang tussen langer uitings te skep, vooropgestelde idees aan te dui en inligting genrespesifiek te organiseer (Ninio & Snow 1999:352-354).

2.4.2.2 Die preverbale fase: sosiale gedrag voordat taal aangeleer word

Pragmatiese gedrag is al te siene voordat die taalaanleerproses begin. Om gedragspatrone soos beleefdheid te verstaan, moet ons verstaan net hoe kardinaal hierdie gedrag vir die mens is, selfs nog voordat ons leer hoe om te praat.

Babas toon vroeg al sosiale gedrag. Hulle stuur byvoorbeeld al kommunikatiewe seine uit en verstaan gebeure in hulle omgewing nog voordat hulle spraak verstaan (Ninio & Snow 1999:353). Kommunikatiewe voornemens en intensies, en die vermoë om ander se kommunikatiewe voornemens en intensies te verstaan, is 'n basiese menslike kapasiteit (Ninio & Snow 1999:354).

Tipiese pragmatiese gedrag by preverbale kinders sluit onder andere die volgende in: versoeke (vir 'n voorwerp, aksie of inligting), groet, oordrag van voorwerpe, spog, erkenning en beantwoording. Babas het 'n indrukwekkende begrip van sosiale gedrag en kan ook betekenis met sosiale gedrag oordra. Die sosiale vermoë onderliggend aan kommunikasie en kommunikatiewe oordrag speel moontlik 'n funksionele rol in kinders se spraakontwikkeling (Ninio & Snow 1999:354).

Kinders leer die basis van doelbewuste kommunikasie, asook spesifieke sosiokognitiewe konsepte wat die basis van sommige van hulle vroegste verbale uitings vorm, nog voordat hulle begin met die aanleer van verbale uitings (Ninio & Snow 1999:355). Sekere voornemens kan nie deur taal oorgedra word nie; dit is 'n gevolg van die taalaanleerproses. Kinders kan slegs leer hoe om hulle voornemens uit te druk

omdat hulle voornemens wat nie uitgedruk kan word nie kan interpreteer (Ninio & Snow 1999:355).

2.4.2.3 Die verbale fase: taalontwikkeling by kinders

Pragmatiek speel definitief al vroeg in die kind se lewe 'n rol in taalontwikkeling (Ninio & Snow 1999:355). Die fundamentele prosesse waardeur volwaardige taalkundige vorms aan die begin van die taalaanleerproses aangeleer word, is pragmatiese (eerder as semantiese) paar-identifisering. Die kind vergelyk 'n onbekende reeks woorde wat aan hom/haar gerig word met sy/haar interpretasie van die spreker se kommunikatiewe voorneme (Ninio & Snow 1999:355).

Tydens 'n tussenfase in die ontwikkelings stadium word onkonvensionele stemseine en protowoorde gebruik. Die kind se oorgang van nieverbale voornemens tot volwaardige taal is 'n geleidelike proses en vind nie skielik plaas nie (Ninio & Snow 1999:356).

Amper tweederdes van die jong kind se gewone spraak het te make met die oordrag van inligting: benamings, kommentaar op die onmiddellike situasie, en algemene informatiewe stellings wat nie met die situasie verband hou nie. Benamings is baie algemeen in jong kinders se spraak, maar teen vyf jaar word dit skaarser. Die ouer kind roep inligting op, gebruik dit in die huidige situasie en verwys na toekomstige gebeurtenisse (Miller 1963:156).

Jong kinders se spraak neig om emosioneel te wees en sluit bevels, dreigemente en klagtes in. Soos wat hulle ouer word, raak hulle taal minder emosioneel (Miller 1963:156). Tot en met vyf jaar vra hulle baie vrae, maar daarna verminder dit. Die meeste kindervrae hou verband met menslike interaksie of planne. Eers teen sewe of agt begin hulle verwag dat 'n hoekom-vraag se antwoord oorsaak en gevolg sal aandui (Miller 1963:156).

Kinders se spraak is baie egosentriek; hulle praat 30 tot 40 persent van die tyd oor hulself (volwassenes toon soortgelyke spraakpatrone.) Jong kinders se taal bestaan egter grootliks uit sosiale spraak; daar is min bewyse dat hulle meer met hulself as met ander praat. Dit wil dus voorkom of jong kinders se spraak primêr 'n sosiale rol speel (Miller 1963:156).

Die aanleer van reëls vir gesprekvoering is uiters belangrik, selfs in die vroeë stadiums van die lewe. Die vermoë om goed gesprek te voer, speel moontlik 'n belangrike rol in portuurgroepaanvaarding onder skoolkinders (Ninio & Snow 1999:361). Dit speel ook 'n rol in tweedetaalaanleerders se vermoë om 'n bydrae te lewer in die doeltaal en om 'n goeie indruk te maak op onderwysers en ander belangrike volwassenes (Ninio & Snow 1999:364).

Taal ontwikkel in 'n sosiale omgewing en het ten doel om inligting te versprei deur die sosiale groep. 'n Kind se taalaanleer vind dus binne 'n bepaalde sosiale situasie en om sosiale redes plaas (Miller 1963:223).

Sekere spraakgewoontes beïnvloed wat ons sien, leer, onthou en dink. In die sielkunde word algemeen aanvaar dat daar 'n verhouding is tussen ons spraakgewoontes en hoe ons die wêreld sien. Baie van die verskille tussen voorwerpe en gebeurtenisse sou ons nie opgemerk het indien die samelewing ons nie geleer het dat hulle verskillende name het nie (Miller 1963:199). Kinders se vooroordele beïnvloed gevolglik hulle optrede (Miller 1963:225).

Die mens maak staat op bekende woordpatrone en 'n verskeidenheid roetines. Dit stel ons in staat om korrek op te tree in beleefde gesprekke. In meer veeleisende situasies kan dit ons egter verkeerd laat optree, want ons is so gewoond aan die roetine dat ons nie weet wat om te doen wanneer daar 'n afwyking is nie (Miller 1963:228).

2.4.2.4 Volwasse gesprekvoering

Volwasse gespreksvermoë is baie moeilik om aan te leer. Dit vereis 'n kombinasie van die volgende vaardighede (Ninio & Snow 1999:360):

- beheer oor die semantiese en sintaktiese beplanning van uitings;
- produksie en verstaan van taal;
- verstaan van en beheer oor pragmatiese reëls en prosedures vir beurtspraak;
- herkenning, versekering en instandhouding van 'n onderwerp; en
- die herstel van misverstande en kommunikasiebreuke, insluitend die vermyding van FTA's.

Kinders moet die vaardighede vir volwasse gesprekvoering aanleer. Dit sluit sekere van bogenoemde vaardighede in, soos om om die beurt te praat, 'n onderwerp te inisieer, onderhou of verander, deelname uit te lok, en kommunikasiebreuke en misverstande te herstel (Ninio & Snow 1999:360). Kinders moet ook leer dat 'n bevoegde luisteraar ook 'n aktiewe rol in die gesprek speel (Ninio & Snow 1999:361).

Gesprekke word verder bemoeilik deur die kompleksiteit van verskillende spraakgenres. Situasies soos besprekings in die klaskamer (Ninio & Snow 1999:361), vergaderings, rituele beledigings, dokter-pasiëntontmoetings en terapisessies is meer kompleks as gewone gesprekke en vereis kennis van meer komplekse gespreksreëls (Ninio & Snow 1999:360). Dit is duidelik dat die situasie van die gesprek, sowel as die verhouding tussen die sprekers, belangrik is. Taal- en kultuurverskille beïnvloed ook die regulering van beurtspraak en die strukturering van gespreksgebeurtenisse (Ninio & Snow 1999:361).

Teoreties moet drie soorte gespreksvermoëns aangeleer word om gesprekke in verskillende kontekste te kan voer (Ninio & Snow 1999:361):

- interaktiewe gesprekvoering, byvoorbeeld ligte geselsies;
- inligtingwisseling en probleemoplossing; en
- toepaslikheid en effektiwiteit eerder as waarheid en grammatikaliteit.

'n Vaardigheid wat jong kinders moeilik aanleer, is om die onderwerp van 'n gesprek te onderhou. Hulle kry dit óf glad nie reg nie, óf hulle gebruik redelik primitiewe metodes om dit reg te kry (Ninio & Snow 1999:362). Kinders gebruik oor die algemeen herhaling of rituele variasies van mekaar se spraak om die gesprek te begin of te onderhou (Ninio & Snow 1999:362). Van twee tot vyf jaar maak hulle al minder staat op na-apery. Hulle gebruik hierdie primitiewe metodes moontlik omdat hulle nie aan iets kan dink om te sê om self 'n bydrae tot die gesprek te lewer nie. Die skynbaar passiewe rol wat jong kinders in gesprekke met volwassenes speel, kan moontlik toegeskryf word daaraan dat hulle nie kennis dra van die standaard- kultureel bepaalde lys onderwerpe van volwasse gesprekke nie (Ninio & Snow 1999:362).

Die gebruik van eksplisiete konjunkte soos *byvoorbeeld*, *so* en *in elk geval* of houding-uitdrukkings soos *regtig* en *dalk* is baie skaars onder sesjariges. Ook twaalfjariges gebruik dit nog nie so algemeen soos volwassenes nie. Dit is noodsaaklik vir

hoflikheidsnuanses, ontkenning en samehangendheid in volwasse gesprekvoering (Ninio & Snow 1999:362).

Kinders wat goeie gespreksgenote is, maak gebruik van oop vrae en vrae wat te doen het met vorige uitings. Hulle vermy stiltes wat langer as 'n kort tydjie duur, en slaag daarin om reaksie op gesprekke te ontlok. 'n Belangrike vaardigheid wat vir suksesvolle gesprekvoering aangeleer moet word, is die vermoë om te reageer met 'n uiting wat verband hou met die gespreksgenoot se vorige spreekbeurt (Ninio & Snow 1999:363). Die vermoë om 'n gesprek te voer, hou egter nie noodwendig verband met die vaardigheid van woordkeuse of selfkorrigering van grammatikale foute, herhaling, onderbrekings en verbale huiwering nie (Ninio & Snow 1999:363).

Een van die vaardighede wat kinders moet aanleer, is om uitings só te kombineer dat hulle op hul eie 'n samehangende diskoers kan produseer. Hulle moet ook die genres van samehangende diskoers leer ken, byvoorbeeld die konvensies wat verskillende soorte narratiewe, verduidelikings en beskrywings kenmerk (Ninio & Snow 1999:366). Ouer kinders se kommunikatiewe vaardighede rakende die struktuurverskille tussen diskoersgenres is dikwels niks beter as dié van jonger kinders nie. Die psigolinguistiese uitdaging om die gegewe inligting in die voorgeskrewe genre te plaas, is deel van ontwikkeling (Ninio & Snow 1999:369).

'n Groot uitdaging vir kinders rakende die produksie van relatief selfstandige, samehangende diskoersvorme binne die pragmatiese raamwerk, is die verhouding tussen die spreker en aangesprokene (Ninio & Snow 1999:366). In jong kinders se gesprekke is dit relatief eenvoudig: die gesprek is van aangesig tot aangesig, en die spreker en aangesprokene deel fisiese, historiese en sosiale kontekste. Die kind kan dus aanneem dat die deelnemers dieselfde agtergrondinligting het (Ninio & Snow 1999:366).

Soos wat kinders ouer word, moet hulle al hoe meer kommunikeer met sprekers wat van hulle verwyder is op byvoorbeeld 'n fisiese vlak (telefoongesprekke), historiese vlak (onbekendes) of sosiale vlak (sosiale rolle wat niewedersydse verhoudings en ongelyke sosiale status insluit, byvoorbeeld pasiënt en dokter, leerling en onderwyser, of klant en verkoops persoon – wat in hierdie verhandeling ondersoek word). Die pragmatiese vaardighede wat tydens hierdie sosiale ontmoetings by effektiewe kommunikasie

betrokke is terwyl wedersydse respek gehandhaaf word, het te make met die beheer van baie komplekse taalkundige aparate (Ninio & Snow 1999:366). Die basis vir die empiriese navorsing in hierdie verhandeling is gebaseer op dié pragmaties-sosiale vaardighede wat die kind moet aanleer.

2.4.2.5 Die aanleer van beleefdheid en hoe dit gesprekvoering beïnvloed

Soos wat kinders met nuwe gespreksituasies gekonfronteer word, is dit al hoe belangriker om beleefdheid en goeie maniere aan te leer. Om beleefd te wees, moet kultuurspesifieke reëls aangeleer word oor hoe om teenoor ander lede van die groep op te tree (Ninio & Snow 1999:364). Dit sluit in kennis oor hoe om ander lede aan te spreek, wat hulle verwag en nodig het, en hoe om jou eie verwagtinge en behoeftes uit te druk en terselfdertyd ander se regte te respekteer. Beleefdheidsreëls reguleer wát gesê word en hóé dit gesê word. Dit sluit in 'n sekere sin die teorie van alle menslike sosiale interaksie in (Ninio & Snow 1999:364).

Volgens Brown & Levinson (1994:1) strek die implikasies van beleefdheid, eerbied en takt in 'n sosiale konteks verder as blote tafelmaniere en etiket. Hulle voer aan dat die fokus in die geval van die sosiolinguistiek gerig is op die tweeledige spraakpatrone wat sosiale verhoudings en die verhouding tussen vorm en implikasie uitbeeld. Die pragmatiese verskil tussen wat gesê en bedoel word, kan toegeskryf word aan beleefdheid. Die spreker se taalgebruik en kulturele verbondenheid kan nie geskei word nie (Brown & Levinson 1994:2-3). Beleefdheid is 'n pragmatiese verskynsel, daarom is sosiale konteks van groot belang weens die implisiete gevolge daarvan op taalgebruik.

'n Vroeë prestasie in kinderontwikkeling wat binne die domein van die pragmatiek val, is begroeting. Begroeting is 'n aansienbedreiging omdat dit 'n reaksie van die aangesprokene vereis en die spreker se aansien bedreig word indien die begroeting nie aanvaar word nie (Ninio & Snow 1999:364). Ouers spandeer baie tyd en doen baie moeite om te verseker dat hulle kinders die korrekte begroetingsvorme en beleefdheidsvoorskrifte soos *asseblief* en *dankie* aanleer. Dit is baie belangrik vir sosialisering (Ninio & Snow 1999:364).

Tegnieke wat ouers gebruik om vir kinders die korrekte gedrag aan te leer, sluit eksplisiete reghelp en sinspeling in. Oor die algemeen word beleefdheidsvoorskrifte

beperk tot kwessies soos *asseblief* en *dankie*, om verskoning te vra, sleng te vermy, en vrae te beantwoord sonder om iemand in die rede te val (Ninio & Snow 1999:364).

Kinders toon al vroeg in hulle lewens dat hulle mag en sosiale verwydering, en die invloed daarvan op taalkundige norme, verstaan. Reeds op twee weet hulle dat hulle anders met grootmense behoort te praat as met hulle portuurgroep (Ninio & Snow 1999:365). Dit neem egter jare om die volle omvang van die taalkundige dimensies van afstand en mag aan te leer. Wanneer kinders byvoorbeeld 'n beleefde versoek aan 'n ouer aangesprokene moet rig, voeg jong kinders net *asseblief* by. Eers van ongeveer vyf jaar af gebruik hulle indirekte vorms soos *jammer om te pla* (Ninio & Snow 1999:365).

'n Belangrike aspek van beleefdheid is taalsosialisering. Dit fokus op hoe kinders leer om effektiewe lede van hulle kultuur te raak deur die reëls vir 'n verskeidenheid sosiale interaksies aan te leer (Ninio & Snow 1999:365). Taalsosialisering behels onder andere dat die kind moet leer aan watter lede van die groep om eerbied te betoon en wie as taalkundige gelykes beskou kan word. Die kind moet ook leer watter aanspreekvorme vir elke kategorie gepas is (Ninio & Snow 1999:365).

Dit moet benadruk word dat kinders die sosiale sisteme waarop beleefdheidsreëls gebaseer is leer verstaan voordat hulle die taalkundige beleefdheidsstrukture aanleer (Ninio & Snow 1999:365). Die aanleer van beleefdheidsreëls is 'n uitbreiding van die kind se reeds bestaande gesofistikeerde sosiale kennis, net soos die aanleer van effektiewe spraak, beurtspraak, gepastheid en die onderhouding van 'n gespreksonderwerp. Navorsing toon dat kinders se grootste uitdaging by die aanleer van beleefdheidsreëls nie begrip van die sosiale strukture in hulle samelewing is nie, maar die aanleer van subtiele taalkundige taktieke (Ninio & Snow 1999:365).

Die pragmatiese beskouing van taalaanleer verskil van ander benaderings waarvolgens die taalaanleerproses 'n oënskynlik definitiewe eindpunt het. Waar taalaanleer volgens ander beskouings teen die einde van die kinderjare afgehandel is, kan dit volgens 'n pragmatiese beskouing lewenslank ontwikkel soos die woordeskat. Selfs volwassenes toon deurlopende groei op gebiede soos beleefdheid en kommunikatiewe effektiwiteit (Ninio & Snow 1999:369).

Ter opsomming: gedrag (soos beleefdheid) word aangeleer nog voordat kinders leer om te praat (Ninio & Snow 1999). Om suksesvol te kommunikeer, is dit nie net nodig om die grammatika en woordeskat van 'n taal te ken nie, maar ook om kommunikatiewe sosiale reëls te verstaan (Hymes 1971). Kinders leer in verskillende fases van hulle ontwikkeling verskillende taktieke aan om suksesvol te kommunikeer (Brown & Levinson 1994). Hierdie taktieke sluit in kultureer-bepaalde gedrag soos die korrekte gebruik van aanspreekvorme (Ninio & Snow 1999).

'n Oorsig oor die velde van die sosiolinguistiek en die pragmatiek toon dat aanspreekvorme teen die agtergrond van beide velde bestudeer kan word. Vervolgens word die ontwikkelingsgeskiedenis van die voornaamwoord bekyk.

2.5 TAALHISTORIESE ONTWIKKELING VAN DIE VOORNAAMWOORD

'n Seminale teks oor die taalhistoriese ontwikkeling van die aanspreekvorm is dié van Brown en Gilman (1960). Hulle verduidelik hoe die T- en V-aanspreekvorme (samehorigheids- en hoflikheidsvorme) tot stand gekom het. Hulle verduidelik ook die mag- en solidariteitsemantiek tussen die spreker en aangesprokene wat betrokke is by die keuse van 'n aanspreekvorm.

Brown en Gilman (1960:254) fokus op Frans, Duits, Italiaans, Spaans en die tale wat die naaste verwant is aan Engels. Hulle bespreking is gegrond op empiriese navorsing oor aanspreekvorme in letterkundige werke. In hierdie tale bestaan daar, soos in Afrikaans, twee voornaamwoorde in die enkelvoud wat as aanspreekvorme gebruik kan word. Indo-Europese tale soos Duits, Frans en Afrikaans onderskei tussen 'n informele, vertroulike aanspreekvorm (T, vanaf die Latynse *tu*) en 'n formele, hoflike aanspreekvorm (V, vanaf die Latynse *vos*) (Fromkin, Rodman & Hyams 2014:319). In Duits word byvoorbeeld *du* en *Sie* gebruik, in Frans *tu* en *vous* (Fromkin, Rodman & Hyams 2014:319), en in Afrikaans *jy* en *u* (Brown & Gilman 1960:254).

Dié gebruik kom volgens Brown en Gilman (1960:254) van die Romeinse Ryk. *Tu* was aanvanklik die enigste enkelvoudige voornaamwoord in die Romeinse aanspreeksisteem. In die vierde eeu is begin om die keiser met die meervoudsvorm aan te spreek, aangesien daar op daardie stadium twee keisers was (Brown & Gilman 1960:255). Enige woorde wat aan een van die keisers gerig is, was dus by implikasie aan beide gerig (Brown & Gilman 1960:255). Die keuse van *vos* as 'n aanspreekvorm is

heel moontlik die gevolg van hierdie implisiete meervoudigheid. Verder was die keiser die verteenwoordiger van al sy mense en het soms na homself verwys as *nos* (die wederkerige voornaamwoord vir die eerste persoon enkelvoud teenoor *vos*), wat ook 'n aanduiding was van sy mag (Brown & Gilman 1960:255).

Mettertyd is die meervoudsvorm na ander magsfigure oorgedra, maar die patroon het veel later eers gevestig geraak (Brown & Gilman 1960:255). In die Romeinse Ryk het slegs die hoogste sosiale klasse die geleentheid gehad om die keiser aan te spreek (Brown & Gilman 1960:256), daarom het slegs die hoër klasse V aanvanklik in die enkelvoud gebruik. Mettertyd het die laer klasse dit egter ook begin doen (Brown & Gilman 1960:257). Tussen die twaalfde en veertiende eeu het dit die norm geword, en daar word daarna verwys as die niewedersydse magsemantiek (Brown & Gilman 1960:255).

V en T het aanvanklik verskillend ontwikkel in verskillende tale. In sommige tale het die stelsel uitgebrei en sluit titels ook in. In Italiaans is *voi* byvoorbeeld vervang met *Lei* wat 'n afkorting is vir die titel *u edele* (Brown & Gilman 1960:264). Die moderne *tannie* en *oom* as titels wat een of ander mags- of solidariteitsverhouding aandui, kan ook beskou word as deel van die V- en T-sisteem.

Brown en Gilman (1960:253) beweer T- en V-voornaamwoorde het twee dimensies wat die grondslag vorm van enige analise van sosiale interaksie, naamlik mag en solidariteit (eensgesindheid, saamhorigheid). Die keuse van 'n aanspreekvorm word deur die simmetriese of asimmetriese mags- en solidariteitsverhouding van die sprekers bepaal. Die niewedersydse magsemantiek, sowel as die solidariteitsemantiek, is ter sprake by 'n studie van aanspreekvorme (Brown & Gilman 1960) omdat dit verband hou met die keuse tussen die vertroulike T en hoflike V (Brown & Gilman 1960:257).

Een persoon het mag oor 'n ander indien hy/sy die ander op een of ander manier kan beheer (Brown & Gilman 1960:255). Uiteraard is dié verhouding asimmetries. Die persoon in die magsposisie gebruik gewoonlik T en ontvang V. Verskillende magsvorme kan geïdentifiseer word: fisiese krag, rykdom, ouderdom en geslag, asook rolle in die werkplek, kerk, regering, weermag of familie. 'n Samelewing wat aan 'n unieke, hiërargiese struktuur onderworpe is, is dus 'n voorvereiste vir die ontstaan van die niewedersydse aanspreekvorm (Brown & Gilman 1960:255-256). Wedersydse gebruik

van T of V impliseer dat die twee sprekers oor ongeveer dieselfde vermeende mag beskik. Die een wat oor die meeste vermeende mag beskik, het die reg op die aanvanklike gebruik van die wedersydse T (*dyad*).

Die gebruik van V word waarskynlik meer algemeen soos wat veronderstelde solidariteit afneem en die verhouding meer asimmetries raak (Brown & Gilman 1960:258). Solidariteit word beskou as 'n verhouding wat rofweg simmetries is, en waar T dus meer geredelik gebruik sal word. Individue het waarskynlik een of ander aspek, soos politieke lidmaatskap, familie, geloof, amp, geslag of geboorteplek in gemeen. Ook faktore soos min of meer dieselfde ouderdom, gereelde kontak, 'n gedeelde taak of kameraderie kan solidariteit tot gevolg hê (Brown & Gilman 1960:258 en 261). Die ontdekking of skepping van eensgesindheid blyk die kern van solidariteitsemantiek te wees (Brown & Gilman 1960:258).

Die streng definisie van T as familiêre, neerbuigende voornaamwoord en van V as formele, eerbiedige voornaamwoord kan ook probleme skep (Brown & Gilman 1960:258), byvoorbeeld as iemand jonger as 'n ander is maar 'n hoër amp beklee. Ouderdom en amp is ook nie altyd voor die hand liggend nie. Volgens Brown en Gilman (1960:261) blyk uit studies van letterkunde, films, onderhoude en vraelyste dat die verskuiwing van mag na solidariteit die heersende semantiese beginsel is. Dit kan daaraan toegeskryf word dat mag en die verhouding tussen mense aan konstante verandering onderworpe is.

Brown en Gilman (1960) beweer die keuse van aanspreekvorme word bepaal deur die individuele kenmerke van die spreker, sowel as die verhouding tussen die spreker en aangesprokene. Die belangrikste faktore wat betrokke is by die keuse van aanspreekvorme in tale wat 'n V (aanspreekvorm teenoor 'n meerdermens) en T (aanspreekvorm teenoor 'n mindermens) gebruik, is dus mag en solidariteit. Die verhouding tussen die sprekers is nie konstant nie, en sprekers is geneig om V vir T te verruil soos wat hulle verhouding ontwikkel. Verdere navorsing oor die faktore wat mag, hoflikheid, solidariteit en die interpretasie van die magsverhouding beïnvloed, is dus nie sonder meriete nie.

Brown en Levinson (1994:45) verwys na Brown en Gilman (1960) se model van sosiale verhoudings wat deur die gebruik van die T- en V-vorme deur die spreker en

aangesprokene uitgedruk word: wedersydse T dui op gemeensaamheid, wedersydse V dui op sosiale afstand, en indien die spreker T gebruik en die aangesprokene met V reageer, is die spreker sosiaal dominant. Brown en Levinson (1994:45) meen egter die asimmetriese sosiale verhoudings alleen verklaar nie die gebruik van aanspreekvorme nie. Volgens hulle is die teorie dat V- en T-vorms van die vierde-eeuse Roomse keisers afkomstig is ook nie bevredigend nie, aangesien dié patroon wêreldwyd te bespeur is (Brown & Levinson 1994:45).

Brown en Ford (1961:234) wys daarop dat die keuse van aanspreekvorme nie deur die eienskappe van die spreker of aangesprokene afsonderlik bepaal word nie; die twee moet as 'n geheel beskou word. Die semantiese verskil tussen die keuse van óf voorname óf titel en van is gegrond op die gemeensaamheid of vertroutheid tussen die sprekers (Brown & Ford 1961:243). Volgens die niewedersydse magsemantiek spreek die meerderman die minderman op sy voornaam aan, en die minderman spreek die meerderman op sy titel en van aan (Brown & Ford 1961:243). Die individue se status is dus van wedersydse belang in die keuse van die aanspreekvorm, met ouderdom as 'n faktor wat bydra tot status (Brown & Ford 1961:236). Brown en Ford (1961:239) merk op dat kinders geneig is om volwassenes op hulle titel en van aan te spreek terwyl volwassenes geneig is om kinders op hulle voorname aan te spreek. Die ouderdomsverskil wat 'n voorvereiste is vir niewedersydse aanspreekvorme is ongeveer 15 jaar of meer (Brown & Ford 1961:239).

Voornaamwoorde as aanspreekvorme volg dieselfde patrone as voorname en titel en van (Brown & Ford 1961:239). Die voornaamwoord *ji* is die informele vorm wat teenoor individue met 'n laer status gebruik word, en *u* is die hoflike vorm wat teenoor individue met 'n hoër status gebruik word. Brown en Ford (1961) en Brown en Gilman (1960) is dit dus eens oor die faktore wat bepaal of die hoflike of informele vorm gebruik word.


Ervin-Tripp (1973) het uitgebreide navorsing gedoen en onder meer na Brown en Gilman (1960) se werk verwys. Sy brei uit oor die spesifikasies van die tweeledige voornaamwoord in Russies, Jiddish en Puerto Ricaans. Sy ontwikkel ook 'n model vir die gebruik van Amerikaanse aanspreekvorme wat later deur Odendal (1976) aangepas is vir Afrikaanse aanspreekvorme en deur Kotzé (1987) vir aanspreekvorme in die Kaapse Maleiergemeenskap. Sy het haar bevindings saamgevat in 'n model waarvolgens die keuse van die aanspreekvorm deur die sosiale identiteit van die

aangesprokene bepaal word (kyk Figuur 1; lees van links na regs, beginnende by E). Die “sosiale identiteit van die aangesprokene word aan elke binêre selektor gemeet, positief of negatief, totdat die gepaste aanspreekvorm in die heel regterkantste kolom gekies word” (Kotzé 1987:43).

Kotzé (1987:43) beskryf Ervin-Tripp se model as “een van die duidelikste illustrasies van hoe die sosiale struktuur uiteindelik neerslag vind in ’n linguistiese vorm”, maar wys daarop dat “omdat dit ’n logiese model verteenwoordig, [...] dit nie bedoel [is] om die werklike prosesse, of die volgorde van besluitneming deur die spreker aan te dui nie.”

Odendal (1976) se model, wat op Ervin-Tripp se tabel gebaseer is, poog om die meer komplekse Afrikaanse aanspreeksisteem te beskryf. Hy maak gebruik van beide die direkte en indirekte aanspreekvorm en wys op die belang van die sydelingse aanspreekwyse wat in Afrikaans gebruik word. Hierdie sydelingse aanspreekwyse is ’n manier om respek te betoon.

Wybenga (1981) lewer ook kommentaar op Ervin-Tripp se model. Hy verduidelik dat haar model veronderstel die spreker het nie die vryheid om ’n aanspreekvorm te kies nie. Die meerkeusige Amerikaanse aanspreeksisteem “laat nie werklik keuses toe nie, maar is sosiaal bepaal” deur bepaalde sosiale konvensies (Wybenga 1981:9).



Figuur 1: Ervin-Tripp (1973:226) se model vir die keuse van aanspreekvorme

Bosman en Otto (2015:4) sê egter hoewel Ervin-Tripp (1973), Odendal (1976) en Kotzé (1983) “deur middel van vloeiogramme duidelike riglyne rakende die verskillende keuses wat bestaan, kon aandui [...], verhoed die diggeweefde sosiale konteks waarin Afrikaanssprekendes hulle tans bevind, klinkklare norme”. Die hedendaagse aanspreekvormsisteem is bloot te kompleks om met ’n diagram voorgestel te word.

Dit is belangrik om kennis te neem van bestaande modelle rakende aanspreekvormsisteme, maar hierdie modelle kan nie sonder meer as korrek vir die samelewing (veral die Afrikaanse samelewing) aanvaar word nie. Dit is slegs verteenwoordigend van ’n logiese proses en nie noodwendig van die proses wat in die spreker se denke plaasvind nie.

Ter opsomming: die belangrikste tekste rakende die taalhistoriese ontwikkeling van :die voornaamwoord is dié van Brown en Gilman (1960), Brown en Levinson (1994), Brown en Ford (1961) en Ervin-Tripp (1973). Brown en Gilman (1960) verduidelik dat die T- en V- aanspreekvorme vanaf die Romeinse Ryk afkomstig is en hoe hierdie vorme samehorigheid of hoflikheid uitdruk. Ervin-Tripp (1973) ontwikkel ’n model wat die Amerikaanse aanspreekvormsisteem verduidelik. Hierdie model word later deur Odendal (1976) en Kotzé (1987) aangepas.

Na die oorsig oor die algemene beginsels vir die gebruik van aanspreekvorme en die historiese ontwikkeling van die T- en V-aanspreekvorme, word vervolgens gekyk na navorsing rakende spesifiek die Afrikaanse aanspreekvormsisteem.

2.6 ’n OORSIG VAN SEMINALE NAVORSING OOR AFRIKAANSE AANSPREEKVORME

Verskeie navorsers het al navorsing gedoen oor Afrikaanse aanspreekvorme. Myns insiens is die belangrikste studies in hierdie veld dié van Odendal (1976), Ponelis (1979), Scholtz (1981), Wybenga (1981, 1984 en 1987), Combrink (1987), Kotzé (1987), Swanepoel (1989), en Bosman en Otto (2015).

2.6.1 Odendal

Een van die vroegste sosiolinguistiese studies oor die aanspreekvorm in Afrikaans is dié van Odendal (1976). Op grond van sy navorsing kom hy tot die gevolgtrekking dat die spreker se vlak van volwasseheid ’n belangrike faktor by die keuse van aanspreekvorm is (Odendal 1976:105). Om die skeiding tussen volwasse en

onvolwasse te bepaal, is soms moeilik, maar oor die algemeen word skoolkinders as onvolwasse beskou en werkende jongmense as volwasse. Die keuse van aanspreekvorme word dus deur relatiewe ouderdom bepaal (Odendal 1976:107). In 'n gesprek tussen 'n volwassene en onvolwassene word bekende onvolwassenes aanvanklik op die voornaam aangespreek en daarna as *jy*, terwyl onbekende onvolwassenes slegs as *jy* aangespreek word. Bekende volwassenes word met 'n titel en die voornaam *u* aangespreek, en onbekende volwassenes met geen titel nie of as *meneer*, *mevrou* of *(me)juffrou* (Odendal 1976:107). Uit vraelyste onder studente kom Odendal (1976:107) tot die gevolgtrekking dat *tannie* en *oom* slegs gebruik word indien die aangesprokene heelwat ouer as die spreker is, en dat die gebruik van dié twee aanspreekvorme aan die afneem is.

Die keuse van aanspreekvorme teenoor vreemdelinge word bepaal op grond van die spreker se status as ondergeskikte of meerdere, asook op grond van ouderdom, sosiale omstandighede en persoonlike voorkeur (Odendal 1976:109). Odendal (1976:111) merk op dat studente op vraelyste aandui dat hulle van *jy* gebruik sal maak indien die aangesprokene jonger of van dieselfde ouderdom as hulle is. Hy kom tot die gevolgtrekking dat *jy* meer algemeen gebruik word en besig is om die herhalingsvorm te verdring (Odendal 1976:112).

Wybenga (1981:35) kritiseer Odendal (1976) se metodologie. Volgens Wybenga (1981:35) gee Odendal (1976:105) geen "sistematiese uiteensetting van sy metode" (waarin hy vraelyste met persoonlike waarnemings aanvul) nie. Daarom is dit volgens Wybenga (1981:35) moeilik om die geldigheid van sy ondersoek te beoordeel. 'n Vergelyking van Odendal (1976) se resultate met dié van 'n soortgelyke ondersoek sal tot 'n sekere mate die geldigheid daarvan kan bevestig. Die feit dat Odendal (1976) geen uiteensetting van sy metodologie verskaf nie, maak egter 'n replikastudie onmoontlik.

2.6.2 Ponelis

Ponelis (1979:67) beweer die keuse van aanspreekvorm word veral bepaal deur die formaliteit van die situasie. Die gebruik van *u* is redelik beperk, maar dit word geredelik in die skryftaal en in formele gesprekke, die hof en toesprake gebruik. Die informele *jy* is algemeen in die spreektaal, selfs in redelik formele situasies waar die sprekers vreemdelinge is (Ponelis 1979:67).

Julle word in plaas van *u* gebruik as 'n meer informele hoflikheidsaanspreekvorm. Waar statusafstand met redelike gemeensaamheid gepaard gaan, soos in die geval van *ma/pa/tannie/oom*, is *u* ongebruiklik (Ponelis 1979:67). In dié geval kan die voornaamwoord vermy word deur die vokatief te herhaal, byvoorbeeld: "Oom, sal oom my asseblief help?" maar *jy* word tog algemeen gebruik, byvoorbeeld: "Oom, sal jy my asseblief help?" (Ponelis 1979:67).

Ponelis (1979:68) merk op dat *u* 'n deftige 18de-eeuse innovasie is wat Afrikaans van die hoër klasse af ingekom het en nog nooit werklik in die spreektaal opgeneem is nie. Volgens hom is die onderskeid tussen informele en formele aanspreekvoornaamwoorde 'n verskynsel wat oor taalgrense heen strek, soos in die geval van *jy – u*, *du – Sie*, *tu – vous* en *you – thee* (Ponelis 1979:68). Die woord *jy* verkry generiese waarde wanneer dit as bespreekvorm gebruik word en *mens* vervang, byvoorbeeld: "n Mens moet jou nie so maklik die skrik op die lyf laat jaag nie." of "Jy moet kophou" (Ponelis 1979:68).

2.6.3 Scholtz

Scholtz (1981:66) beweer die aanspreekvorme *julle* en *jy/jou* kan gereeld onder die ouer geslag gehoor word, selfs onder dié wat verstedelik en geleerd is, terwyl jonger mense eerder van *u* sal gebruik maak. Afrikaanse kinders, bruin mense en ongeleerdes gebruik deurgaans die sydelingse aanspreekvorme "meneer, mevrou, oom, tante, dominee, dokter ensovoorts – waar *jy (jou)* te familiaal mag klink" (Scholtz 1981:66).

Die indirekte aanspreekvorm word volgens Scholtz (1981:68) as onderwerp, voorwerp en possessiewe verbinding gebruik. Hy merk op dat "die huiwering om bv. 'n persoon na wie opgesien word, direk aan te spreek, 'n soort taboeverskynsel is" (Scholtz 1981:69).

2.6.4 Wybenga

Wybenga (1981) doen navorsing oor die gebruik van aanspreekvorme onder Afrikaanssprekendes in Vanderbijlpark. Sy veldnavorsing vind plaas tussen 1 Februarie en 30 Augustus 1980. Sy navorsing word as een van die belangrikste en breedvoerigste navorsingsprojekte oor die gebruik van aanspreekvorme in Afrikaans beskou en alle hedendaagse studies moet daarvan kennis neem, daarom word sy studie so noukeurig as moontlik bespreek.

Soos reeds aangetoon, is bevindings oor taalvariasie tyd- en plekgebonde. Hoewel Wybenga (1981) se navorsing omvattend is, is dit verouderd, daarom is 'n volskaalse opvolgondersoek rakende die hedendaagse gebruik van aanspreekvorme noodsaaklik. Sy resultate sal met die resultate van hierdie studie vergelyk word.

Wybenga (1981) doen 'n normatiewe ondersoek om vas te stel watter norme en waardes die gebruik van aanspreekvorme onderlê. Hy gebruik vraelyste, onderhoude en objektiewe waarneming, dus 'n gemengde metode (kyk Hoofstuk 3 vir meer inligting oor die verskillende metodes). Hy gee ook 'n oorsig van navorsing wat voor 1981 oor aanspreekvorme gedoen is en lewer kritiek daarop.

Wybenga (1981:1) beweer dat, anders as in byvoorbeeld Russies, meer as net voornaamwoorde gebruik word om die verhoudings en relatiewe status van gespreksdeelnemers aan te dui. Volgens hom is alle Afrikaanssprekendes bewus van die sosiale waardes en sosiale afstand wat deur die gebruik van aanspreekvorme en vokatiwe soos *jj* en *u* aangedui word (Wybenga 1981:2).

Ook in Engels dui aanspreekvorme verhoudings en relatiewe status aan, soos te siene is in die werk van Ervin-Tripp (1973) en andere. In Engels word sosiale afstand en sosiale waardes, in teenstelling met Afrikaans, nie deur slegs die gebruik van *you* uitgedruk nie (vergelyk *you* met *u* en *jj*). Hoewel Engels nie 'n T- en V-vorm het nie, word hierdie sosiale faktore deur ander talige uitings aangedui, byvoorbeeld nuanseverskille in bywoorde en sinsorde. Die verskillende maniere waarop *Sir* byvoorbeeld gebruik word, kan dringendheid en sosiale afstand aandui (Wybenga 1981:2-3).

Wybenga (1981:6) beweer dat daar twee hooforsake is vir onsekerheid en 'n krisis met aanspreekvorme: "verandering in die status van die individu en verandering in die status van 'n groep of groepe". Verandering in die status van 'n individu kan, volgens sosiale konvensie, veroorsaak word deur byvoorbeeld 'n huwelik, ouerskap, egskeiding of bevordering in die werksituasie. Wybenga (1981:8) verdeel die verandering van individuele status in drie breë kategorieë: titelstatusverandering (byvoorbeeld deur akademiese prestasie), situasieverandering (byvoorbeeld 'n ouer wat sy/haar kind se

onderwyser word), en identiteitsvergissing (byvoorbeeld *jy* wat gebruik word waar *u* gepas sou wees).

Verandering in die status van 'n groep kan 'n verandering van sosiale konvensie tot gevolg hê. “Veranderde politieke beskouing vereis dikwels 'n nuwe aanspreekvorm vir groepe binne die gemeenskap.” (Wybenga 1981:8) 'n Voorbeeld hiervan is die verandering in interetniese aanspreekvorme in die 20ste eeu (Swanepoel 1989).

Die keuse van aanspreekvorme word beperk deur sosiale konvensies wat taalgebruik reguleer. Die individu het dus nie algehele vryheid van keuse nie (Wybenga 1981:9). Wybenga (1981:9) verduidelik dat Ervin-Tripp (1973) se tweekeusestelsel nie op vrye keuse van aanspreekvorme berus nie; sosiale reëls beheer die meerkeusige Amerikaanse aanspreekvormstelsel.

“Voorwaardes vir die keuse [van aanspreekvorm] wat uiteindelik gemaak word, verskil van taal tot taal en groep tot groep.” (Wybenga 1981:9 en Ervin-Tripp 1973) Selfs kleiner groepe binne 'n bepaalde taalgemeenskap het waarskynlik hul eie stel reëls (Wybenga 1981:9 en Ervin-Tripp 1973). Wybenga (1981:9) is van mening dat Brown en Gilman (1960) bogenoemde nie in ag geneem het nie en dat Ervin-Tripp (1973) “nie volledig met alle veranderlikes rekening gehou het nie, en dat reëls baie minder bindend is as wat dit met die eerste aanblik voorkom”. Om hierdie rede word sosiolinguistiese sowel as pragmatiese teoretiese aspekte, wat die ondersoekgroep se taalkeuses beïnvloed by hierdie studie betrek.

Volgens Wybenga (1981:9) stel 'n spraakgemeenskap voorwaardes vir die keuse van aanspreekvorme. In navolging van onder andere Odendal (1976:105) se definisie noem hy hierdie voorwaardes *selekteerders* of *onderskeidings*. Vir Afrikaans is die volgende selekteerders van belang: “situasie, volwassenheid, familie, bekendheid, bevriendheid, ouderdom, velkleur en hewige gevoel” (Wybenga 1981:9). Wybenga (1981:10) kritiseer Odendal (1976) omdat hy slegs van vraelyste gebruik gemaak het, terwyl vraelyste slegs 'n “idee van die norm en nie werklike gebruik nie, sal gee”.

Een vraag staan sentraal in ondersoeke na die gebruik van die aanspreekvorm in Afrikaans: “Watter sosiale konvensies lê aan die grond vir die bereëling van die Afrikaanse aanspreekpatroon?” (Wybenga 1981:10). Dit is natuurlik nie moontlik om

hierdie vraag op grond van een of selfs 'n paar studies ten volle te beantwoord of die antwoord op die hele Afrikaanse-taalgemeenskap van toepassing te maak nie. Hierdie studie poog slegs om 'n idee te gee van die aanspreekvormgebruik in een spesifieke tyd-, plek- en groepgebonde gespreksituasie.

Wybenga (1981:10) wys op die belang van stylkongruensie, “die interafhanklikheid van reëls binne die betrokke [manier van praat]” (die woorde *bakgat* en *u* hoort byvoorbeeld nie in dieselfde sin nie). Hy noem verder dat “n bereëling van die Afrikaanse aanspreekvorme [...] met stylkongruensie rekening moet hou, veral omdat daar 'n skynbaar verwarrende gebruik van *u*, *jy*, *julle* en titels en verwantskappe bestaan”.

2.6.4.1 Wybenga se doelstelling

Wybenga (1981) ondersoek aanspreekvorme oor die algemeen, en spesifiek Afrikaanse aanspreekvorme. Status en sosiale afstand is twee baie belangrike aspekte by die studie van aanspreekvorme. Dit behels onder meer die studie van vokatiewe teenoor individue om “die verband daarvan met status en sosiale afstand uit te lig”, veranderende status by die individu sowel as die groep (waar statusverandering van die individu 'n aanspreekpatroon navolg, maar statusverandering van 'n groep 'n verandering in die aanspreekpatroon en dus die sosiale konvensie aandui) (Wybenga 1981:11). Verder is hy gemoeid met die reëls (wat deur sosiale konvensie bepaal word) wat die keuse van aanspreekvorme bepaal, die sosiale aspekte wat die reëls en konvensies (wat hy *onderskeidings* noem) bepaal, en die moontlike rol van geslag, ouderdom, sosio-ekonomiese posisie, stylkongruensie en ander faktore in die keuse van aanspreekvorme. Wybenga (1981:12) vergelyk ook sy bevindings met dié van Brown en Gilman (1960) en Ervin-Tripp (1973).

Wybenga (1981:12) stel sy doelstelling soos volg: “Met hierdie studie word daar beoog om die verband tussen Afrikaanse aanspreekvorme teenoor een persoon en status en statusverwante kwessies, vas te stel. Hieruit vloei voort dat die aanspreekpatroon van 'n afgebakende groep sprekers aan die hand van wisselende status ondersoek moet word. Die uiteindelijke doelwit is om 'n model van die gebruik van die Afrikaanse aanspreekpatroon binne die afgebakende ondersoekterrein daar te stel.”

2.6.4.2 *Wybenga se metodologie*

Soos reeds genoem, het Wybenga (1981) gebruik gemaak van onderhoude, 'n vraelys en sistematiese waarneming om sistematiese en objektiewe gegewens te verkry. Sy navorsing het plaasgevind tussen 1 Februarie en 30 Augustus 1980. Hy het soos volg te werk gegaan (Wybenga 1981:38):

- Die gebied is afgebaken en die teikengroep is vasgestel.
- 'n Waarnemingslys en kontrolelys is gebruik om spraakkomponente wat 'n invloed op die aanspreekvorm en status kon hê te analiseer.
- Onderhoude en 'n vraelys is gebruik om die norm vas te stel.
- Soveel as moontlik verskillende situasies is ondersoek, en soveel as moontlik deelnemers is betrek.
- Slegs die eerste vyf uitings in elke gespreksituasie is aangeteken.

Wybenga (1981:52) het in enkele gevalle sy vraelys gebruik om onderhoude met respondente te voer om “vas te stel of die normgebruik in die vraelys en in die onderhoudsituasie ooreen sal kom”. Hy het probeer vasstel of sekere aanspreekvorme prestigewaarde het of gestigmatiseer is. Die doel van die bykomende onderhoude was dus “om die geïdealiseerde norm te bepaal”; dit stem ooreen met die doel van die vraelys (Wybenga 1981:52). Aanspreekvorme wat teenoor Wybenga (1981:52) gebruik is, is ook tydens hierdie onderhoude opgeskryf.

Wybenga (1981:83), het eers 'n voorlopige vraelys versprei. 'n Interessante probleem wat met die invul van die voorlopige vraelys opgeduik het, is dat die voorkoms van *u* in sekere van die vrae 'n twintigjarige respondent gelei het om “u” te antwoord. Die oorspronklike vraag was: “Vra 'n vrou, wat 10 jaar jonger as u is, waar sy haar mooi klere koop.” Die probleem is oorbrug deur dié soort vraag eerder soos volg te stel: “Vra vir 'n vrou, 10 jaar jonger, waar sy haar mooi klere koop.” Die inleidende opdrag is ook verander van “Skryf wat u in die volgende gevalle sal sê” na “Skryf hoe die volgende gesê word” (Wybenga 1981:83-84). 'n Vraag na taalvoorkeur is indirek eerder as direk gestel. Die oorspronklike “Watter taal klink vir u die mooiste? ENGELS/AFRIKAANS” is byvoorbeeld verander na “Vra 'n Engelssprekende van ongeveer 30, waar die apteek is” (Wybenga 1981:54).

Alhoewel die eerste probleem (die gebruik van “u” in die vraag) myns insiens na wense opgelos is, is dit nie die geval met die tweede probleem (vraag na taalvoorkeur) nie.

Leidende vrae is beter as direkte vrae, maar die keuse van watter taal om teenoor 'n spreker van 'n ander taal te gebruik, is nie noodwendig 'n aanduiding van taalvoorkeur nie. Die keuse van watter taal om teenoor 'n Engelssprekende te gebruik, het myns insiens meer met akkommodasie as met taalvoorkeur te make, ongeag die era waarin die gesprek plaasvind. Linguistiese akkommodasie vind plaas wanneer 'n spreker sy of haar spraak by die aangesprokene se spraak aanpas (Nordquist 2018b). In hierdie geval sou die voordeel van 'n onderhoud wees dat die respondent gevra kon word om uit te brei oor taalvoorkeur.

Wybenga (1981:56) het in totaal 115 vraelyste versprei, waarvan 94 voltooi is. Veertien van die 94 lyste moes om verskeie redes uitgeskakel word. Wybenga (1981:55 en 63) bereik in werklikheid nie die ideale verspreidingspatroon in terme van geslag, ouderdomsgroep, beroep en taal wat hy aanvanklik beplan het nie. Hy merk op dat die grootste probleem wat hy en sy medewerkers met die sistematiese waarnemings ondervind het, was om deelnemers se inligting oor hul "huwelikstatus, ouderdom, beroep en spreektaal" te kry (Wybenga 1981:59). Ouderdom was die moeilikste om vas te stel, en hulle het uiteindelik besluit om ouderdom te skat. (Vir hierdie studie is ouderdom ook geskat omdat daar geen fisiese interaksie met die sprekers was nie. Die ouderdom van die persone wat die vraelys ingevul het, is egter direk gevra (kyk Hoofstuk 3).

2.6.4.3 Wybenga se resultate

Wybenga (1981:60) rekenariseer sy bevindings ten einde sy resultate te kan analiseer. Hy merk op: "Aangesien 'n ewe gewig aan alle situasies gegee is, kan die voorkoms volgens die verwerkte gegewens van aanspreekvorme nie gesien word as 'n reflektoring van die daaglikse gebruik van die aanspreekvorme nie." Hierdie tekortkoming van Wybenga (1981) se navorsing moet in ag geneem word wanneer die geldigheid van sy bevindings beoordeel word.

Na uitgebreide statistiese ontleding van "die totale gebruik van aanspreekvorme in die vraelyste en onderhoude [...] word daar 'n beeld van die norm gevorm" (Wybenga 1981:109). Die veranderlikes wat hy in ag neem, is bekendheid, ouderdomsverskil tussen die deelnemers en situasie (Wybenga 1981:109 en verder).

Rakende die eerste aansprake kom Wybenga (1981:109) tot die gevolgtrekking dat die Afrikaanssprekende se keuse van aanspreekvorm dié vorm is wat “verhef word tot die ideale en die korrekte vir ’n spesifieke situasie”. Uiteindelik word slegs een of op die meeste twee aanspreekvorme as korrek aanvaar deur die gespreksdeelnemers. Volgens Wybenga (1981:10) kon die norm in die onderhoudsituasie duidelik bespeur word, aangesien daar ’n baie kleiner keuse van aanspreekvorme was as in die vraelyste. Die bevindings van die onderhoudsituasie is dus moontlik nader aan werklike taalgebruik.

Dit blyk dat *mevrou* en *dame* die norm is vir onbekende blanke vrouens bo die ouderdom van 20 wat meer as 10 tot 15 jaar ouer as die spreker is. *Juffrou* of *meisie* blyk die gekose vorm te wees vir vrouens jonger as 20. Op die vraelyste is *tante* (*tannie*) bo *mevrou* verkies vir onbekende blanke vrouens wat meer as 20 jaar ouer as die spreker is, maar in die onderhoude is *mevrou* verkies (Wybenga 1981:110). Wybenga (1981:111) voorspel dat die gebruik van *tante* (*tannie*) sal toeneem, nie net op grond van die prestigegroep se voorkeur nie, maar ook omdat ouer sprekers aangedui het dat die gebruik van *tante* (*tannie*) toegeneem het sedert die veertigerjare.

Oom word egter minder teenoor onbekende mans gebruik. *Meneer* word gerieflikheidshalwe gekies omdat dit van toepassing is op beide getroude en ongetroude mans. Die voorkoms van *oom* het ook toegeneem sedert die veertigerjare (Wybenga 1981:111). Onbekende kinders onder 14 word as *boetie* (*boet*, *boetman*) en *meisie* aangespreek (Wybenga 1981:111).

Bekende blanke mans wat om en by dieselfde ouderdom as die spreker is, word op die voornaam aangespreek of met vorms soos *ou maat*, *vriend*, *man* en *jong*. Mans wat 15 jaar of meer ouer as die spreker is, word as *oom* aangespreek. Indien die aangesprokene egter in ’n gesagsposisie is, word *meneer* verkies. Dokters en predikante word op hulle titels aangespreek (Wybenga 1981:112).

Bekende blanke vrouens word op die voornaam aangespreek indien hulle omtrent dieselfde ouderdom as die spreker is, en indien hulle meer as 15 jaar ouer as die spreker is, as *tante* (*tannie*). Ten spyte van die feit dat hy nie oor data beskik om sy aanneme te staaf nie, beweer Wybenga (1981:112) dat vrouens in gesagsposisies as *mevrou* of *juffrou* aangespreek sal word.

Rakende interetniese aanspreekvorme dui Wybenga (1981:113) aan dat bekende swart vrouens aangespreek word as *ousie* of *ou* + *voornaam*. Onbekende swart vrouens word *ousie* of *mosadi* genoem (Wybenga 1981:113). Wybenga (1981:113) neem aan die keuse van aanspreekvorm teenoor vreemde en bekende swart mans sal ooreenstem met dié teenoor swart vrouens. Hy dui ook aan dat die aanspreekvorme *nonna* en *outa* in die onderhoude teenoor vreemde swart mans voorgekom het. Swart mans van aansien word op hulle titel of as *meneer* aangespreek, hoewel die aanspreekvorm dikwels vermy is (Wybenga 1981:113-114).

In sy ondersoek na die tweede aanspraak (bespreekvorm), bevind Wybenga (1981:115) dat slegs *jy*, *u* en die R-vorm gebruik word. Onbekende, volwasse, blanke persone is oorweldigend as *u* aangespreek, en teenoor ouer persone is dikwels die R-vorm gebruik. Waar gesag 'n rol speel, is bekende blanke persone as *u* aangespreek, maar teenoor vriende is *jy* en die R-vorm algemeen gebruik. Daar is bevind dat kinders oor die algemeen 'n R-vorm teenoor hulle moeder gebruik en dat dit ook oorweldigend so verkies word. *Jy* word teenoor kinders gebruik (Wybenga 1981:117).

Teenoor nieblankes van 'n laer status word *jy* algemeen gebruik, terwyl die gebruik van *u* meer algemeen is teenoor nieblankes van 'n hoër status. Die aanspreekvorm is egter in sulke gevalle baie gereeld totaal vermy (Wybenga 1981:117).

2.6.4.4 Wybenga se gevolgtrekkings

Die rekenaarverwerkte gegewens en die verwerking van die sistematiese waarnemings het daarop gedui dat “die vind van 'n eenvoudige patroon uitgesluit is” (Wybenga 1981:119). 'n Patroon is gesoek in die poging om 'n norm vas te stel. Rakende Wybenga (1981:124) se sistematiese waarnemings, merk hy op dat “in verskeie gevalle [...] dit egter nodig [was] om óf geen gevolgtrekkings te maak nie weens 'n gebrek aan genoeg gegewens, óf om slegs 'n opmerking te maak vanweë dieselfde rede”. Dit was met ander woorde nie so eenvoudig om norme vas te stel by die objektiewe waarnemings soos in die geval van die vraelys en die onderhoude nie. Die algehele geldigheid van die resultate van Wybenga (1981) se sistematiese waarnemings moet dus bevraagteken word. Wybenga (1981:124) wys die leser ook daarop dat sy gegewens nie die “werklike daaglikse voorkoms weerspieël nie, maar net die waarskynlike

voorkoms as die situasie, en watter ander komponente ook al, konstant gehou word”, soos in die geval van sy ondersoek.

Volgens Wybenga (1981:150) toon die objektiewe waarnemings dat die belangrikste veranderlikes wat die eerste aanspraak beïnvloed, die volgende (in volgorde) is: bekendheid, ras, ouderdomsverskil tussen die deelnemers, situasie en emosie (alhoewel te min gegewens verkry is oor emosie om dit beslis as belangrik te ag).

Die volgende aanspreekvorme is waargeneem (in volgorde van wat die meeste voorkom tot wat die minste voorkom): *voornaam, oom, meneer, mevrou* en *juffrou, pa* en wisselvorme, *tante* en wisselvorme, *meneer* en *van/voornaam, ma* en wisselvorme, ander vorms (byvoorbeeld *dame, boetie, vrou* en *ou man*), *titels* met en sonder naam/van (byvoorbeeld *dominee, professor* en *dokter*), en laastens vorms soos *meneer die voorsitter* (Wybenga 1981:150).

Wybenga (1981:164) se finale gevolgtrekkings is aan sy doelstelling en navorsingsvraag gemeet. Die doel is uiteindelik om die navorsingsvraag te beantwoord: “Watter redes is onderliggend aan die keuse van ’n spesifieke aanspreekvorm en wat is die statusfunksies van die betrokke aanspreekvorm ten aansien van die aangesprokene?” (Wybenga 1981:164).

Wybenga (1981:164) se ondersoek lei hom tot die gevolgtrekking dat “die eerste of tweede aanspraak alleen, nie die sosiale afstand tussen die spreker en die aangesprokene kan vergestalt nie, ook nie die relatiewe status tussen die deelnemers in ’n besondere situasie nie.” Hy bevind verder “Al twee aansprake saam is ook nie altyd voldoende om status en sosiale afstand uit te druk nie” (Wybenga 1981:165).

Die situasie moet ten alle tye as ’n geheel beskou word sodat status sowel as sosiale afstand bepaal kan word (Wybenga 1981:165). Wybenga (1981:166) waarsku dat “oorveralgemenings [altyd] tot oorvereenvoudiging [lei]” en dat dit altyd in ag geneem moet word wanneer die funksie van die aanspreekvorm bepaal word.

2.6.4.5 Wybenga se bevindings

Wybenga (1981:198) bevind net soos Labov en Gumperz en Hymes (1972) dat “mense nie bewus is van hulle eie gebruik van taal nie”. Dit is veral duidelik wanneer in ag geneem word dat die vorms wat sprekers in die ondersoek gesê het hulle gebruik (die norm) en die vorms wat waargeneem is (werklike gebruik) van mekaar verskil. Daar is dus ’n groot verskil tussen die norm en gebruik van aanspreekvorme (Wybenga 1981:198).

Wybenga (1981:199) gebruik Labov (1972:196) se definisie van ’n spraakgemeenskap, naamlik dat dit ’n groep sprekers met dieselfde houding teenoor taal is, om te motiveer hoekom hy sosiale kategorieë opstel volgens die sprekers in die groep se identiese gebruik van aanspreekvorme. Wybenga (1981:201) het egter nie genoeg gegewens ingewin om sy ondersoek in alle gevalle na wense af te handel nie. Hy beweer dat ’n veel groter korpus as Labov s’n ondersoek moet word om beduidende gegewens te verkry (Wybenga 1981:201).

2.6.4.6 Wybenga se probleme en die geldigheid van sy studie

Wybenga (1981:201 en 203-204) beskou sy grootste probleem as die feit dat daar te veel veranderlikes was om ’n model vir die gebruik van aanspreekvorme onder Afrikaanssprekendes in Vanderbijlpark op te stel. Hy beskou dit as ’n bewys dat só ’n model as onwetenskaplik beskou kan word. Hy kon ook nie ’n uitspraak maak oor “die rol van emosie, toonaard en genre” in die gebruik van aanspreekvorme onder Afrikaanssprekendes in Vanderbijlpark nie (Wybenga 1981:203-204).

Volgens Wybenga (1981:204) beklemtoon sy ondersoek onder Afrikaanssprekendes in Vanderbijlpark dat status- en statusverwante faktore ’n deurslaggewende invloed het op die gebruik van die Afrikaanse aanspreekvorm.

Op grond van die sistematiese waarneming van ’n gesprek tussen volwassenes van verskillende status in ’n apteek lei Wybenga (1984) af dat aanspreekvorme nie bloot as ’n sisteem benader kan word nie, maar dat ’n normatiewe sisteem vasgestel moet word op grond van die gekose aanspreekvorm (Wybenga 1984:83). Die keuse van aanspreekvorme is ’n ingewikkelde proses waarin faktore soos status, gespreksituasie

en bedoeling 'n rol speel (Wybenga 1984:81). Veral sprekers se status speel 'n groot rol (Wybenga 1984:84).

Oor die algemeen vermy sprekers van gelyke status aanspreekvorme en maak dan mettertyd gebruik van *jy* en *jou* (Wybenga 1984:82). Wybenga (1984:84) voer aan dat die rede vir die keuse van 'n aanspreekvorm belangriker is as die gekose vorm self.

Wybenga (1987:35) meen die deelnemers in enige gesprek sluit 'n kontrak of bevestig 'n bestaande kontrak. Elke gesprek het ten doel om wedersydse begrip te verkry. Dit hang grootliks daarvan af of die sprekers mekaar se status binne die gemeenskap kan bepaal (Wybenga 1987:35). Hierdie kontraksluiting het vier fases (Wybenga 1987:37):

- aanbod;
- evaluering van die aanbod;
- aanvaarding of verwerping van die aanbod; en
- indien die aanbod verwerp is, 'n moontlikheid van 'n heraanbod.

Daarna word die fases in volgorde herhaal. Aanspreekvorme dra baie by tot die sluiting en hernuwing van 'n gesprekskontrak (Wybenga 1987:37).

Indien die sprekers mekaar ken, is dit nie nodig om telkens 'n nuwe kontrak te sluit nie; dit word slegs hernu deur mekaar te groet (Wybenga 1987:37). Indien die status van een of albei die sprekers egter verander, is dit nodig om 'n nuwe kontrak te sluit (Wybenga 1987:38). Geen kontrak word gesluit indien sprekers van veranderde statusse nie die gekose aanspreekvorme aanvaar nie, en geen suksesvolle gesprek is dan moontlik nie (Wybenga 1987:38).

Die aanspreekvorme bring nie die kontrak tot stand nie, maar die aard van die kontrak kan uit die keuse van die aanspreekvorme afgelei word (Wybenga 1987:38).

Aanspreekvorme kan in twee groepe gedeel word (Wybenga 1987:39):

- randvorme wat nie in die sin geïntegreer word nie; en
- aanspreekvorme wat in die sin integreer word.

Randvorme sluit die volgende in: voorname; byname; vanne; kwalifikasie- en beroepsgebonde vorms; geslagsgebonde vorms teenoor kinders; geslagsgebonde vorms teenoor volwassenes (*meneer, mevrou, tannie* en *oom*); informele geslagsgebonde vorms teenoor volwassenes (*ou maat, vroujie, dametjie*);

niegeslagsgebonde vorms teenoor kinders; verwantskapsname; funksiegebonde vorms (*u edele, broeder*); rasgebonde vorms; algemene vorms wat teenoor enige iemand gebruik kan word (*jong, man, mens*); algemene vorms soos die appèlvorm; en affektiewe vorms (Wybenga 1987:38-39).

Aanspreekvorme wat in die sin geïntegreer word, sluit die volgende in: voornaamwoorde (*jy, u, julle*); herhalingsvorme (*casus oblique* – wat 'n herhaling is van een van die randvorme); en die vermydingsvorm, waar die aanspreekvorm heeltemal vermy word (\emptyset). Laasgenoemde kom veral voor wanneer die situasie vreemd is, die deelnemers mekaar nie ken nie, en die spreker 'n onpersoonlike gesprek wil voer (Wybenga 1987:39).

Die keuse van aanspreekvorme word deur 'n tweeslagtige reëlstelsel bepaal. Dit word beïnvloed deur die taal self en deur statusverskille tussen die sprekers (Wybenga 1987:40). Die vokatief word veral bepaal deur die status wat die aangesprokene in die spreker se oë het (Wybenga 1987:40). Die gebruik van die voornaam druk bekendheid, samehorigheid en onderhorigheid aan die spreker uit (Wybenga 1987:40). Die gebruik van *oom* en *tante/tannie* druk nie onderhorigheid uit nie, maar wel informele respek vir 'n aangesprokene van 'n hoër ouderdom (Wybenga 1987:40). Geslagsgebonde aanspreekvorme (*meneer, juffrou, dame*) druk relatiewe onbekendheid uit, maar kan ook skertsend teenoor 'n bekende gebruik word (Wybenga 1987:40).

Die gekose aanspreekvorm dui die volgende in 'n gesprekstransaksie aan: volwassenheid, geslag, huwelikstatus, onbekendheid van huwelikstatus, onbekendheid, groot sosiale afstand en formaliteit (wat nie noodwendig met onbekendheid en sosiale afstand gepaardgaan nie) (Wybenga 1987:41).

2.6.5 Combrink

Volgens Combrink (1987:17) kan die keuse van 'n vokatief aandui of die meerdermens die mindermens se menswaardigheid erken, en of die spreker die situasie as formeel of informeel beskou. Die spreker se status blyk ook daaruit dat die meerdermens aan die mindermens toestemming moet gee om die meerdermens op sy naam te noem (Combrink 1987:17). Die afstand, en dus bekendheid, van die sprekers beïnvloed die keuse van 'n vokatief (Combrink 1987:17). Die gebruik van voorname dui op persoonlike bekendheid en solidariteit (Combrink 1987:18).

Geleentheidsroepname kom voor in ongewone, formele situasies soos 'n vergadering en het ander funksies as dié van konvensionele roepname. Geleentheidsroepname kan verskil van die roepname wat dieselfde sprekers in 'n alledaagse, informele situasie gebruik (Combrink 1987:20). Toename en byname is ander tipes vokatiewe wat ook voorkom (Combrink 1987:22).

Titels gee erkenning aan die aangesprokene se status in die gemeenskap (Combrink 1987:23). Watter titel gebruik word, hang af van die spreker se geslag, moontlike adellike afkoms, ouderdom, familieverwantskap, huwelikstatus, kerkverband, beroep, eggenoot se beroep, akademiese prestasie en rang (Combrink 1987:23).

Predikatiewe naamwoorde en naamwoordgroepe kan ook as vokatiewe gebruik word (Combrink 1987:24). Die gekose vokatief dui die vlak van sosiale interaksie tussen die sprekers aan en moet gepas wees ten opsigte van hoflikheid, formaliteit en die bekendheid tussen die sprekers, sowel as moontlike affek (Combrink 1987:28). 'n Goed gekose vokatief kan kommunikasie tot stand bring, maar die verkeerde keuse kan dit laat misluk.

2.6.6 Kotzé

Kotzé (1983:ii) gebruik Labov se metodologie om die meganisme en sosiale konteks van linguistiese verandering te beskryf. Hy voer gestruktureerde onderhoude met 59 van die ongeveer 172 000 Afrikaanssprekendes in die Maleiergemeenskap in Kaapstad en maak 22 uur se stemopnames (Kotzé 1983 en 1987). Hy gebruik ook geskrewe rekords vanaf 1856 en bevind dat minstens 56% van die unieke verskynsels wat in die voorafgaande eeu in die Maleiergemeenskap se taal teenwoordig was in 1983 steeds te bespeur is (Kotzé 1983:ii).

Kotzé (1983:iii) bevind verder dat pragmatiese faktore 'n groot invloed op die relatiewe frekwensie van linguistiese verskynsels en hulle situasionele en stilistiese variasie het, en dat die aanspreekvormsisteem van 'n taal 'n aanduiding is van die sosiale norme wat die hiërargiese struktuur in 'n samelewing bepaal.

Volgens Kotzé (1987:43) is kennis van die aanspreekreëls in 'n taalgemeenskap 'n komponent van sprekers se kommunikasievaardigheid. Naas *u* word die sydelingse

aanspreekvorm in Afrikaans gebruik om respek te toon (Kotzé 1987:46). In die Kaapse Maleier-Afrikaanse sisteem is die sydelingse aanspreekvorm meer uitgebreid as in Oosgrensafrikaans, waar dit beperk is tot formele en familiale titels (nie noodwendig in familieverband nie) (Kotzé 1987:46-47). Kotzé (1987:7) voer aan dat die Maleiersisteem gedurende die wordingstyd van Afrikaans bygedra het tot die tipies Afrikaanse sydelingse aanspraak en dat dit nie in alle gevalle uit Nederlands oorgeneem is nie.

Formaliteit speel nie 'n groot rol by die keuse van aanspreekvorme onder die Maleiers nie (Kotzé 1987:47). Formaliteit speel slegs 'n oorwegende rol in 'n gespreksituasie met iemand van buite die gemeenskap (Kotzé 1987:47). Die aanspreeksisteem in die Maleiergemeenskap word deur religieuse en kultuurgrense beperk, met familiariteit, status in die gemeenskap en faktore soos ouderdomsverskil en verwantskap as deurslaggewende maatstawwe. *U* word feitlik nooit gebruik nie, en *jy* word slegs gebruik in baie familiêre omstandighede; andersins word die sydelingse aanspreekvorm gebruik, wat óf 'n religieuse óf 'n familiale titel óf die voornaam is (Kotzé 1987:47). Iemand wat ongeveer tien jaar ouer as die spreker is, word altyd aangespreek deur gebruik te maak van die sydelingse aanspreekvorm en nooit as *jy* of *jou* nie (Kotzé 1987:47-48).

Slegs die titel word gebruik in die geval van familiale of sosiale titels, waar die voornaam saam met 'n religieuse titel gebruik kan word, afhangend van die familiariteit en die ouderdom van die aangesprokene. Professionele titels word altyd sonder voornaam of *jy* en *jou* gebruik (Kotzé 1987:48). Sommige tipies Maleise vorms het verwesters, byvoorbeeld *oupa* en *ouma* wat gebruik word in plaas van *tatta* of *ouboeja* en *memme* of *oumie*. Verder oorvleuel familiale en sosiale kategorieë in sekere gevalle (Kotzé 1987:48). Die spreker se sosiale identiteit, wat by wyse van veralgemening bepaal word, is 'n belangrike faktor by die keuse van aanspreekvorme (Kotzé 1987:48).

Indien reëls oor die aanspreeksisteem geformuleer word, sal dit ons in staat stel om sociolinguistiese stelsels sistematies en kontroleerbaar met mekaar te vergelyk, selfs al pas al die sprekers van 'n taal nie die reëls eenders toe nie (Kotzé 1987:48). Die individu se aanspreeksisteem kan deur 'n groot aantal faktore beïnvloed word, insluitende die spreker se ouderdom en geslag (Kotzé 1987:50). 'n Sekere groep se taalgebruikskenmerke kan egter ooreenstem en dit staan dan bekend as die sosiolek van daardie groep (Kotzé 1987:50).

Indien gegewens oor 'n individuele aanspreksisteem in 'n taal wetenskaplik en objektief versamel en gekwantifiseer word, kan dit 'n aanduiding gee van die maatskaplike verhoudings in die gemeenskap, sowel as die sosiale identiteit van individuele sprekers (Kotzé 1987:50). 'n Komponent van kommunikatiewe vaardigheid in 'n gegewe spraakgemeenskap kan so geformaliseer word (Kotzé 1987:50).

2.6.7 Swanepoel

'n Seminale teks rakende interetniese aanspreekvorme is dié van Swanepoel (1989). Aangesien ander navorsing nie hoofsaaklik op interetniese aanspreekvorme fokus nie, word Swanepoel (1989) se werk hier breedvoerig bespreek. (Swanepoel se terme *blanke* en *nieblanke* word behou ter wille van duidelike verwysing na haar werk.)

Swanepoel (1989:1) poog om met teksgebaseerde ondersoeke vas te stel waarop die keuse van aanspreekvorme tussen blankes en nieblankes aanvanklik berus het en hoe hierdie sisteem deur die loop van die Afrikaanse geskiedenis verander het. Sy doen dit deur die interetniese aanspreekvorme en verwysingsvorme in Afrikaanse tekste uit verskillende tydperke te bestudeer en veranderingstendense vas te stel (Swanepoel 1989:29). Ses verskillende tydperke is ondersoek, naamlik 1652-1800, 1801-1860, 1861-1920, 1921-1940, 1941-1960, en 1961-1988 (Swanepoel 1989:1-2). Literêre werke van C.M. van den Heever, P.J. Schoeman, S.J. du Toit en J. van Melle is ondersoek (Swanepoel 1989:101-126).

Swanepoel (1989:30-39) bespreek die volgende aanspreekvorme:

- 'n nieblanke spreek 'n blanke aan (of verwys na 'n blanke);
- 'n blanke verwys na 'n ander blanke of na hom-/haarself;
- 'n blanke spreek 'n nieblanke aan (of verwys na 'n nieblanke); en
- 'n nieblanke verwys na 'n ander nieblanke.

In haar studie bespreek Swanepoel (1989:28) nie aanspreekvorme en verwysingsvorme wat eksklusief binne sekere etniese gebiede of groepe gebruik word nie, maar wel die verandering wat met verloop van tyd plaasgevind het. Skrywers en uitgewers het begin om aanspreek- en verwysingsvorme wat in die verlede aanvaarbaar was en algemeen voorgekom het, maar mettertyd minder aanvaarbaar of onaanvaarbaar geraak het, in hersiene uitgawes van literêre werke en werke wat later gepubliseer is te vervang met

aanvaarbare aanspreekvorme en verwysingsvorme. Dit is hierdie veranderinge wat sy ondersoek deur die volgende met mekaar te vergelyk (Swanepoel 1989:101-126):

- die oorspronklike en hersiene uitgawes van 'n spesifieke werk wat deur die skrywer self hersien is;
- werke wat in verskillende tydperke deur dieselfde skrywer geskryf is; en
- die oorspronklike en hersiene uitgawes van 'n spesifieke werk wat deur iemand anders as die outeur self hersien is.

Werke van dieselfde aard wat in verskillende tydperke deur verskillende skrywers geskryf is, word ook bespreek (Swanepoel 1989:120-125).

Swanepoel (1989:100) toon aan dat interetniese aanspreekvorme in die gespreksverhoudings “blanke verwys na blanke” en “nie-blanke rig hom tot / verwys na blanke” in die periode 1652-1988 verander het. Veranderinge is veral te bespeur in die manier waarop blankes nieblankes aanspreek en na hulle verwys (Swanepoel 1989:101). Daar is 'n tendens om weg te breek van interetniese vorms soos *baas* en om dit met nie-interetniese vorms soos *meneer* te vervang (Swanepoel 1989:100). Die gebruik van interetniese aanspreekvorme in gespreksverhoudings tussen blankes en nieblankes is egter steeds volop.

Swanepoel (1989:1) neem kennis van Odendal (1976 en 1984), Scholtz (1963), Kotzé (1983), Wybenga (1981) en Moelich (1984) se studies van naamwoorde, maar voer aan dat sy die eerste is wat “aanspreekvorme tussen die onderskeie etniese groepe” ondersoek. Volgens haar is die herkoms van Afrikaanse interetniese aanspreekvorme “die verhaal van kommunikasie tussen blank en nie-blank” (Swanepoel 1989:17). Die etimologie van sekere Afrikaanse aanspreekvorme toon duidelik dat woorde in Suid-Afrika só verander het dat hulle heel ander toepassings gekry het (Swanepoel 1989:18).

Swanepoel (1989:126) benadruk die feit dat sy nie fokus op die aspek van neosensuur nie, maar op die veranderinge in die verskillende uitgawes van literêre werke. Daar bestaan “wel 'n neiging weg van die interetniese vorm as sodanig en meer spesifiek van interetniese vorms met onmiskenbare pejoratiewe waarde” (Swanepoel 1989:126). Interetniese vorms met “meer” pejoratiewe waarde verander dus na interetniese vorms met “minder” pejoratiewe waarde. *Kaffers* verander byvoorbeeld eers na *volkies/naturelle/skepsels*, dan na *Bantoes* en uiteindelik na *swartes/swartmans*, soos in die verskillende uitgawes van *Laat Vrugte* en *Bart Nel* (Swanepoel 1989:126). Mettertyd

verander interetniese vorms met “minder” pejoratiewe waarde na nie-interetniese vorms. *Volkies/naturelle/skepsels/Bantoes* verander byvoorbeeld na *werksmense/(plaas)werkers/bediendes* (Swanepoel 1989:127).

Al bogenoemde veranderinge word egter deur die subjektiwiteit van die herskrywer bepaal. Veranderinge hang dus af van wat die skrywer/herskrywer as aanvaarbaar of onaanvaarbaar beskou (Swanepoel 1989:127). Swanepoel (1989:127) kom tot die gevolgtrekking dat die gebruik van aanspreek- en verwysingsvorme tydsgebonde is en dat die veranderingstendense gesien kan word in die keuse van aanspreek- of verwysingsvorme deur skrywers en herskrywers.

Wetgewing en riglyne deur die SAUK en die onderwysdepartement toon dat “definitiewe normatiewe of sosiale meganismes in die maatskappy bestaan wat verantwoordelik is vir veranderinge in die gebruik van interetniese aanspreekvorme” (Swanepoel 1989:129).

Swanepoel (1989:129) beveel ten slotte aan dat ’n sosiolinguistiese studie aanvullend tot haar studie gemaak word van interetniese aanspreek- en verwysingsvorme soos wat dit in verskillende sosio-ekonomiese groepe in die samelewing voorkom. ’n Groot tekortkoming van Swanepoel (1989) se teksgebaseerde studie is dat sy nie taal bestudeer het soos wat dit werklik alledaags gebruik word nie. Haar bevindinge is beperk tot die skrywers en herskrywers van die bestudeerde werke se ervarings en persepsies oor die gebruik van aanspreekvorme. Dit is dus duidelik dat verdere sosiolinguistiese studies rakende aanspreekvorme noodsaaklik is.

2.6.8 Bosman en Otto

Bosman en Otto (2015:361) doen ’n kwantitatiewe studie met die fokus op die aanspreekvorm *u*. Hulle maak gebruik van ’n uitgebreide elektroniese vraelys met die doel om te bepaal wat die norm, gebruik en persepsies van *u* is. Hulle wil ook vasstel of Afrikaanssprekendes se taalgebruik verander het sedert die 1980’s toe die vorige navorsing gedoen is (Bosman & Otto 2015:361-362). Hulle gebruik die term *aanspreekvorm* vir direkte sowel as indirekte aanspreekvorme en beskou dit as ’n “oorkoepelende term vir daardie woorde of titels waarmee een persoon ’n ander aanspreek” (Bosman & Otto 2015:362).

Sosiale konvensies of voorwaardes vir die gebruik van aanspreekvorme word *selekteerders* genoem (Odendal 1976:105) en bestaan uit faktore soos formaliteit, gesag, volwassenheid, status, bekendheid en verwantskap (Bosman & Otto 2015:366). Aanspreekvorme word beskou as 'n aanduiding van sosiale verhoudings in 'n spesifieke spraakgemeenskap. “Mags- en solidêre verhoudings, status en gelykheid, hoflikheid en afstand” word uitgedruk deur die keuse van aanspreekvorm (Bosman & Otto 2015:371). Onbekendheid bepaal die gebruik van *u*, en die pragmatiese funksie van “behoefte aan hoflikheid en respektoning” kom te voorskyn wanneer status en ouderdom ter sprake is (Bosman & Otto 2015:389).

Bosman en Otto (2015:377) beklemtoon dat hulle ondersoek nie beskou kan word as 'n ewekansige steekproefneming van die Afrikaanssprekendes van Suid-Afrika en Namibië nie. Deelnemers van beide geslagte, verskeie ouderdomme en met uiteenlopende werksituasies het 379 vraelyste ingevul. Die groot meerderheid was wit (Bosman & Otto 2015:378-379).

Bosman en Otto (2015:389) bevind dat *u* volgens die oordeel van die deelnemers oor die algemeen wel nog bekend is en in die Afrikaanse taalgemeenskap gebruik word.

2.6.9 Samevatting

Soos hierbo aangetoon, het navorsers oor die Afrikaanse aanspreekvorm tot dusver hoofsaaklik gebruik gemaak van 'n sosiolinguistiese teoretiese agtergrond en dit nie met aspekte van die pragmatiek soos beleefdheid gekombineer nie. *Tannie* en *oom* was tot dusver nog nie die fokus van navorsing oor Afrikaanse aanspreekvorme nie.

Hierdie studie verskil dus van vorige navorsing deurdat *tannie* en *oom* vanuit sowel die sosiolinguistiek as die pragmatiek bestudeer word. Die metodologie wat gevolg is (veldnavorsing) word vervolgens in Hoofstuk 3 bespreek.

3 NAVORSINGSMETODOLOGIE

3.1 INLEIDING

Navorsingsmetodologie word beskryf as die “beredeneerde en beplande prosedures wat deur die navorser gevolg en verantwoord kan word om data vir ’n bepaalde navorsingsprojek in te samel en analiseer” (Lombard 2016:5). Hierdie prosedures sluit die volgende in:

- literatuurstudie;
- die bepaling van ’n steekproef;
- die keuse van data-insamelingsmetodes; en
- prosedures van data-analise en -interpretasie.

Etiese oorwegings en beperkings van die navorsing moet ook oorweeg word (Lombard 2016:5).

Labov (1970 en elders) word deur onder andere Kotzé (1983) en Wybenga (1981) aangedui as een van die belangrikste sosiolinguïste. Sy werk is veral van belang by die bespreking van sosiolinguïstiese metodologiese aspekte. Eerder as om te fokus op die aard van die sosiolinguïstiek, bemoei hy hom met praktiese oorwegings. Hy fokus onder andere op die sosiolinguïstiese veranderlike. Dit kan gedefinieer word as ’n linguïstiese item wat korreleer met ’n nielinguïstiese veranderlike in die sosiale konteks van die gespreksituasie: die spreker, die aangesprokene, die gehoor, ensovoorts. Otto (2014) en Du Plessis (1986) definieer die sosiolinguïstiese veranderlike in terme van variëteit. *Variëteit* is die oorkoepelende term vir “al die moontlike vorms van sistematiese variasie wat daar tussen tale en binne tale kan bestaan” (Du Plessis 1986:10). Die sosiale faktore wat aan ’n bepaalde variëteit gekoppel kan word, word sosiale veranderlikes genoem (vergelyk ook die lys met sleutelbegrippe in afdeling 1.5). Sosiale veranderlikes sluit woonplek, geslag, ouderdom, beroep, sosiale klas, etniese groep, opleiding, ensovoorts in. Die (socio)linguïstiese veranderlike is die aspek wat ondersoek word, byvoorbeeld ’n geolek, ’n styl, ’n register, ’n klank of selfs ’n woord of frase (Otto 2014:313). In die geval van hierdie verhandeling word aanspreekvorme ondersoek, spesifiek die aanspreekvorme *tannie* en *oom*.

Sekere linguïstiese kenmerke toon ’n reëlmatige verspreiding in sosio-ekonomiese, etniese of ouderdomsgroepe. Dit word deur elke individu op min of meer dieselfde wyse

in enige konteks gebruik. Indien die spesifieke sosiale konteks in 'n vorm van hiërargie georden kan word, soos sosio-ekonomiese of ouderdomsgroep, kan geredeneer word dat dit gestratifiseer is. Daar bestaan volgens Labov (1970:194) stilistiese sowel as sosiale stratifikasie.

Die fundamentele sosiolinguistiese vraag wat enige sosiolinguis wil beantwoord, is hoekom enige persoon iets sê soos hy/sy dit sê, met ander woorde waarom hy/sy 'n bepaalde vorm kies om iets te sê. Bruikbare data moet gepaard gaan met deeglike rekordhouding. Nadat kritieke veranderlikes gedefinieer en geïsoleer is, kan baie gedoen word met handgeskrewe notas. Groot skaalse inwinning van inligting is egter in die eerste fase nodig ten einde natuurlike spraakpatrone te identifiseer (Labov 1970).

Verskeie tipes veldnavorsing kan gebruik word om die sosiolinguistiese veranderlike, en daardeur sosiale stratifikasie, te ondersoek. In hierdie verhandeling is twee tipes veldnavorsing gebruik, naamlik gestruktureerde onderhoude en sistematiese waarneming.

Die sosiolinguis se metodologiese taak is om opnames van individue te kombineer wat dan 'n verteenwoordigende monster verskaf vir langtermynstudies van groepe. Die ideale manier om 'n gemeenskap te bestudeer, is deur individue lukraak deur middel van ewekansige streekproewe te identifiseer en dan die gemeenskap waarin die individue funksioneer in groepsverband te bestudeer (sosiale stratifikasie). Ewekansige steekproewe kan gedefinieer word as 'n navorsingsmetode waar daar geen verband bestaan tussen die metode wat gevolg word en die saak wat ondersoek word nie (Wybenga 1981:28). Easton en McColl (1997) definieer ewekansige steekproewe as "the basic sampling technique where we select a group of subjects (a sample) for study from a larger group (a population) [where] each individual is chosen entirely by chance and each member of the population has an equal chance of being included in the sample". Dit verg 'n groot groep mense, maar daar is vasgestel dat sosiolinguistiese ondersoeke 'n kleiner populasie benodig (Easton en McColl 1997). Dan is dit egter moeilik om die omvang van die studies in so 'n mate te vergroot dat dit van toepassing gemaak kan word op die hele spraakgebied van 'n taal.

Vir hierdie ondersoek is die volgende stappe wat deur Lombard (2016:6) voorgestel is, gevolg:

- 'n navorsingsprobleem en 'n navorsingsdoelstelling is geformuleer;
- toepaslike literatuur is bestudeer;
- 'n navorsingsontwerp is gekies;
- data is ingesamel;
- data is geanaliseer en geïnterpreteer;
- daar is tot gevolgtrekkings gekom; en
- aanbevelings vir verdere navorsing en verbetering van die navorsingsontwerp is gemaak.

Die betrokke navorsing het nie ten doel om 'n praktiese probleem op te los of om 'n bestaande praktyk te evalueer of te verbeter nie. Dit poog egter om 'n wetenskaplike bydrae tot die bestaande kennis van die velde van die sosiolinguistiek en die pragmatiek te lewer en om huidige kennis en teoretiese aannames aan te vul en te verfyn, daarom kan dit volgens Lombard (2016:7) as basiese of primêre navorsing beskou word. Met hierdie navorsing word gepoog om by te dra tot deskriptiewe navorsing rakende Afrikaanse aanspreekvorme oor die algemeen.

3.2 NAVORSINGSONTWERP

Oorspronklike data is ingesamel en geanaliseer, en gevolgtrekkings wat bestaande literatuur ondersteun, is gemaak. You en Dörnyei (2016:19) tipeer hierdie soort navorsing as primêr.

Hierdie ondersoek fokus op die data wat ingewin word, en daarom is dit nodig om te onderskei tussen verskillende tipes data-insameling. Drie soorte navorsing word hoofsaaklik onderskei: kwantitatiewe navorsing, kwalitatiewe navorsing en navorsing met 'n gemengde metode. Akademici soos You en Dörnyei (2016:20) is van mening dat kwantitatiewe en kwalitatiewe navorsing punte op 'n kontinuum is eerder as twee losstaande metodes. Elemente van beide kwantitatiewe en kwalitatiewe navorsingstegnieke moet geïnkorporeer word om die akkuraatste data moontlik in te win.

Met die gemengde metode word gepoog om optimaal gebruik te maak van aspekte van kwalitatiewe sowel as kwantitatiewe navorsing (You & Dörnyei 2016:20). Om daardie

rede is vir hierdie studie gebruik gemaak van die gemengde metode. Optimale data-insameling is myns insiens nie moontlik as slegs een metode gebruik word nie. Deur gebruik te maak van beide die kwantitatiewe en kwalitatiewe metode, kan 'n beter idee verkry word van die werklike gebruik van aanspreekvorme in die betrokke navorsingsgroep.

3.2.1 Die kwantitatiewe navorsingsmetode

Die kwantitatiewe metode behels dat data in die vorm van getalle uitgedruk word en dat die numeriese data dan hoofsaaklik statisties ontleed word (You & Dörnyei 2016:19, 24). Kwantitatiewe data word hoog geag onder die meeste teikengroepe (You & Dörnyei 2016:34). Statistiese ontledingmetodes is verfyn en bied lesers die geleentheid om die geldigheid van die kwantitatiewe data te beoordeel. Omdat kwantifisering van ingewinde data baie waardevol is, is die data vir hierdie studie gekwantifiseer deur dit om te skakel in telbare eenhede, waarna dit statisties ontleed is.

Die voordeel van kwantitatiewe navorsing is dat dit sistematies, gefokus en streng gekontroleerd is. Dit is dus betroubaar en repliseerbaar en kan in verskillende kontekste veralgemeen word.

Die nadeel van die kwantitatiewe metode is dat individuele deelnemers se terugvoer versmal wanneer dit tot 'n gemiddelde verwerk word. Die subjektiewe variëteit van 'n individu gaan dus verlore. Kwantitatiewe metodes kan ook nie redes of verduidelikings verskaf vir die waargenome dinamika nie. Daar is dus 'n tekort aan algemene verklarende aspekte, daarom kan kwantitatiewe navorsing nie die betekenis wat mense aan hulle lewens en omstandighede heg, behoorlik beskryf nie (You & Dörnyei 2016:35).

Sosiolinguistiese en pragmatiese gebruike kom van onderliggende, algemene, sosiale en kulturele idees. Blote waarneming is nie genoeg om 'n idee te kry van mense se persepsies en houdings oor gebruike nie. Om dié rede is besluit om vir hierdie ondersoek nie slegs kwantitatiewe navorsing te gebruik nie, maar ook kwalitatiewe navorsing.

3.2.2 Die kwalitatiewe navorsingsmetode

In kwalitatiewe linguistiese navorsing word data gewoonlik ingewin deur opnames van gesproke taal te maak, byvoorbeeld met onderhoudvoering. Die opnames word getranskribeer, en veldnotas en verskillende tipes ander dokumente word ook gebruik (You & Dörnyei 2016:19). Kwalitatiewe data is dus nienumeriese data wat oor die algemeen nie statisties ontleed word nie (You & Dörnyei 2016:24). Kwalitatiewe navorsing het nie vasgestelde metodes en praktyke soos kwantitatiewe navorsing nie. Navorsers pak kwalitatiewe navorsing verskillend aan en gebruik dit om 'n wye reeks onderwerpe te ondersoek, van verskillende tipes tekste tot beeldmateriaal (You & Dörnyei 2016:35 en 37-38).

Kwalitatiewe navorsing hou die volgende voordele in (You & Dörnyei 2016:39-41):

- Nuwe navorsingsareas kan verken word.
- Dit help om sin te maak van komplekse situasies.
- Dit beantwoord waarom-vrae.
- Dit bied moontlike verduidelikings vir menslike gedrag en help ons om die werklikheid beter te verstaan.
- Dit kan patrone en verandering waarneem.
- Dit kan maklik aangepas word vir moeilike navorsingsomstandighede.
- Dit verskaf baie materiaal vir navorsingsverslae en kan 'n oortuigende saak uitmaak vir 'n wye reeks gehore en teikengroepe.

'n Nadeel van kwalitatiewe navorsing is dat data-insameling en -ontleding volgens dié metode baie tydrowend en arbeidsintensief is, en dat navorsingsgroepe daarom oor die algemeen baie klein is. Veralgemenings op grond van kwalitatiewe navorsing word dus bevraagteken. Individuele stories kan 'n onrealistiese beeld van die populasie as geheel verskaf. Die navorser se bekwaamheid, persoonlike menings en karaktereienskappe kan ook die geldigheid van die navorsing beïnvloed; kyk byvoorbeeld die waarnemersparadoks in afdeling 1.5 (You & Dörnyei 2016:41).

Kwalitatiewe navorsing kan ook 'n onduidelike, onsistematiese metodologie volg, wat kan meebring dat die betroubaarheid van die resultate in twyfel getrek word en dat teorieë wat slegs op kwalitatiewe navorsing gebaseer is, té wyd of té beperk kan wees (You & Dörnyei 2016:41-42).

Kwalitatiewe data is waardevol vir hierdie studie, aangesien dit 'n blik kan gee op die redes vir die gebruik of die vermyding van die aanspreekvorme wat ondersoek word.

Weens die tekortkominge van kwantitatiewe en kwalitatiewe navorsingsmetodes, is besluit om dié twee metodes te kombineer.

3.2.3 Die gemengde navorsingsmetode

“Mixed method research is the type of research in which a researcher or team of researchers combine elements of qualitative and quantitative research approaches (e.g. use of qualitative and quantitative viewpoints, data collection, analysis, inference techniques) for the purposes of breadth and depth of understanding and corroboration.” (Johnson, Onwuegbuzie & Turner 2007:123)

In navorsing vir hierdie verhandeling is 'n gemengde navorsingsmetode gebruik. Gestandaardiseerde, gestruktureerde observasie/waarneming en onderhoude is gebruik om die volgende veranderlikes te bekom en aan te teken: ouderdom, geslag, etnisiteit, plek en die gebruik al dan nie van spesifieke aanspreekvorme. Gestandaardiseerde observasie van waarneembare feite is kwantitatief (Bosman & Hartell 2016:40). Persoonlike, gestruktureerde onderhoude om subjektiewe menings te bepaal, is kwalitatief. Deur die twee metodes te kombineer, is gepoog om verskillende standpunte, posisies en perspektiewe van kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsing met mekaar te versoen (Jordaan & Nel 2016:381). Gemengde navorsing het “ten doel om die subjektiewe aard van mense te ondersoek en ook eienskappe van mense te meet” (Naudé 2016:399).

Die keuse van 'n gemengde metode is op die volgende oorwegings gebaseer (Jordaan & Nel 2016:384-385):

- triangulasie (“die soeke na konvergensie, staving en korrespondering van resultate van verskeie metodes”);
- komplementariteit (“die soeke vir uitbreiding, verbetering, illustrering en verklaring van resultate”);
- uitbreiding (die “wydte en omvang van die ondersoek” word uitgebrei deur gebruik te maak van verskillende metodologiese benaderings, naamlik waarneming en gestruktureerde onderhoude);

- verrekening en volledigheid (die onderskeie sterk- en swakpunte van die verskillende metodes word verreken);
- geloofwaardigheid (die bevindings se integriteit word verhoog omdat meer as een navorsingsmetode gebruik word);
- konteks en illustrasie (die kwalitatiewe navorsing skep konteks en illustreer die kwantitatiewe navorsing, wat die bevindings versterk);
- diversiteit van sienings (verbande tussen veranderlikes word met kwantitatiewe metodes ontdek, maar betekenis word met kwalitatiewe metodes openbaar); en
- die verbetering en voortbou van onderskeidelik kwantitatiewe en kwalitatiewe bevindings.

Sistematiese waarneming en gestruktureerde onderhoude is gekies bo die gebruik van 'n vraelys omdat respondente vraelyste nie beantwoord volgens hulle werklike gedrag nie, maar eerder volgens hoe hulle dink hulle veronderstel is om op te tree (Wybenga 1981:36 en Prinsloo 1972:37). Dieselfde probleem kan natuurlik by onderhoude insluip. Om dit te oorkom, is onderhoude met sistematiese waarneming aangevul, soos hier bo genoem. Data is dus met sistematiese waarneming ingesamel en kwantitatief verwerk om die hoofsaaklik kwalitatiewe onderhoude aan te vul.

Wanneer gebruik gemaak word van gestruktureerde onderhoude, soos in die geval van hierdie ondersoek, of van 'n vraelys en onderhoude, soos in Wybenga (1981) se geval, word vrae só gestel dat dit so ver as moontlik sal lei tot natuurlike spraak. 'n Ander manier om akkurate resultate te verkry, is natuurlik om 'n groot aantal vraelyste te versprei, of om 'n groot aantal respondente te ondervra. Tyd en hulpbronne beperk egter die aantal respondente wat ondervra kan word.

Wybenga (1981:3) het 'n voorlopige vraelys onder eerstejaarstudente en dosente versprei om te verseker dat sy vrae duidelik en verstaanbaar is sodat hy akkurate data kan insamel en die verlangde inligting bekom. Hy het vrae wat respondente kon beïnvloed anders gestel; waar *u* byvoorbeeld in die vraag gebruik is, het dit respondente gelei om *u* in hulle antwoorde te gebruik.

Soos reeds genoem, is met hierdie ondersoek gepoog om akkurate data te verkry deur onder andere gebruik te maak van 'n gestruktureerde onderhoud eerder as om slegs vir

respondente 'n vraelys te gee om in te vul. Sodoende kon vrae verduidelik, herhaal en geparafraseer word om duidelikheid te verseker.

Wanneer daar gebruik gemaak word van sistematiese waarneming, moet die waarnemersparadoks (kyk afdeling 1.5) altyd in ag geneem word. Volgens Wybenga (1981:36), is die grootste probleem egter nie om die waarnemersparadoks te oorkom nie, maar om “genoeg voorbeelde van die gebruik van aanspreekvorme in verskillende gespreksituasies en [van] verskillende deelnemers te verkry”.

Volgens Labov (1964:638) kan strukturele en stilistiese variasie in taal bestudeer word deur gebruik te maak van kleiner steekproewe as in studies van ander sosiale gedrag. Volgens hom is tien tot twintig individue genoeg is om verteenwoordigend te wees van 'n sosiale klas; dit pas in by die algehele stratifikasiepatroon (Labov 1964:181). Wybenga (1981) merk op dat aanspreekvorme “nie so volop in 'n gesprek [voorkom] dat [Labov se aantal] gegewens in 'n enkele onderhoud verkry kan word nie”. Vir hierdie navorsing was dit dus nodig om 'n verskeidenheid onderhoude te voer en mense waar te neem om 'n beter idee te kry van die werklike gebruik van *oom* en *tannie* in die spesifieke situasie.

3.3 NAVORSINGSPROSES

Soos hier bo verduidelik, is gebruik gemaak van sistematiese waarneming sowel as gestruktureerde onderhoude. Vir die sistematiese waarnemings is gebruik gemaak van 'n afgebakende prosedure; waarnemings is gekwantifiseer in terme van die biografiese besonderhede van sprekers en aangesprokenes, sowel as die aanspreekvorme wat waargeneem is (Leedy & Ormrod 2005:280).

In sosiolinguistiese en pragmatiese navorsing word sosiale veranderlikes en taalgebruiksituasies as van kardinale belang beskou (Otto 2014:313 en Olivier & Van Niekerk 2014). Die keuse van taaluitings word deur die gespreksituasie en die sosiale kenmerke van die spreker beïnvloed. Dit is dus belangrik om die gespreksituasie en die kenmerke van die spreker aan te teken wanneer taaluitings bestudeer word.

Die navorsingsproses het soos volg verloop:

- Literatuur rakende die sosiolinguistiek, die pragmatiek en aanspreekvorme is bestudeer (kyk Hoofstuk 2).
- 'n Probleemstelling en navorsingsvrae is geformuleer (kyk Hoofstuk 1).
- Twee uiteenlopende markte met uiteenlopende kopers is geïdentifiseer.
- Etiese klaring is van die UP Etiese Komitee verkry.
- Afsprake is met die markbestuur gereël en toestemming is verkry om voort te gaan met die navorsing.
- 'n Mikpunt vir die minimum aantal onderhoude en waarnemings is gestel.
- Markte is besoek.
- Individuele stalletjies is genader.
- Verkopers is gevra om ingeligte toestemming te gee vir onderhoude en waarnemings.
- Onderhoude is gevoer en opgeneem.
- Data is opgeskryf (kyk Hoofstuk 4).
- Die talige interaksie tussen die sprekers (klante) en aangesprokenes (verkopers) is waargeneem (kyk Hoofstuk 4).
- Die biografiese besonderhede van sprekers (etnisiteit, geslag en ouderdom), sowel as die aanspreekvorme wat gebruik is, is aangeteken (kyk Hoofstuk 4).
- Die proses is by verskillende stalletjies en verskillende markte herhaal.
- Weens tydsbeperkings moes onderhoude in sommige gevalle op ander dae gevoer word as wat waarnemings gemaak is.
- Finale data is opgeskryf (kyk Hoofstuk 4).
- Data is verwerk en kwantitatief (statisties) en kwalitatief (deur middel van kodifisering en korpusontleding) ontleed (kyk Hoofstuk 3 en 4).
- Data is binne 'n sosiolinguistiese en pragmatiekagtergrond geïnterpreteer (kyk Hoofstuk 2 en 6).
- Beperkings en voorstelle vir verdere navorsing is bepaal (kyk Hoofstuk 6).
- Finale gevolgtrekkings is gemaak (kyk Hoofstuk 6).

3.3.1 Navorsingsgroep

In navolging van Otto (2014:313) is die volgende sosiale veranderlikes in ag geneem: geslag, ouderdom, etniese groep en beroep. Vroulike sowel as manlike sprekers en aangesprokenes van alle rasse en ouderdomme is ondersoek. Die spraakgemeenskap is afgebaken as Afrikaanssprekende klante en verkopers by twee markte in die Pretoria-

omgewing. Die gespreksituasie wat ondersoek is, is die interaksie tussen verkoper en klant. Die spesifieke taaluiting wat ondersoek is, is die aanspreekvorme *tannie* en *oom*.

Die veldnavorsing en die optekening daarvan is soos volg verdeel:

- die waargenome gebruik van die aanspreekvorme;
- die aangesprokene (verkoper) se ervaring van die gekose aanspreekvorme;
- die aangesprokene se persepsie van die gekose aanspreekvorme; en
- die aangesprokene se houding teenoor die gekose aanspreekvorme.

Kyk Hoofstuk 4 en 5 vir meer inligting oor die aantal verkopers wat ondervra is, die grootte van die markte, ensovoorts.

3.3.2 Steekproefneming

Om 'n ewekansige studie te verseker, moet volgens Wybenga (1981:28) "nie 'n bewuste uitsoek van sekere uitings ten koste van ander plaasvind nie en daar moet verseker word dat daar geen direkte verband tussen die metode wat gevolg word en die saak wat ondersoek word bestaan nie".

Daar is gebruik gemaak van niawaarskynlikheidsteekproefneming omdat tyd en hulpbronne beperk was. 'n Nadeel is dat bevooroordeeldheid maklik tydens die navorsing kon ingesluip het (Grosser 2016:267). Niawaarskynlikheidsteekproefneming waarborg nie dat die steekproef die totale populasie van die navorsingsgroep sal verteenwoordig nie, daarom is veralgemening van bevindings beperk (Leedy & Ormrod 2005:206). Hierdie beperking is in ag geneem deur veralgemenings wat wel gemaak is, te beperk tot die steekproef se kenmerke.

Die tipe niawaarskynlikheidsteekproefneming waarvan gebruik gemaak is, is kwotasteekproefneming, wat 'n uitbreiding is van gerieflikheidsteekproefneming (Grosser 2016:268). Gerieflikheidsteekproefneming staan ook bekend as toevallige steekproefneming. Respondente was geredelik beskikbaar en gewillig (Grosser 2016:267). Daar is egter ook gepoog om kwotas te stel deur eweredig te kies uit die totale beskikbare en toeganklike populasie (Grosser 2016:268).

Verkopers is op 'n gerieflikheidsgrondslag gekies, en volgens geslag, ouderdom en ras om verskeidenheid te verseker. Hulle is vir onderhoude genader terwyl hulle stalletjies

stil was, maar vir sistematiese waarneming terwyl hulle stalletjies redelik besig was. 'n Totaal van 12 stalletjies is waargeneem – sewe by die Bantingmark en vyf by die Boeremark. Ses van die verkopers was vroulik en ses manlik. Verkopers was van verskillende ouderdomme en twee verskillende rasse. Kyk Hoofstuk 4 vir gedetailleerde biografiese besonderhede.

3.3.3 Etiese kwessies

Daar is verseker dat die studie eties geskied. Vertroulikheid, ingeligte toestemming, anonimiteit, vrywillige deelname, die reg op privaatheid, beskerming teen benadeling en vertrouwe is deurgaans verseker (Bosman & Hartell 2016:41). Vir navorsing om te voldoen aan etiese standaarde, moet toestemming in alle gevalle gevra word om onderhoude op te neem en om respondente se antwoorde waar te neem en te gebruik (Otto 2014:320).

Voor die aanvang van die studie is die navorsing deur die UP Etiese Komitee goedgekeur. Die etiese voorwaarde vir die studie om voort te gaan, was dat toestemming verkry moes word van die markbestuur en deelnemers.

Vergaderings is met die markbestuur gereël en die navorsing is aan hulle verduidelik; hulle het toestemming verleen dat die navorsing mag voortgaan. 'n Ingeligtetoestemmingsbrief is aan deelnemers gegee voordat met navorsing begin is. Hulle het dit onderteken en ook verbaal toestemming gegee, en die verbale toestemming is opgeneem. Kyk Bylaag A vir 'n voorbeeld van die ingeligtetoestemmingsbrief.

Die data wat ingesamel is, sal in die toekoms aan ander bona fide-navorsers beskikbaar gemaak word. Die gehalte van die data-insameling en -ontleding sal dus later bevestig kan word. Replikastudies sal ook die bevindings van hierdie studie in die toekoms kan bevestig of weerlê.

Wanneer van sistematiese waarneming gebruik gemaak word, moet gepoog word om die spraakgedrag in 'n natuurlike omgewing volledig te beskryf (Engelbrecht 2016:115). Om die waarnemersparadoks so ver as moontlik te vermy, moet die spreker en aangesprokene nie bewus wees daarvan dat hulle waargeneem word nie (Otto 2014:320). 'n Belangrike etiese oorweging is egter die kwessie van “die

vertroulikheid van die resultate en bevindings van die studie, asook die beskerming van die identiteit van die deelnemers, proefpersone en/of informante” (Du Plessis 2016:73). Daarom moes die aangesprokenes bewus wees van die navorsing.

Soos genoem, is toestemming in alle gevalle gevra om die verkoopsituasie waar te neem, respondente se antwoorde te gebruik en onderhoude op te neem. Om so vermoontlik natuurlike spraak te verkry, is die ware rede vir die opname in navolging van Otto (2014:320) eers aan respondente verduidelik nadat onderhoude afgehandel was, en toestemming vir die gebruik daarvan is ook toe eers gevra. Aangesien toestemming egter vooraf verkry moes word om onderhoude te voer en op te neem, moes verkopers (aangesprokenes) met wie onderhoude gevoer is in hierdie geval vooraf toestemming verleen vir die navorsing om voort te gaan.

Volgens etiese voorskrifte is die doel en proses van die navorsing aan respondente verduidelik en hulle is verseker dat hulle aan die projek kan onttrek as hulle wil (Du Plessis 2016:74). Die geldigheid van die ingeligtetoestemmingsbrief is verseker deurdat die deelnemers by hulle volle verstand was toe hulle die briewe geteken het, alle deelnemers ten volle Afrikaans magtig is en die brief verstaan het, geen persoon minderjarig was nie, en die markbestuur toestemming tot die navorsing verleen het (Du Plessis 2016:74).

Daar is voldoen aan die volgende vier internasionaal erkende moreel-etiese beginsels (Du Plessis 2016:75):

- Outonomie: Navorsing moet die outonomie, regte en waardigheid van navorsingsproefpersone en/of informante respekteer.
- Voordeligheid: Navorsing moet 'n positiewe bydrae lewer tot die welstand van mense.
- Nienadeligheid: Navorsing moenie die navorsingsproefpersone en/of informante of ander mense benadeel nie.
- Geregtigheid: Die voordele en risiko's van navorsing moet regverdig onder mense versprei word.

3.4 DATA-INSAMELING

Die navorsingsproses wat in hierdie studie gebruik is, stem min of meer ooreen met die navorsingsproses wat in etnografiese studies binne die veld van die antropologie

gebruik word. Daarom is onder andere Eriksson en Kovalainen (2015) en Lambert, Glacken en McCarron (2011) geraadpleeg.

Eriksson en Kovalainen (2015:137-138) definieer etnografiese studies as 'n metodologie wat op die volgende fokus:

- die bestudering van kulture, kulturele begrip en die formulering van betekenis;
- taal en retoriek; en
- veldnavorsing en eerstehandse versameling van data.

Hulle verduidelik verder dat die sinmaak van kulture nie veel verskil van die manier waarop die mens sin maak van sy alledaagse bestaan nie. Etnografiese studies het ontstaan uit tradisionele antropologiese studies soos wat Malinowski in 1922 gedoen het (Eriksson & Kovalainen 2015:137-138).

Lambert, Glacken en McCarron (2011:17) definieer etnografie as “a field-orientated activity that has cultural interpretations at its core”.

By die bespreking van data-insameling moet die kwessie van dataversadiging in ag geneem word. Volgens Matthes, Davis en Potter (2017) kan dataversadiging soos volg gedefinieer word: “The point in the research process when no new information is discovered in data analysis, and this redundancy signals to researchers that data collection may cease. Saturation means that a researcher can be reasonably assured that further data collection would yield similar results and serve to confirm emerging themes and conclusions.”

Ten spyte van die feit dat die navorsingsgroep in hierdie studie klein is, is dataversadiging bereik, wat die bevindings van die studie ondersteun.

3.4.1 Navorsingsplek

Die navorsingsplekke was die Pretoria Bantingmark (nou bekend as die Banting & Keto Lifestyle Market) en die Pretoria Boeremark. Dié twee markte is eerstens gerieflikheidshalwe gekies, tweedens omdat albei gereeld plaasvind, en laastens omdat hulle kopers baie van mekaar verskil. Die Boeremark se kopers en verkopers word beskou as redelik tradisioneel, terwyl kopers en verkopers by die Bantingmark beskou word as meer modern in hulle gebruike en sienings. Hierdie beskouing is mettertyd deur die navorsing bevestig.

Die Pretoria Bantingmark word elke eerste Saterdag van die maand in die Pretoria Nasionale Botaniese Tuin gehou en daar is gewoonlik ongeveer 30 stalletjies. Die mark is in 2015 gestig en slegs “LCHF – Low Carb High Fat”-produkte word verkoop.

Die Pretoria Boeremark het tot in Julie 2017 by die Pionier-opelugmuseum plaasgevind. Dit word vroeg elke Saterdagoggend gehou en daar is gewoonlik ongeveer 160 stalletjies. Die mark is in 1992 gestig en verkoop onder andere landbouprodukte, naaldwerk, plaasvars kos en plante.

Navorsing is van Maart tot Junie 2017 by hierdie twee markte gedoen.

3.4.2 Deelnemers

Die deelnemers aan die navorsing is die navorsingsgroep, soos hier bo beskryf. Eenvoudig gestel is die deelnemers ’n groep kopers en verkopers van die Pretoria Bantingmark en die Pretoria Boeremark wat op ’n gerieflikheidsgrondslag geselekteer is.

3.4.3 Instrumente

Vorms is ontwerp vir die gestruktureerde onderhoud (wat opgeneem is) en vir sistematiese waarneming (kyk bylaes A en B). Die opnames sal beskikbaar gestel word aan ander bona fide-navorsers.

3.5 SAMEVATTING

Nadat literatuur geraadpleeg is en ’n probleemstelling en navorsingsvrae geformuleer is, is besluit op ’n gemengde navorsingsmetode. Etiese kwessies is oorweeg en alle nodige toestemming is verkry. Die navorsingsplek, navorsingsgroep en instrumente is bepaal.

Vervolgens sal die data kwantitatief en kwalitatief aangebied, ontleed en geïnterpreteer word.

4 DATA-AANBIEDING

4.1 INLEIDING

Data wat deur middel van die gemengde metode verkry is, word in hierdie hoofstuk aangebied. Tabelle en grafieke word gebruik om die data grafies voor te stel. Die volgende veranderlikes is in ag geneem:

- aanspreekvorme wat gebruik is;
- ouderdom;
- geslag; en
- ras.

Die primêre doel met die inwin van data was om die navorsingsvrae te beantwoord. Data is aan die hand van vrae ingesamel, en dit word ook só geanaliseer en in Hoofstuk 5 aangebied.

Die data word eerstens statisties met behulp van tabelle aangebied. Die tabelle word dan verduidelik en grafieke word gebruik om dit te illustreer. Daarna word die data geïnterpreteer.

Data is by twee markte ingesamel: die Pretoria Bantingmark en die Pretoria Boeremark. Twaalf verkopers het deelgeneem aan die gestruktureerde onderhoude, en 140 kopers en 14 stalletjies is sistematies waargeneem.

4.2 STATISTIESE AANBIEDING

Met sommige verkopers is net onderhoude gevoer, sommige is net sistematies waargeneem, en met sommige is onderhoude gevoer én hulle is waargeneem. Die biografiese inligting van alle verkopers wat waargeneem is en met wie onderhoude gevoer is, word in die bespreking gegee.

4.2.1 Onderhoude

4.2.1.1 Biografiese besonderhede van verkopers met wie onderhoude gevoer is

Tydens die gestruktureerde onderhoude is die biografiese besonderhede van al die verkopers aangeteken. Dit is belangrik, aangesien dit die aanspreekvorme wat hulle gebruik, asook die aanspreekvorme wat teenoor hulle gebruik word, beïnvloed.

Verkopers met wie onderhoude gevoer is se ouderdom, die gemiddelde ouderdom, geslag en ras word soos volg in Tabel 1 getoon: eers die gekombineerde inligting van die verkopers by beide markte, daarna inligting oor verkopers by die Bantingmark, en laastens inligting oor verkopers by die Boeremark.

Tabel 1: Biografiese besonderhede van verkopers wat ondervra is

Tabel 1.1: Beide markte gekombineerd						
Ouderdom						
20-29	30-39	40-49	50-59	60-69	70-79	80-89
0	2	5	3	0	2	0
Gemiddelde ouderdom:						51
Geslag						
		Vroulik	Manlik			
		6	6			
Totale aantal deelnemers:						12
Ras						
Wit	Swart	Bruin	Indiër	Asiaat	Ander	
11	0	1	0	0	0	

Tabel 1.2: Bantingmark						
Ouderdom						
20-29	30-39	40-49	50-59	60-69	70-79	80-89
0	2	3	1	0	1	0
Gemiddelde ouderdom:						48

Geslag	
Vroulik	Manlik
4	3

Totale aantal deelnemers: 7

Ras					
Wit	Swart	Bruin	Indiër	Asiaat	Ander
7	0	0	0	0	0

Tabel 1.3: Boeremark

Ouderdom						
20-29	30-39	40-49	50-59	60-69	70-79	80-89
0	0	2	2	0	1	0

Gemiddelde ouderdom: 55

Geslag	
Vroulik	Manlik
2	3

Totale aantal deelnemers: 5

Ras					
Wit	Swart	Bruin	Indiër	Asiaat	Ander
4	0	1	0	0	0

4.2.1.2 Data wat uit onderhoude verkry is

4.2.1.2.1 Gebruik van tannie en oom deur verkopers self, deur ander verkopers en hoe tannie en oom gebruik behoort te word

Gestruktureerde onderhoude is met verkopers gevoer. Hulle antwoorde is opgeneem en ingevul op 'n vorm wat deur die navorser ontwerp is (kyk Aanhangsel A).

Verkopers is eerstens uitgevra oor verkopers se gebruik van *tannie* en *oom* by die mark:

- of hulle self kopers as *tannie* en *oom* aanspreek;
- of hulle al waargeneem het dat ander verkopers hulle kopers so aanspreek; en
- of hulle dink verkopers behoort kopers as *tannie* en *oom* aan te spreek.

Tweedens is verkopers uitgevra oor kopers se gebruik van *tannie* en *oom* by die mark:

- of hulle die verkopers wat ondervra word as *tannie* of *oom* aanspreek;
- of hulle al waargeneem het dat kopers ander verkopers by die mark so aanspreek; en
- of hulle dink kopers behoort verkopers as *tannie* en *oom* aan te spreek.

Vervolgens word die rou data soos volg aangebied: eers die twee markte se gekombineerde data, daarna die Bantingmark se data en laastens die Boeremark s'n.

Tabel 2: Antwoorde rakende die gebruik van *tannie* en *oom* deur verkopers by beide markte

	VRAAG	JA	NEE	GEEN VOOR- KEUR NIE
1.	Gebruik jy self <i>tannie</i> en <i>oom</i> teenoor kopers by die mark?	75%	25%	
2.	Neem jy waar dat ander verkopers by die mark gebruik maak van <i>tannie</i> en <i>oom</i> teenoor kopers?	41,6%	58,3%	
3.	Is jy van mening dat 'n verkoper <i>tannie</i> en <i>oom</i> behoort te gebruik teenoor 'n koper?	58,3%	33,3%	8,3%

Tabel 3 bied vervolgens benewens die antwoorde op bogenoemde vrae ook die volgende inligting:

- die gemiddelde ouderdom van aangesprokenes teenoor wie *tannie* of *oom* gebruik sal word;
- die ras van aangesprokenes teenoor wie *tannie* of *oom* gebruik sal word; en
- of die spreker en aangesprokene aan mekaar bekend is.


Indien die verkoper aangedui het dat *tannie* en *oom* nie gebruik word of behoort gebruik te word nie (by vraag 1, 2, of 3), is daar geen verdere inligting vanaf hulle verkry rakende die ouderdom, ras, geslag van of die verhouding met die persoon teenoor wie *tannie* of *oom* gebruik word nie. Ter illustrasie: by vraag 2 het slegs 5 verkopers 'ja' geantwoord. Net hierdie verkopers is verder uitgevra oor ras, geslag, ensovoorts. Verder kon 'n verkoper beide 'bekend' en 'onbekend' en beide 'vroulik' en 'manlik' kies. Daarom sal 'bekend' en 'onbekend' nie noodwendig optel tot die **aantal verkopers** wat 'ja' geantwoord het nie. Verdere tabelle moet ook so gelees word.

Figuur 2 toon die gekombineerde inligting vir beide markte op die bogenoemde vrae.

Tabel 3: Gebruik van *tannie* en *oom* deur verkopers by beide markte

Gesamentlike besonderhede van die gebruik van *tannie* en *oom* deur verkopers

Gebruik van T en O	Ja	Nee	Geen Voorkeur	Gemiddelde Ouderdom	Ras						Geslag			Verhouding		
					W	S	B	I	A	n.v.t.	V	M	Bekend	Onbekend		
Verkoper se eie gebruik	9	3	0	68+	8	1	1	0	0	2	9	9				
Ander verkopers se gebruik waargeneem deur verkoper	5	7	0	43+	2	1	1	0	0	3	5	5				5
Hoe verkoper voel T en O behoort gebruik te word	7	4	1	64+	2	1	1	0	0	5	7	7				7
Totale verkopers ondervra																12



Figuur 2: Gebruik van *tannie* en *oom* deur verkopers by beide markte

Die volgende antwoorde is verskaf deur verkopers by die Bantingmark:

Tabel 4: Antwoorde rakende die gebruik van *tannie* en *oom* deur verkopers by die Bantingmark

	VRAAG	JA	NEE
1.	Gebruik jy self <i>tannie</i> en <i>oom</i> teenoor kopers by die mark?	85,7%	14,3%
2.	Neem jy waar dat ander verkopers by die mark gebruik maak van <i>tannie</i> en <i>oom</i> teenoor kopers?	14,3%	85,7%
3.	Is jy van mening dat 'n verkoper <i>tannie</i> en <i>oom</i> behoort te gebruik teenoor 'n koper?	57,1%	42,9%

Tabel 5 bied benewens die antwoorde op bogenoemde vrae ook die volgende inligting:

- die gemiddelde ouderdom van aangesprokenes teenoor wie *tannie* of *oom* gebruik sal word;
- die ras van aangesprokenes teenoor wie *tannie* of *oom* gebruik sal word; en
- of die spreker en aangesprokene aan mekaar bekend is.


Figuur 3 toon die inligting vir die Bantingmark op die bogenoemde vrae.

Tabel 5: Gebruik van *tannie* en *oom* deur verkopers by die Bantingmark

Besonderhede van die gebruik van *tannie* en *oom* deur verkopers by die Bantingmark

Gebruik van T en O	Ja	Nee	Geen Voorkeur	Gemiddelde Ouderdom	Ras						Geslag		Verhouding	
					W	S	B	I	A	n.v.t.	V	M	Bekend	Onbekend
Verkoper se eie gebruik	6	1	0	72+	5	0	0	0	0	2	6	6	6	3
Ander verkopers se gebruik waargeneem deur verkoper	1	6	0	30+	0	0	0	0	0	1	1	1	0	1
Hoe verkoper voel T en O behoort gebruik te word	4	3	0	73+	0	0	0	0	0	4	4	4	1	4

Totale Bantingmark verkopers ondervra	7
---------------------------------------	---



Figuur 3: Gebruik van *tannie* en *oom* deur verkopers by die Bantingmark

Die volgende antwoorde is verskaf deur verkopers by die Boeremark:

Tabel 6: Antwoorde rakende die gebruik van *tannie* en *oom* deur verkopers by die Boeremark

	VRAAG	JA	NEE	GEEN VOOR- KEUR NIE
1.	Gebruik jy self <i>tannie</i> en <i>oom</i> teenoor kopers by die mark?	60%	40%	
2.	Neem jy waar dat ander verkopers by die mark gebruik maak van <i>tannie</i> en <i>oom</i> teenoor kopers?	80%	20%	
3.	Is jy van mening dat 'n verkoper <i>tannie</i> en <i>oom</i> behoort te gebruik teenoor 'n koper?	60%	20%	20%

Tabel 7 bied benewens die antwoorde op bogenoemde vrae ook die volgende inligting:


- die gemiddelde ouderdom van aangesprokenes teenoor wie *tannie* of *oom* gebruik sal word;
- die ras van aangesprokenes teenoor wie *tannie* of *oom* gebruik sal word; en
- of die spreker en aangesprokene aan mekaar bekend is.

Figuur 4 toon die inligting vir die Boeremark op die bogenoemde vrae.

Tabel 7: Gebruik van *tannie* en *oom* deur verkopers by die Boeremark

Besonderhede van die gebruik van *tannie* en *oom* deur verkopers by die Boeremark

Gebruik van T en O	Ja	Nee	Geen Voorkeur	Gemiddelde Ouderdom	Ras					Geslag			Verhouding		
					W	S	B	I	A	n.v.t.	V	M	Bekend	Onbekend	
Verkoper se eie gebruik	3	2	0	65+	3	1	1	0	0	0	3	3	3	3	3
Ander verkopers se gebruik waargeneem deur verkoper	4	1	0	57+	2	1	1	0	0	2	4	4	4	4	4
Hoe verkoper voel T en O behoort gebruik te word	3	1	1	55+	2	1	1	0	0	1	3	3	3	3	3
Totale Boeremark verkopers ondervra	5														



Figuur 4: Gebruik van *tannie* en *oom* deur verkopers by die Boeremark

Vervolgens word verkopers se antwoorde op vrae oor kopers se gebruik van *tannie* en *oom* verskaf.

Tabel 8: Antwoorde rakende kopers se gebruik van *tannie* en *oom* by beide markte

	VRAAG	JA	NEE	GEEN VOOR- KEUR NIE
1.	Gebruik kopers <i>tannie</i> en <i>oom</i> teenoor jou by die mark?	83,3%	16,7%	
2.	Neem jy waar dat ander verkopers by die mark <i>tannie</i> en <i>oom</i> genoem word deur kopers?	50%	50%	
3.	Is jy van mening dat 'n koper <i>tannie</i> en <i>oom</i> behoort te gebruik teenoor 'n verkoper?	25%	50%	25%

Tabel 9 bied benewens die antwoorde op bogenoemde vrae ook die volgende inligting:


- die gemiddelde ouderdom van aangesprokenes teenoor wie *tannie* of *oom* gebruik sal word;
- die ras van aangesprokenes teenoor wie *tannie* of *oom* gebruik sal word; en
- of die spreker en aangesprokene aan mekaar bekend is.

Figuur 5 toon die antwoorde op bogenoemde vrae vir beide markte.

Tabel 9: Gebruik van *tannie* en *oom* deur kopers by beide markte

Gesamentlike besonderhede van die gebruik van *tannie* en *oom* deur kopers teenoor verkopers

Gebruik van T en O	Ja	Nee	Geen Voorkeur	Gemiddelde Ouderdom	Ras					Geslag		Verhouding	
					W	S	B	I	A	n.v.t.	V	M	Bekend
Kopers se gebruik teenoor verkopers	10	2	0	22-	8	2	3	0	0	2	10	9	10
Verkoper se waarneming van kopers se gebruik teenoor ander verkopers	6	6	0	22-	3	0	1	0	0	3	6	6	6
Hoe verkoper voel kopers T en O behoort te gebruik teenoor verkopers	3	6	3	35-	2	0	1	0	0	1	3	3	3
Totale verkopers ondervra	12												



Figuur 5: Gebruik van *tannie* en *oom* deur kopers by beide markte

Die volgende antwoorde is verskaf deur verkopers by die Bantingmark:

Tabel 10: Antwoorde rakende kopers se gebruik van *tannie* en *oom* by die Bantingmark

	VRAAG	JA	NEE	GEEN VOOR- KEUR NIE
1.	Gebruik kopers <i>tannie</i> en <i>oom</i> teenoor jou by die mark?	71,4%	28,6%	
2.	Neem jy waar dat ander verkopers by die mark <i>tannie</i> en <i>oom</i> genoem word deur kopers?	14,3%	85,7%	
3.	Is jy van mening dat 'n koper <i>tannie</i> en <i>oom</i> behoort te gebruik teenoor 'n verkoper?	0%	87,5%	14,3%

Tabel 11 bied benewens die antwoorde op bogenoemde vrae ook die volgende inligting:


- die gemiddelde ouderdom van aangesprokenes teenoor wie *tannie* of *oom* gebruik sal word;
- die ras van aangesprokenes teenoor wie *tannie* of *oom* gebruik sal word; en
- of die spreker en aangesprokene aan mekaar bekend is.

Figuur 6 toon die antwoorde op bogenoemde vrae vir die Bantingmark.

Tabel 11: Gebruik van *tannie* en *oom* deur kopers by die Bantingmark

Besonderhede van die gebruik van *tannie* en *oom* deur kopers teenoor verkopers by die Bantingmark

Gebruik van T en O	Ja	Nee	Geen Voorkeur	Gemiddelde Ouderdom	Ras					Geslag			Verhouding		
					W	S	B	I	A	n.v.t.	V	M	Bekend	Onbekend	
Kopers se gebruik teenoor verkopers	5	2	0	17-	4	1	1	0	0	1	5	4			
Verkoper se waarneming van kopers se gebruik teenoor ander verkopers	1	6	0	20-	0	0	0	0	0	1	1	1	0	1	
Hoe verkoper voel kopers T en O behoort te gebruik teenoor verkopers	0	6	1	*	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0
Totale verkopers ondervra	7														



Figuur 6: Gebruik van *tannie* en *oom* deur kopers by die Bantingmark

Die volgende antwoorde is verskaf deur verkopers by die Boeremark:

Tabel 12: Antwoorde rakende kopers se gebruik van *tannie* en *oom* by die Boeremark

	VRAAG	JA	NEE	GEEN VOOR- KEUR NIE
1.	Gebruik kopers <i>tannie</i> en <i>oom</i> teenoor jou by die mark?	100%	0%	
2.	Neem jy waar dat ander verkopers by die mark <i>tannie</i> en <i>oom</i> genoem word deur kopers?	100%	0%	
3.	Is jy van mening dat 'n koper <i>tannie</i> en <i>oom</i> behoort te gebruik teenoor 'n verkoper?	60%	0%	40%

Tabel 13 bied benewens die antwoorde op bogenoemde vrae ook die volgende inligting:


- die gemiddelde ouderdom van aangesprokenes teenoor wie *tannie* of *oom* gebruik sal word;
- die ras van aangesprokenes teenoor wie *tannie* of *oom* gebruik sal word; en
- of die spreker en aangesprokene aan mekaar bekend is.

Figuur 7 toon die antwoorde op bogenoemde vrae vir die Boeremark.

Tabel 13: Gebruik van *tannie* en *oom* deur kopers by die Boeremark

Besonderhede van die gebruik van *tannie* en *oom* deur kopers teenoor verkopers by die Boeremark

Gebruik van T en O	Ja	Nee	Geen Voorkeur	Gemiddelde Ouderdom	Ras				Geslag			Verhouding		
					W	S	B	I	A	n.v.t.	V	M	Bekend	Onbekend
Kopers se gebruik teenoor verkopers	5	0	0	27-	4	1	2	0	0	1	5	5	5	5
Verkoper se waarneming van kopers se gebruik teenoor ander verkopers	5	0	0	25-	3	0	1	0	0	2	5	5	4	5
Hoe verkoper voel kopers T en O behoort te gebruik teenoor verkopers	3	0	2	35-	2	0	1	0	0	1	3	3	3	3
Totale verkopers ondervra	5													



Figuur 7: Gebruik van *tannie* en *oom* deur kopers by die Boeremark

4.2.1.2.2 Bekendheid as selekteerder

Kopers teenoor verkopers


Verkopers wat aangedui het dat *tannie* en *oom* wel in 'n gegewe situasie gebruik word, is gevra of net kopers wat hulle ken hulle as *tannie* of *oom* aanspreek of ook kopers wat hulle nie ken nie. Verkopers kon 'bekend' sowel as 'onbekend' kies. Die antwoorde kan dus nie opgetel word asof slegs een gekies is nie. 'Bekend' en 'onbekend' was nie wedersyds uitsluitend as opsies nie.

Die antwoorde op die vrae rakende bekendheid word vervolgens verskaf.

Tabel 14: Antwoorde op die vraag of kopers wat verkopers as *tannie* of *oom* aanspreek mekaar ken

Boeremark en Bantingmark gekombineerd		
	Bekend	Onbekend
<i>Tannie</i> en <i>oom</i> word gebruik teenoor verkoper	90%	100%
<i>Tannie</i> en <i>oom</i> word gebruik teenoor ander verkopers	66,7%	100%
<i>Tannie</i> en <i>oom</i> behoort gebruik te word teenoor ander verkopers	100%	100%
Bantingmark		
	Bekend	Onbekend
<i>Tannie</i> en <i>oom</i> word gebruik teenoor verkoper	80%	100%
<i>Tannie</i> en <i>oom</i> word gebruik teenoor ander verkopers	0%	100%
<i>Tannie</i> en <i>oom</i> behoort gebruik te word teenoor ander verkopers	0%	0%
Boeremark		
	Bekend	Onbekend
<i>Tannie</i> en <i>oom</i> word gebruik teenoor verkoper	100%	100%
<i>Tannie</i> en <i>oom</i> word gebruik teenoor ander verkopers	80%	100%
<i>Tannie</i> en <i>oom</i> behoort gebruik te word teenoor ander verkopers	100%	100%

Figuur 8 toon beide markte se gekombineerde antwoorde op die bogenoemde vrae. Die kolomme toon die aantal kere wat verkopers aangetoon het dat kopers *tannie* of *oom* sal gebruik waar die spreker en aangesprokene aan mekaar bekend of onbekend is.



Figuur 8: Bekendheid as selekteerder by koper teenoor verkoper


Verkopers teenoor kopers

Verkopers wat aangedui het dat *tannie* en *oom* in 'n gegewe situasie gebruik sal word, is gevra of net kopers wat aan die verkopers bekend is as *tannie* of *oom* aangespreek word of ook onbekende kopers. Verkopers kon 'bekend' sowel as 'onbekend' kies. Die antwoorde op hierdie vrae word vervolgens verskaf.

Tabel 15: Antwoorde op die vraag of verkopers wat kopers as *tannie* of *oom* aanspreek mekaar ken

Boeremark en Bantingmark gekombineerd		
	Bekend	Onbekend
<i>Tannie</i> en <i>oom</i> word gebruik deur verkoper teenoor kopers	100%	66,7%
<i>Tannie</i> en <i>oom</i> word gebruik deur ander verkopers teenoor kopers	80%	100%
<i>Tannie</i> en <i>oom</i> behoort gebruik te word deur verkopers teenoor kopers	57,1%	100%
Bantingmark		
	Bekend	Onbekend
<i>Tannie</i> en <i>oom</i> word gebruik deur verkoper teenoor kopers	100%	50%
<i>Tannie</i> en <i>oom</i> word gebruik deur ander verkopers teenoor kopers	0%	100%
<i>Tannie</i> en <i>oom</i> behoort gebruik te word deur verkopers teenoor kopers	25%	100%
Boeremark		
	Bekend	Onbekend
<i>Tannie</i> en <i>oom</i> word gebruik deur verkoper teenoor kopers	100%	100%
<i>Tannie</i> en <i>oom</i> word gebruik deur ander verkopers teenoor kopers	100%	100%
<i>Tannie</i> en <i>oom</i> behoort gebruik te word deur verkopers teenoor kopers	100%	100%

Figuur 9 toon beide markte se gekombineerde antwoorde op die bogenoemde vrae. Die kolomme toon die aantal kere wat verkopers aangetoon het dat verkopers kopers as *tannie* of *oom* sal aanspreek waar die spreker en aangesprokene aan mekaar bekend of onbekend is.



Figuur 9: Bekendheid as selekteerder by verkoper teenoor koper

4.2.1.2.3 *Verandering in die gebruik van tannie en oom die afgelope 30 jaar*
 Verkopers is laastens gevra of hulle van mening is dat die gebruik van *tannie* en *oom* die afgelope ongeveer 30 jaar verander het. Antwoorde op hierdie vrae word vervolgens verskaf.


Tabel 16: Antwoorde op die vraag of die gebruik van *tannie* en *oom* die afgelope 30 jaar verander het

	Ja	Nee
Bantingmark en Boeremark gekombineer	91.7%	8.3%
Bantingmark	100%	0%
Boeremark	85.7%	14.3%

Tabel 17 en Figuur 10 toon die antwoorde op die bogenoemde vrae.

Tabel 17: Verandering in die gebruik van *tannie* en *oom* die afgelope 30 jaar

	Ja	Nee
Bantingmark en Boeremark gekombineer	11	1
Bantingmark	6	1
Boeremark	5	0



Figuur 10: Verandering in die gebruik van *tannie en oom* die afgelope 30 jaar

4.2.2 Sistematiese waarneming

In hierdie afdeling word besonderhede verskaf wat verkry is uit die navorsing se sistematiese waarneming van kopers by die mark. Hierdie waarneming moes ideaal gesproke so onopsigtelik moontlik geskied en daarom moes die een belangrike selekteerder, naamlik ouderdom, geskat word.

Waargenome verkopers se biografiese inligting is ook aangeteken. Biografiese inligting oor verkopers en kopers word afsonderlik aangebied, aangesien dit onrealisties is om elke waargenome koper se inligting saam met 'n ooreenstemmende verkoper s'n te tabelleer en grafies voor te stel.

Vervolgens word verkopers se ouderdom, geslag en ras soos volg aangebied: eers beide markte se inligting gekombineerd, daarna dié van die Bantingmark en laastens die Boeremark s'n.

Tabel 18 toon die biografiese inligting van die verkopers wat waargeneem is.

Tabel 18: Biografiese besonderhede van waargenome verkopers

Tabel 18.1: Bantingmark en Boeremark gekombineerd

Ouderdom						
Onder 20	20-29	30-39	40-49	50-59	60-69	70-79
1	1	2	3	4	2	1

Gemiddelde ouderdom: 48

Geslag		
	Vroulik	Manlik
	7	7

Totale aantal deelnemers: 14

Ras					
Wit	Swart	Bruin	Indiër	Asiaat	Ander
11	0	1	0	0	0

Tabel 18.2: Bantingmark

Ouderdom						
Onder 20	20-29	30-39	40-49	50-59	60-69	70-79
1	1	1	2	2	0	1

Gemiddelde ouderdom: 44

Geslag		
	Vroulik	Manlik
	4	4

Totale aantal deelnemers: 8

Ras					
Wit	Swart	Bruin	Indiër	Asiaat	Ander
8	0	0	0	0	0

Tabel 18.3: Boeremark

Ouderdom						
Onder 20	20-29	30-39	40-49	50-59	60-69	70-79
0	0	1	1	2	2	0


Gemiddelde ouderdom: 53

Geslag		
	Vroulik	Manlik
	3	3


Totale aantal deelnemers: 6

Ras					
Wit	Swart	Bruin	Indiër	Asiaat	Ander
5	0	1	0	0	0

Figuur 11 toon waargenome verkopers se ras, en Figuur 12 dui aan watter persentasie manlik en vroulik was.



Figuur 11: Waargenome verkopers se ras



Figuur 12: Waargenome verkopers se geslag

4.2.2.1 *Biografiese inligting van kopers en waargenome aanspreekvorme*

Die biografiese inligting van waargenome kopers (sprekers) is ook aangeteken. Hulle ouderdomme is slegs geskat, aangesien hulle op geen stadium direk met die navorser gekommunikeer het nie sodat die waarnemersparadoks so ver as moontlik vermy kon word.

Alle aanspreekvorme en bespreekvorme wat tydens sistematiese waarneming deur kopers (sprekers) gebruik is, is opgeskryf.

Die volgende tabelle en daaropvolgende grafieke toon die biografiese inligting van waargenome kopers en die aanspreekvorme wat hulle gebruik het. Eerstens word die gekombineerde data van die twee markte verskaf, daarna dié van die Bantingmark en laastens die Boeremark s'n.

Tabel 19 toon die gekombineerde biografiese inligting van die twee markte en die aanspreekvorme en bespreekvorme wat by beide markte waargeneem is.


Figuur 13 toon hoeveel keer elke aanspreekvorm deur kopers by die twee markte gesamentlik gebruik is. Om die figuur meer leesbaar te maak, is ouderdomme in die volgende agt groepe verdeel:

- 1: 0 – 9 jaar
- 2: 10 – 19 jaar
- 3: 20 – 29 jaar
- 4: 30 – 39 jaar
- 5: 40 – 49 jaar
- 6: 50 – 59 jaar
- 7: 60 – 69 jaar
- 8: 70 – 79 jaar

Tabel 19: Waargenome kopers se biografiese besonderhede en aanspreekvorme wat kopers by die Bantingmark teenoor verkopers gebruik het by beide markte

Aanspreekvorme gebruik teenoor verkopers soos waargeneem by die Boeremark en die Bantingmark

Ouderdom	Inligting						Aanspreekvorm								Totaal Mensse	
	Ras			Geslag	Tannie	Oom	Meneer	Mevrou	Juffrou	Jy	Jou	Julle	U	Geen		
	W	S	B													I
0 tot 9	2	*	*	*	1	1	*	2	*	*	*	*	*	*	*	2
10 tot 19	4	*	1	*	2	3	*	*	*	2	*	1	*	*	2	5
20 tot 29	15	*	*	*	11	4	3	*	*	1	2	1	*	*	8	15
30 tot 39	30	1	1	*	23	9	3	1	*	*	11	2	*	17	32	
40 tot 49	31	*	1	*	21	11	*	*	*	17	8	2	1	10	32	
50 tot 59	25	*	*	*	11	14	*	*	*	6	4	5	*	12	25	
60 tot 69	20	*	*	*	12	8	*	*	1	13	3	1	*	5	20	
70 tot 79	9	*	*	*	4	5	*	*	*	2	7	*	*	1	9	
80 to 89	*	*	*	*	*	*	*	*	*	*	*	*	*	*	*	
Totaal	136	1	3	*	85	55	6	3	1	52	25	12	1	55	140	



Figuur 13: Aanspreekvorme van kopers teenoor verkopers by beide markte


Tabel 20 toon die biografiese inligting en die aanspreekvorme en bespreekvorme wat by die Bantingmark waargeneem is.

Tabel 20: Waargenome kopers se biografiese besonderhede en aanspreekvorme wat kopers by die Bantingmark teenoor verkopers gebruik het

Aanspreekvorme gebruik teenoor verkopers soos waargeneem by die Bantingmark

Ouderdom	Inligting						Aanspreekvorm										Totaal Mense	
	Ras			Geslag			Tannie	Oom	Meneer	Mevrou	Juffrou	Jy	Jou	Julle	U	Geen		
	W	S	B	I	A	n.v.t												V
0 tot 9	2	*	*	*	*	*	1	1	*	2	*	*	*	*	*	*	*	2
10 tot 19	2	*	*	*	*	*	1	1	*	*	*	1	*	*	*	*	*	2
20 tot 29	8	*	*	*	*	*	6	2	*	*	*	1	2	1	*	*	4	8
30 tot 39	12	1	1	*	*	*	11	3	*	*	*	5	*	1	*	*	8	14
40 tot 49	21	*	1	*	*	*	16	6	*	*	*	12	6	1	*	*	7	22
50 tot 59	12	*	*	*	*	*	8	4	*	*	*	2	2	3	*	*	7	12
60 tot 69	7	*	*	*	*	*	6	1	*	*	*	5	3	*	*	*	1	7
70 tot 79	1	*	*	*	*	*	*	1	*	*	*	*	*	*	*	*	1	1
80 to 89	*	*	*	*	*	*	*	*	*	*	*	*	*	*	*	*	*	0
Totaal	65	1	2	0	0	0	49	19	0	2	0	26	13	7	0	28	68	

Figuur 14 toon hoeveel keer elke aanspreekvorm deur kopers by die Bantingmark gebruik is.



Figuur 14: Aanspreekvorme van kopers teenoor verkopers by die Bantingmark


Tabel 21 toon die biografiese inligting en die aanspreekvorme en bespreekvorme wat by die Boeremark waargeneem is.

Tabel 21: Waargenome kopers se biografiese besonderhede en aanspreekvorme wat kopers by die Boeremark teenoor verkopers gebruik het

Aanspreekvorme gebruik teenoor verkopers soos waargeneem by die Boeremark


Ouderdom	Inligting					Aanspreekvorm										Totaal Mense		
	Ras					Geslag	Tannie	Oom	Meneer	Mevrou	Juffrou	Jy	Jou	Julle	U		Geen	
	W	S	B	I	A													n.v.t
0 tot 9	*	*	*	*	*	*	*	*	*	*	*	*	*	*	*	*	*	0
10 tot 19	2	*	1	*	*	1	2	*	*	*	*	1	*	*	*	*	2	3
20 tot 29	7	*	*	*	*	5	2	3	*	*	*	*	*	*	*	*	4	7
30 tot 39	18	*	*	*	*	12	6	3	1	*	*	6	1	1	1	*	9	18
40 tot 49	10	*	*	*	*	5	5	*	*	*	*	5	2	1	1	1	3	10
50 tot 59	13	*	*	*	*	3	10	*	*	*	*	4	2	2	2	*	5	13
60 tot 69	13	*	*	*	*	6	7	*	*	1	*	8	*	1	1	*	4	13
70 tot 79	8	*	*	*	*	4	4	*	*	*	1	2	7	*	*	*	*	8
80 to 89	*	*	*	*	*	*	*	*	*	*	*	*	*	*	*	*	*	0
Totaal	71	0	1	0	0	0	36	36	6	1	1	26	12	5	1	27	72	

Figuur 15 toon hoeveel keer elke aanspreekvorm deur kopers by die Boeremark gebruik is.



Figuur 15: Aanspreekvorme van kopers teenoor verkopers by die Boeremark

Om op te som: die volgende aanspreek- en bespreekvorme is waargeneem: *tannie*, *oom*, *meneer*, *juffrou*, *jy*, *jou*, *julle*, *u* en die vermydingsvorm. Figuur 16 toon hoeveel keer elk van hierdie vorme waargeneem is.



Figuur 16: Aanspreekvorme wat kopers teenoor verkopers gebruik het

4.3 SAMEVATTING

Hierdie hoofstuk bied die data aan wat deur middel van gestruktureerde onderhoude en sistematiese waarneming ingewin is. Twaalf **verkopers** is ondervra en 14 is waargeneem. 'n Totaal van 140 **kopers** is waargeneem. Die data wat by die twee markte ingewin is, toon verskille en ooreenkomste. Uiteenlopende menings het in die onderhoude na vore gekom, byvoorbeeld oor die gebruik van *tannie* en *oom* deur verkopers teenoor kopers (Figuur 2, 3 en 4). Daar is egter ook konsensus oor sekere sake, byvoorbeeld dat die gebruik van *tannie* en *oom* die afgelope 30 jaar verander het (Tabel 17 en Figuur 10).

Die resultate van die onderhoude en die sistematiese waarnemings word in Hoofstuk 5 geanaliseer en geïnterpreteer.

5 DATA-ANALISE EN INTERPRETASIE

5.1 ONDERHOUDE

Noudat die rou data aangebied is, is die volgende stap in die navorsingsproses die analise en interpretasie daarvan. Gesamentlike verwerking van Bantingmark- en Boeremark-data gee 'n beter idee van die werklike resultate as afsonderlike verwerking van data wat op elke mark ingesamel is. Die analise word teen die teoretiese agtergrond van die sosiolinguistiek en die pragmatiek geïnterpreteer. Let wel dat 'sprekers' kopers én verkopers insluit.

Die twee hoofnavorsingsvrae van hierdie studie is:

- Word *tannie* en *oom* (nog) deur sprekers in die Pretoria-omgewing gebruik?
- Wat is hulle persepsies (waarnemings) van en houdings teenoor hierdie aanspreekvorme?

Die subvrae van hierdie studie is:

1. Word sprekers in die navorsingsgroep as *tannie* en *oom* aangespreek?
2. Gebruik sprekers in die navorsingsgroep *tannie* en *oom*?
3. Dink sprekers in die navorsingsgroep *tannie* en *oom* word (nog) in hulle spraakgemeenskap gebruik?
4. Dink sprekers in die navorsingsgroep *tannie* en *oom* behoort (nog) in die samelewing gebruik te word?

In die bespreking wat volg, word telkens teruggekeer na hierdie vrae teen die agtergrond van die literatuurstudie en die data wat ingewin is.

5.1.1 Gebruik die navorsingsgroep *tannie* en *oom*?

Verkopers is gedurende die gestruktureerde onderhoude gevra of hulle self *tannie* en *oom* gebruik teenoor hulle kopers by die mark. Die gesamentlike resultate van die Boeremark en Bantingmark word vervolgens bespreek aan die hand van die selekteerders wat die gebruik van die twee aanspreekvorme kon beïnvloed of beïnvloed het.

5.1.1.1 Ouderdom

Uit die data wat in Hoofstuk 4 aangebied is, is dit duidelik dat die meeste verkopers (75% van die navorsingsgroep) wel *tannie* en *oom* teenoor hulle kopers gebruik.

Ouderdom is 'n belangrike sosiolinguistiese veranderlike/selekteerder en volgens Brown en Gilman (1960) een van die magsetels (kyk 2.3 en 2.5). Blykens die terugvoer in die onderhoude is dit by die navorsingsgroep 'n belangrike faktor in die keuse van aanspreekvorm.

Die gemiddelde ouderdom van die **verkopers** in die navorsingsgroep is 51, en die gemiddelde ouderdom van **kopers** teenoor wie die verkopers *tannie* of *oom* gebruik het, is bo 68 (kyk Tabel 3). Hieruit blyk dit dat die ouderdomsverskil ongeveer 20 jaar moet wees vir die verkoper om die koper as *tannie* of *oom* aan te spreek. Dié resultaat stem ooreen met Odendal (1976) se navorsing (kyk 2.6.1) waarvolgens daar 'n noemenswaardige verskil in ouderdom tussen die spreker en die aangesprokene moet wees vir die spreker om die aangesprokene as *tannie* of *oom* aan te spreek.

By die Bantingmark het slegs 66% van die verkopers hulle klante as *tannie* of *oom* aangespreek, teenoor 100% by die Boeremark. Dié verskil kan moontlik toegeskryf word aan die verskil in die gemiddelde ouderdom van die verkopers. Die verkopers by die Boeremark is self ouer, en daarom is daar minder kopers wat lyk asof hulle meer as 15 jaar ouer as die verkopers is. Die verkopers by die Boeremark sê oorweldigend self dat hulle meer tradisionele norme en waardes het en dat hulle glo *tannie* en *oom* is beleefd en respekvol, dat hulle geleer is om dié aanspreekvorme te gebruik, en dat hulle hul eie kinders leer om hierdie aanspreekvorme te gebruik (kyk 2.4).

5.1.1.2 Beleefdheid, mag en solidariteit

Die pragmatiese aspek van die aanleer van samelewingsbepaalde beleefdheidsreëls is ter sprake by die verkopers se keuse van 'n aanspreekvorm. Ongeveer 70% van die verkopers het aangedui dat hulle gebruik van *tannie* en *oom* bepaal word deur hoe hulle deur hulle ouers geleer is. Die gebruik van *tannie* en *oom* kan beskou word as 'n aangeleerde gedragspatroon (kyk 2.4.2) wat in die vroeë kinderjare vasgelê is. Die aanleer van die gebruik van aanspreekvorme kan myns insiens dus beskou word as deel van die algemene proses om taal en beleefdheidsreëls aan te leer. Ons gebruik

van aanspreekvorme word medebepaal deur ons opvoeding, en daarom is pragmatiese aspekte belangrik in die studie van aanspreekvorme.

Een verkoper by die Boeremark (wat ten tye van die onderhoud 71 was) het sterk gevoelens gehad rakende die solidariteit en respek wat aan die gebruik van *tannie* en *oom* gekoppel is. (Hierdie mening kan egter nie veralgemeen word nie.) Die pragmatiese aspek van beleefdheid en hofflikheid (kyk 2.4) is hier te bespeur. Brown en Gilman (1960) se teorie oor die dimensies van mag en solidariteit is moontlik ook hier te bespeur (kyk 2.5).

Brown en Gilman (1960) se idees van mag en solidariteit het oor die algemeen te make met klasseverskille. In hierdie ondersoek is klasseverskille as sodanig nie ter sprake nie, maar mags- en statusverskille is wel ter sprake by die koper-verkoper dinamiek: die koper het mag oor die verkoper, en die verkoper probeer so hofflik as moontlik optree teenoor die koper. (Die pragmatiese aspekte wat in 2.8 bespreek is, is hier ook weer van belang.) In hierdie ondersoek word mag en solidariteit dus anders benader as in vorige ondersoeke soos dié van Wybenga (1981) en Odendal (1976).

Die sprekers in die navorsingsgroep is duidelik bewus van die eise van beleefdheid en respek en weet hoe om die gebruik van *tannie* en *oom* hiervolgens te beoordeel.

5.1.2 Dink die navorsingsgroep *tannie* en *oom* word gebruik?

Verkopers is tydens die gestruktureerde onderhoude gevra of hulle waarneem dat ander verkopers *tannie* en *oom* teenoor kopers gebruik. Dit kom voor asof verkopers oor die algemeen nie voorheen bewustelik opgelet het of ander verkopers *tannie* en *oom* teenoor kopers gebruik nie. Deur die loop van die onderhoude het dit egter duidelik geword dat dit nie noodwendig beteken dat ander kopers nie *tannie* en *oom* gebruik nie, maar eerder dat die verkopers wat ondervra is nie regtig oplet hoe hulle medeverkopers hulle kopers aanspreek nie. Hierin is die metodologiese probleem van die diskrepansie tussen sprekers se mening oor 'n verskynsel en die werklikheid rakende die verskynsel te siene (kyk Hoofstuk 3). Uit die navorser se ervaring tydens die ondersoek blyk dit oor die algemeen 'n probleem te wees wanneer mense oor hulle taalgebruik uitgevra word. Mense kan meestal nie onthou hoe hulle taal gebruik nie omdat hulle nie doelbewus daarop let nie. Hierdie onvoorsiene moeilikheid is ook deur Wybenga (1981:58)

ondervind. Die verskil tussen die aantal verkopers wat wel oplet hoe ander verkopers hulle kopers aanspreek (41,6%) en dié wat nie oplet nie (58,3%), is onnoemenswaardig.

Die verkopers by die Boeremark het wel opgemerk dat hulle waarneem dat ander verkopers *tannie* en *oom* gebruik, en dat hulle van mening is dat hierdie aanspreekvorme oor die algemeen gebruik behoort te word. Hulle voel ook dat hulle self *tannie* of *oom* genoem behoort te word en dat hulle nie omgee wanneer hulle as *tannie* of *oom* aangespreek word nie.

5.1.3 Dink die navorsingsgroep *tannie* en *oom* behoort gebruik te word?

Verkopers is tydens gestruktureerde onderhoude gevra of hulle dink verkopers behoort gebruik te maak van *tannie* en *oom* teenoor kopers op die mark. Die verkopers by beide markte is van mening dat *tannie* en *oom* oor die algemeen steeds gebruik behoort te word. Uit uitbreiding op hulle antwoorde blyk dat dit hoofsaaklik te make het met die pragmatiese aspek van beleefdheid en hoe beleefdheid aangeleer word (kyk 2.4), asook die ouderdom van die aangesprokene.

Wanneer die resultate van die twee markte apart bekyk word, is verskille te siene in die houdings van die verkopers teenoor die gebruik van *tannie* en *oom*.

By die Bantingmark dui 85,7% van die respondente aan dat hulle wel by die mark gebruik maak van *tannie* en *oom*, maar slegs 57,1% is van mening dat hierdie aanspreekvorme by die mark gebruik behoort te word. Dit is belangrik om daarop te let dat 100% van die respondente by die Bantingmark aanvanklik aangedui het dat *tannie* en *oom* nie gebruik behoort te word nie, maar soos wat die onderhoud gevorder het, het 57,1% aangedui dat *tannie* en *oom* wel behoort gebruik te word waar die koper aansienlik ouer as die verkoper is.

By die Boeremark het 60% van kopers aangedui dat hulle *tannie* en *oom* by die mark gebruik, en 60% het aangedui dat hulle voel hierdie twee aanspreekvorme behoort by die mark gebruik te word. Dit is moontlik dat die verskil in resultate tussen die Bantingmark en Boeremark deels toegeskryf kan word aan die verskil in ouderdom van verkopers wat ondervra is. Die gemiddelde ouderdom van verkopers wat by die Bantingmark ondervra is, is 44 en by die Boeremark 53. Ouderdom is natuurlik 'n belangrike sosiolinguistiese veranderlike (kyk 5.1.1.1 en 2.3). Odendal (1976) beskryf

ouderdom as een van die konvensies of voorwaardes vir die gebruik van aanspreekvorme, ook genoem 'n *selekteerder* (kyk 2.6.1).

'n Ander aspek is subjektief deur die navorser waargeneem. Dit is moontlik dat leefstylkeuse 'n impak het op verkopers se houding teenoor *tannie* en *oom*. Alhoewel die uiteindelijke resultaat steeds aandui dat die verkopers self *tannie* en *oom* gebruik, is dit teenoor kopers wat ouer as 72 is (kyk Tabel 5). Dit is heelwat ouer as die minimum ouderdom vir die gebruik van *tannie* en *oom* teenoor kopers deur verkopers by die Boeremark, naamlik ouer as 65 jaar. By die Bantingmark is daar dus ongeveer 30 jaar verskil tussen verkoper en koper (Tabel 5) teenoor ongeveer 15 jaar verskil tussen verkoper en koper by die Boeremark (Tabel 7). Verder verkies 66,6% van Bantingmark-verkopers om nie self as *tannie* of *oom* aangespreek te word nie (Tabel 5), ten spyte van die feit dat hulle wel dié aanspreekvorme gebruik. Van die Boeremark-verkopers is 100% van mening dat *tannie* en *oom* teenoor hulle gebruik behoort te word, en hulle het geen probleem met die gebruik van hierdie aanspreekvorm teenoor hulle nie (Tabel 7).

Die rede hoekom leefstyl moontlik 'n invloed kan hê op die houdings teenoor *tannie* en *oom*, is dat gesond eet en 'n gesonde lewe uiteraard 'n groot prioriteit is vir verkopers by die Bantingmark. Banting is 'n lae-koolhidraat-hoë-vet-dieet (Noakes, Proudfoot & Creed 2016). Dit is 'n streng dieet wat byvoorbeeld brood en suiker uitsny. Mense wat dié dieet volg, probeer dus gesonder wees om moontlik langer te lewe en/of nie sieklik te word nie. Dit is moontlik dat die konnotasie van ouderdom met die gebruik van *tannie* en *oom* hier 'n invloed kan hê. Dat *tannie* en *oom* vanweë die konnotasie wat dit met ouderdom het net soveel as 'n belediging beskou kan word as wat dit 'n teken van respek is, stem ooreen met algemene gesprekke en resultate vanaf die *Tannie* en *Oom*-Facebookblad.

Gebaseer op die bogenoemde, sowel as op inligting wat in die onderhoude na vore gekom het (byvoorbeeld dat Boeremark-verkopers meen hulle is tradisioneel en het tradisionele waardes), is dit moontlik dat leefstyl as 'n nuwe selekteerder geïdentifiseer kan word. Die Banting-leefstyl is totaal anders as die tradisioneel Afrikaanse leefstyl. By die Boeremark word jaffels, pannekoek, ensovoorts verkoop, terwyl geen stysel of suiker by die Bantingmark verkoop word nie. Verkopers op beide markte het self gesê dat hulle anders is as verkopers van die ander mark. Dit is dus moontlik dat die Bantingmark-verkopers se profiel verskil van dié van die Boeremark-verkopers. Bantingmark-verkopers beskryf hulle leefstyl as alternatief, en hulle menings en

houdings as modern. Boeremark-verkopers beskryf hulle leefstyl, menings, houdings en waardes as tradisioneel. Dit is moontlik dat kopers by beide markte ook so getipeer kan word.

5.1.4 Word die navorsingsgroep as *tannie* en *oom* aangespreek?

Verkopers is gevra of hulle aangespreek word as *tannie* of *oom*, of hulle waarneem dat ander verkopers so aangespreek word, en of hulle voel kopers behoort verkopers as *tannie* en *oom* aan te spreek.

Verkopers het oorweldigend (83,3%) aangedui dat hulle op een of ander stadium deur 'n koper as *tannie* of *oom* aangespreek is. Op die Bantingmark is 71,4% van verkopers al so aangespreek en op die Boeremark 100%. Groot verskille is egter opgemerk ten opsigte van die resultate tussen die twee markte, veral rakende verkopers se houding teenoor hoe kopers verkopers behoort aan te spreek.

Geen van die Bantingmark-verkopers het aangedui dat hulle voel kopers behoort hulle as *tannie* of *oom* aan te spreek nie, slegs 14,3% het aangedui dat hulle geen voorkeur het nie, en slegs 14,3% het aangedui dat ander verkopers as *tannie* of *oom* aangespreek word. Die feit dat kopers oorweldigend gesê het hulle let nie op hoe aanspreekvorme deur en teenoor ander verkopers gebruik word nie, kon egter hierdie data beïnvloed het. Die onbetroubaarheid van onderhoude rakende die ware gebruik van 'n verskynsel is moontlik weer eens hier ter sprake.

Dit is egter interessant dat die respondente oorweldigend (85,7%) aangedui het dat hulle nie van mening is dat hulle as *tannie* of *oom* behoort aangespreek te word nie. Myns insiens het dit weer eens te doen met die keuse van lewenstyl onder die Bantingmark-verkopers en die konnotasie van ouderdom met die aanspreekvorme *tannie* en *oom*. Verder het verkopers ook aangedui dat hulle voel hierdie aanspreekvorme is outyds en uitgedien. Hierdie resultaat stem ooreen met Odendal (1976) se voorspelling dat *tannie* en *oom* aan die uitsterf is (kyk 2.6.1).

Die resultate van die onderhoude by die Boeremark rakende aanspreekvorme teenoor kopers is drasties in teenstelling met dié van die Bantingmark. Alle verkopers het aangedui dat hulle self aangespreek word as *tannie* of *oom* en dat ander verkopers ook só aangespreek word. Almal is ook óf van mening dat hulle as *tannie* of *oom* behoort

aangespreek te word (60%) óf dat hulle nie omgee om as *tannie* of *oom* aangespreek te word nie (40%). Weer eens is hierdie reaksie moontlik weens die feit dat verkopers by die Boeremark self sê dat hulle tradisionele waardes het en glo dat *tannie* en *oom* 'n aanduiding van respek is (Brown & Gilman 1960; kyk ook 2.4). Die “behoefte aan hoflikheid en respektuning” is deur Bosman en Otto (2015:389) beskryf (kyk 2.6.8). Verkopers sê hulle is so grootgemaak; dit kom ooreen met die pragmatiese aspekte van die aanleer van beleefdheid (kyk 2.8). Persoonlike voorkeur soos beskryf deur Odendal (1976) is natuurlik ook by beide markte ter sprake (kyk 2.6.1).

5.1.5 Verhouding tussen verkopers en kopers

Die verkopers is gevra hoe die verhouding tussen hulle en die koper die gebruik van *tannie* en *oom* beïnvloed. Hulle is spesifiek gevra hoe die selekteerder bekendheid en onbekendheid (Odendal 1976; kyk 2.6.1) met die verkoper die keuse van aanspreekvorm beïnvloed. Hulle moes sê of hulle *tannie* en *oom* sou gebruik teenoor 'n onbekende of bekende of al twee, en of bekende of onbekende kopers of al twee hulle as *tannie* of *oom* aanspreek.

Dit blyk dat verkopers oor die algemeen *tannie* en *oom* gebruik teenoor beide bekendes (42,1%) en onbekendes (52,6%), en dat bekende (40%) en onbekende (60%) kopers hulle *tannie* en *oom* noem. Kommentaar deur ondervraagdes is dat dié aanspreekvorme veral gebruik word in familieverband, waar die individu die aangesprokene al baie lank ken, of as die aangesprokene baie ouer is. Kommentaar rakende 'n onbekende verhouding is weer eens dat verkopers *tannie* en *oom* sal gebruik teenoor 'n baie ouer persoon, maar dat hulle in die formele konteks van die verkoopsituasie iemand wie se ouderdom nie baie van hulle s'n verskil nie eerder as *meneer* of *mevrou* sal aanspreek of selfs die aanspreekvorm heeltemal sal vermy. Hier sien ons dat die sosiolinguistiese veranderlike *situasie* van groot belang is; dit is deur onder andere Wybenga (1981) (kyk 2.6.4) ook as van groot belang beskou. Veral jonger kinders spreek die verkopers aan as *tannie* en *oom*, binne familieverband sowel as wanneer die kind onbekend is.

By die Bantingmark het dit weer duidelik geblyk dat verkopers meestal nie oplet hoe ander verkopers *tannie* en *oom* gebruik, of hoe *tannie* en *oom* teenoor verkopers gebruik word nie. Dit het 'n groot invloed op hulle antwoorde rakende die invloed van die verhouding tussen koper en verkoper en die keuse van aanspreekvorm.

5.1.6 Verandering in die gebruik van aanspreekvorme

Verkopers is gevra of hulle dink die gebruik van *tannie* en *oom* het die afgelope ongeveer 30 jaar verander. Hulle moes aandui of hulle waargeneem het of dié aanspreekvorme met verloop van tyd meer, minder of anders gebruik is.

Op een uitsondering na het verkopers by beide markte aangedui dat die gebruik van *tannie* en *oom* mettertyd verander het. Die meeste is van mening dat *tannie* en *oom* deesdae minder gebruik word as in die verlede en dat mense meer geneig is om *jy* en *jou* te gebruik. Die volgende moontlike redes is daarvoor genoem:

- Tye het verander, kinders word deesdae anders grootgemaak en is ongeskikter.
- *Tannie* en *oom* kan aanstoot gee, want die begrip “oud wees” het verander; ’n mens word deesdae nie meer op 40 as oud beskou nie.
- Die multikulturele samelewing, en veral Engels, kan ’n invloed hê.

Odendal het hierdie verskynsel reeds in 1976 opgemerk (kyk 2.6.1). Dit is moontlik dat pragmatiese verskille (idees rakende beleefdheid) tussen nou en die verlede hier ter sprake is, met ander woorde dat daar ’n verskil is tussen wat in die verlede as beleefd beskou is en wat deesdae as beleefd beskou word.

5.2 SISTEMATIESE WAARNEMING

Soos beskryf in Hoofstuk 3, is die interaksie tussen verkopers en kopers waargeneem en biografiese besonderhede van kopers, asook die aanspreekvorme en bespreekvorme wat hulle teenoor verkopers gebruik het, is opgeteken. Die resultate van die sistematiese waarneming is in Hoofstuk 4 grafies voorgestel.

Dit is duidelik dat kopers by die Bantingmark én Boeremark verkies om óf die aanspreekvorm heeltemal te vermy, óf om *jy* en *jou* teenoor verkopers te gebruik. Die gebruik van *tannie* en *oom* is wel waargeneem, maar dit het skaars voorgekom. *U*, *meneer* en *juffrou* het ook voorgekom. Die navorsingsgroep se gebruik van aanspreekvorme verskil duidelik van Wybenga (1981) se navorsingsresultate ongeveer 40 jaar gelede.

Mevrou, *juffrou* en veral *dame* en *meisie* blyk nie meer die norm te wees vir vrouens nie. Dit blyk uit die (weliswaar beperkte) resultate dat *tannie* bo *mevrou* verkies word. *Meneer* kom wel voor, maar *oom* kom binne hierdie groep meer gereeld voor. Onbekende kinders is slegs aangespreek as *jy* en *jou* en geen aanspreekvorme soos

boetie en *meisie* kom voor nie. *U* kom steeds voor (soos ook aangedui deur Bosman & Otto (2015)), maar *jy* en *jou* word verkies. Dit kom voor asof kopers by die Bantingmark baie weinig ander aanspreekvorme as *jy*, *jou* en *julle* gebruik. Waar *oom* voorgekom het, was daar 'n groot ouderdomsverskil tussen spreker en aangesprokene.

By die Boeremark is 'n wyer verskeidenheid aanspreekvorme waargeneem. Beide *tannie* en *oom* het voorgekom, sowel as *juffrou*, *u* en vreemde aanspreekvorme en byname soos *ou Swartes* waar die koper die verkoper goed ken.

Hoofsaaklik blanke kopers is waargeneem en net enkele bruin en swart kopers. Hoofsaaklik vroulike kopers en net enkele manlikes is waargeneem.

5.3 SAMEVATTING

Op grond van die data wat met die gemengde metode ingesamel is, kan die navorsingsvrae van hierdie verhandeling nou beantwoord word. Antwoorde word gebaseer op die navorsingsgroep se ervarings, persepsies en houdings soos dit in onderhoude weergegee is en deur die navorser waargeneem is. Die subvrae word eerste beantwoord.

Subnavorsingsvrae

1. Word sprekers in die navorsingsgroep as *tannie* en *oom* aangespreek?

Volgens inligting uit die onderhoude en sistematiese waarnemings word sprekers (verkopers) by beide markte nog as *tannie* en *oom* aangespreek. Dit is wel van belang dat *tannie* en *oom* baie min voorgekom het by die sistematiese waarneming.

2. Gebruik sprekers in die navorsingsgroep *tannie* en *oom*?

Volgens die resultate van die onderhoude gebruik sprekers in die navorsingsgroep *tannie* en *oom*.

3. Dink sprekers in die navorsingsgroep *tannie* en *oom* word (nog) in hulle spraakgemeenskap gebruik?

Alhoewel verkopers aangedui het dat die gebruik van *tannie* en *oom* deur die loop van hulle lewens verander het, neem sprekers steeds waar dat *tannie* en *oom* in hulle spraakgemeenskap gebruik word.

4. Dink sprekers in die navorsingsgroep *tannie* en *oom* behoort (nog) in die samelewing gebruik te word?

Verskille is hier te bespeur tussen die twee markte, maar uiteindelik is daar in totaal meer verkopers wat voel dat *tannie* of *oom* teenoor kopers gebruik behoort te word as sprekers wat voel dit behoort nie gebruik te word nie en sprekers wat geen voorkeur het nie. Net soveel verkopers voel kopers behoort *tannie* en *oom* teenoor verkopers te gebruik of het geen voorkeur nie as wat voel kopers behoort dit nie te gebruik nie. Die resultate van die ondersoekgroep as geheel toon die meeste verkopers voel *tannie* en *oom* behoort gebruik te word.

Navorsingsvrae

1. Word *tannie* en *oom* (nog) deur sprekers in die Pretoria-omgewing gebruik?

Ja, *tannie* en *oom* word nog gebruik deur die sprekers in die Pretoria-omgewing wat ondervra en waargeneem is.

2. Wat is hulle persepsies (waarnemings) van en houdings teenoor hierdie aanspreekvorme?

Verkopers neem waar dat hierdie aanspreekvorme steeds gebruik word, maar dat die gebruik aan die verander is. Die algemene houding teenoor die gebruik van *tannie* en *oom* is positief.

Die volgende selekteerders speel almal 'n rol in die bogenoemde antwoorde en is in ag geneem en bespreek in die data-analise: plek (situasie), gesag en status (die rolle van koper en verkoper), ouderdom, bekendheid en lewenstyl. Laasgenoemde selekteerder is nog nie voorheen in navorsing oor Afrikaanse aanspreekvorme in ag geneem nie.

In die laaste hoofstuk word 'n oorsig oor hierdie navorsing gegee, die gevolgtrekkings en beperkings van die ondersoek bespreek en voorstelle vir verdere navorsing gegee.

6 SAMEVATTING EN GEVOLGTREKKING

6.1 OORSIG

In hierdie verhandeling is die dikwels kontroversiële aanspreekvorme *tannie* en *oom* ondersoek. Die doel van die ondersoek was om 'n beter begrip te verkry van die gebruik van hierdie aanspreekvorme, en van sprekers se persepsies van en houdings teenoor hierdie aanspreekvorme. Uiteenlopende menings het na vore gekom, met sommige respondente wat dié aanspreekvorme verwag en ander wat dit negatief ervaar. Die belangrikheid van ouderdom as veranderlike, sowel as die vraag of en hoe kinders geleer word om *tannie* en *oom* te gebruik, is van die kwessies wat respondente as belangrik ag.

Die spreker en aangesprokene en die situasie waarin hulle hul bevind bepaal watter aanspreekvorm gebruik word. Sosiolinguistiese en pragmatiese redes lê agter die keuse van aanspreekvorm. Die situasie of konteks wat vir hierdie studie gekies is, is 'n verkoopsituasie by die Pretoria Bantingmark en die Pretoria Boeremark. Die ondersoekgroep was die verkoopsmense, klante en potensiële klante wat ten tye van die ondersoek by die twee markte teenwoordig was.

'n Gemengde navorsingsmetode is gebruik. 'n Belangrike komponent van sosiale, kommunikatiewe vaardigheid in die Afrikaanse spraakgemeenskap is geformaliseer, naamlik die gebruik van die aanspreekvorme *tannie* en *oom* in die konteks van die Bantingmark en Boeremark.

6.2 GEVOLGTREKKINGS

Die sosiolinguistiek sowel as die pragmatiek is ter sake wanneer die gebruik van aanspreekvorme bestudeer word. Die gebruik van *tannie* en *oom* kan nie geskei word van die gemeenskap wat hierdie aanspreekvorme gebruik nie. Selekteerders soos ouderdom, geslag, ras, situasie en leefstyl is ter sake. Aanspreekvorme is ook deel van aangeleerde gedrag, veral beleefdheid en hoflikheid. Beleefdheid en hoflikheid is deel van die essensiële proses van taalaanleer.

Vorige navorsing rakende die aanspreekvorm is bestudeer. Faktore soos mag en solidariteit (Brown & Gilman 1960) is in ag geneem by die verwerking van die data.

Daar is bevind dat die hedendaagse gebruik van aanspreekvorme deur die navorsingsgroep ooreenstem met, maar ook verskil van die bevindings van vorige navorsing soos dié van Odendal (1976) en Wybenga (1981).

Uiteindelik is tot die gevolgtrekking gekom dat *tannie* en *oom* wel nog deur die navorsingsgroep gebruik word en dat hulle van oordeel is dat ander sprekers dit ook nog gebruik. Die data afkomstig van beide die onderhoude en die sistematiese waarneming het tot hierdie gevolgtrekking gelei, alhoewel die sistematiese waarneming toon dat veral *jy/jou/julle* verkies word bo *tannie* of *oom*.

Dit was nie so eenvoudig om deelnemers se houding teenoor die gebruik van *tannie* en *oom* te bepaal nie. Verkopers is gevra of *tannie* en *oom* gebruik behoort te word en uit hulle antwoorde is bepaal dat die meerderheid van hulle van mening is dat *tannie* en *oom* wel nog 'n plek in die samelewing het.

Verkopers het oorweldigend aangedui dat die gebruik van *tannie* en *oom* oor die afgelope 30 jaar verander het. Dit stem ooreen met Odendal (1976) se bevinding.

6.3 BEPERKINGS EN AANBEVELINGS

6.3.1 Beperkings

Die grootste beperkings tydens die veldnavorsing was tyd en mannekrag. Die Bantingmark vind slegs elke eerste Saterdag van die maand plaas. Die Boeremark vind elke Saterdag plaas, maar is slegs tussen ongeveer 5:30 en 7:00 besig. Slegs een navorser het die studie onderneem, dus was die tyd vir data-insameling baie beperk en kon optimale tye vir waarneming en onderhoude nie behoorlik benut word nie.

By beide die markte is die verkopers voor die aanvang van die mark baie besig. Daarna is daar 'n kort periode waar die stalletjies baie besig is, en daarna is dit gewoonlik weer stil. Vooraf moes die verkoper aan wie die stalletjie behoort se toestemming verkry word om onderhoude op te neem. Dit het tyd in beslag geneem en die verkoper soms huiwerig gemaak om aan die studie deel te neem.

Baie min stalletjies het deel uitgemaak van die uiteindelijke navorsingsgroep binne die optimale periode by die markte. Onderhoude kon slegs plaasvind wanneer verkopers

nie baie kopers gehad het nie, maar waarnemings was oneffektief wanneer stalletjies nie besig was nie. Dit was daarom moeilik om waardevolle onderhoude én waarnemings binne die beperkte tyd te bekom. Te min navorsers het aan die data-insameling deelgeneem om die optimale periodes effektief te gebruik.

By die Bantingmark het probleme met die tweede afdeling van die onderhoud se vrae ontstaan. Dié vrae handel oor ander verkopers by die mark se gebruik van aanspreekvorme. Die probleem was dat die meeste respondente by die Bantingmark gemeld het dat hulle nie spesifiek oplet hoe ander verkopers aanspreekvorme gebruik nie. Die Boeremark-verkopers kon wel kommentaar lewer op hierdie vrae. 'n Moontlike rede hiervoor is dat die Bantingmark 'n redelike jong mark is wat nie so gereeld plaasvind nie en wat nie noodwendig elke week presies dieselfde stalletjies het nie, terwyl die Boeremark al jare aan die gang is en elke week so te sê dieselfde stalletjies het.

Dit sou ideaal wees om tydens een markgeleentheid slegs waarnemings te doen en dan by 'n volgende geleentheid slegs onderhoude. Aangesien dieselfde verkopers nie by elke mark teenwoordig is nie en markte nie ewe gereeld plaasvind nie, kon dit egter nie gedoen word nie. Dit sou ook ideaal wees om by elke interaksie die koper én verkoper se gebruik van aanspreekvorme waar te neem, maar dit was bloot nie realisties binne die beperkte tyd nie.

Die beperkings van die vraelys of onderhoud moet weer genoem word. Die antwoorde wat verskaf is deur die verkopers rakende hulle gebruik, waarnemings en persepsies is slegs hulle weergawe van gebeure en nie noodwendig 'n weerspieëling van die werklikheid nie. Soos Wybenga (1981:10) dit stel: “[die] vraelys [gee] slegs 'n idee van die norm en nie werklike gebruik [nie].”

Die belangrikste beperking van die ondersoek is dat die bevindings nie veralgemeen kan word nie. Die navorsingsgroep was bloot te klein om aannames te maak rakende die gebruik van *tannie* en *oom* in die hele Pretoria-omgewing. Volgens Otto (2014:318-319) kan die presiese aantal vraelyste of onderhoude wat nodig is om te bepaal of data geldig is nie bepaal word nie. Sy noem egter dat data voldoende is indien dataversadiging bereik is, veral by kwalitatiewe navorsing. Aangesien dataversadiging wel tot 'n sekere mate met hierdie ondersoek bereik is, kan gevolgtrekkings oor die

gebruik van *tannie* en *oom* by die Pretoria Bantingmark en Pretoria Boeremark wel gemaak word.

6.3.2 Aanbevelings en voorstelle vir verdere navorsing

Beperkings rakende die optimale tyd vir onderhoude en waarnemings kan oorkom word indien meer navorsers aan 'n ondersoek deelneem sodat 'n groter aantal stalletjies binne die optimale tyd genader kan word. Waarnemings kan dan in die besige tyd by die stalletjies gemaak word en onderhoude kan in die stiller tye gevoer word.

My eerste voorstel is dat meer navorsers in die toekoms gevra word om aan 'n soortgelyke ondersoek deel te neem.

Dit is moontlik dat verkopers wat gereeld stalletjies het by markte wat gereeld plaasvind mekaar ken en meer bewus is van mekaar se aanspreekvormgebruik. Boeremark-verkopers is byvoorbeeld meer bewus van hulle medeverkopers se gebruik as wat Bantingmark-verkopers is.

My tweede voorstel is dat meer gevestigde, gereelde markte genader word vir navorsing en dat meer markte by die ondersoek betrek word.

Indien toekomstige navorsers wil fokus op ander aanspreekvorme as *tannie* en *oom*, kan die templaet vir onderhoude aangepas word volgens die verlangde aanspreekvorm, en die templaet vir waarnemings kan net so gebruik word. Navorsers kan ook besluit om die proses te vergemaklik deur slegs onderhoude te voer of van waarneming gebruik te maak, of om minder vrae aan die respondente te stel.

7 BRONNELYS

- Bierstedt, R. 1957. *The social order: An introduction to sociology*. New York: McGraw-Hill.
- Boshoff, S.P.E. 1956. *Radiopraatjies oor Afrikaans*. Johannesburg: Voortrekkerpers.
- Bosman, L. & Hartell, C. 2016. Beplanning van 'n navorsingsvoorstel vir nagraadse studie. In: Joubert, I., Hartell, C. & Lombard, K. (reds.). *Navorsing: 'n Gids vir die beginnervorsers*. Pretoria: Van Schaik, pp. 19-51.
- Bosman, N. & Otto, A. 2015. "Moenie my 'jy' en 'jou' nie" – die gebruik van *u* in die 21ste eeu. Resultate van 'n loodsondersoek. *LitNet Akademies*, vol.12, no. 3, Desember, pp. 358-393.
- Bourdieu, P. 1977. The economics of linguistic exchanges. *Social Science Information*, vol. 16, no. 6, pp. 645-688.
- Bowerman, M. & Levinson, S.C. (reds.). 2001. *Language acquisition and conceptual development*. Language, Culture and Cognition. Cambridge: Cambridge University Press.
- Bright, W. 1964. Introduction: The dimensions of sociolinguistics. In: Bright, W. (red.). *Sociolinguistics: Proceedings of the UCLA Sociolinguistics Conference, 1966*. De Hague: Mouton & Co.
- Brown, R. & Ford, M. 1961. Address in American English. *Journal of Abnormal & Social Psychology*, vol. 62, no. 2, March, pp. 375-385.
- Brown, R. & Gilman, A. 1960. The pronouns of power and solidarity. In: Sebeok, T.A. (red.). *Style in Language*. Massachusetts: MIT Press, pp. 252-281.
- Brown, P. & Levinson, S.C. 1994. *Politeness: Some universals in language usage*. Studies in Interactional Sociolinguistics. Cambridge: Cambridge University Press.
- Cameron, D. 1997. Language: Sociolinguistics and sociobiology. *Critical Quarterly*, vol. 39, no. 4, pp. 81-84.
- Cartwright, D. & Zander, A. 1968. *Group dynamics: Research and theory*, 3de uitg. Oxford: Harper & Row.
- Cazden, C.B. 1966. On individual differences in language competence and performance. *The Journal of Special Education*, vol. 1, no. 2, pp. 135–150.

- Chambers, J.K. & Trudgill, Peter. 1984. *Dialectology*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Chambers, J.K. 2002. Dynamics of dialect convergence. *Journal of Sociolinguistics*, vol. 6, no. 1, Special Issue, February, pp. 117-130.
- Chambers, J.K. 2003. *Sociolinguistic Theory*, 2de uitg. Oxford: Polity Press.
- Combrink, J. 1987. Noem hom op sy naam. In: Van Jaarsveld, G. (red.). *Wat bedoel jy?* Pretoria: Serva-Uitgewers.
- Dittmar, N. 1976. *Directions in sociolinguistics: A critical survey of theory and application*. Translated by P.S. and P.A.M. Seuren & K. Whiteley. Londen: Edward Arnold.
- Downes, W. 1998. *Language and society*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Du Plessis, H.G.W. 1983. Taalvariasie in die Afrikaans van Johannesburgers. In: Claassen, G. & Van Rensburg, M.C.J. *Taalverskeidenheid. 'n Blik op die spektrum van taalvariasie in Afrikaans*. Pretoria: Academica.
- Du Plessis, H.G.W. 1986. *Variasietaalkunde*. Pretoria: Kagiso.
- Du Plessis, E. 2016. Etiese aspekte in navorsing. In: Joubert, I., Hartell, C. & Lombard, K. (reds.). *Navorsing: 'n Gids vir die beginnervorsers*. Pretoria: Van Schaik, pp. 73-82.
- Durkheim, E. 1915. *The elementary forms of the religious life: A study in religious sociology*. Translated by J.W. Swain. Crow's Nest: Allen & Unwin.
- Easton, V.J. & McColl, J.H. 1997. *Statistics Glossary v1.1*. [Aanlyn] Beskikbaar by: <<http://www.stats.gla.ac.uk/steps/glossary/sampling.html>>. Besoek 2 November 2018.
- Engelbrecht, A. 2016. Kwalitatiewe navorsing: data-insameling en -analise. In: Joubert, I., Hartell, C. & Lombard, K. (reds.). *Navorsing: 'n Gids vir die beginnervorsers*. Pretoria: Van Schaik, pp. 109-129.
- Eriksson, P. & Kovalainen, A. 2015. *Qualitative methods in business research: A practical guide to social research*. Londen: Sage.
- Ervin-Tripp, S.M. 1973. *Language acquisition and communicative choice*. Stanford: Stanford University Press.
- Fasold, R.W. 1990. *Sociolinguistics of Language*. Oxford: Blackwell.

- Friedrich, P. 1972. Social context and semantic feature: The Russian pronominal usage. In: Gumperz, J.J. en Hymes, D. (reds.). *Directions in sociolinguistics*. New York: Holt, Reinhart and Winston.
- Fromkin, V., Rodman, R. & Hyams, N. 2014. *An introduction to language*. 10de uitg. Wadsworth: Cengage Learning.
- Goffman, E. 1956. The nature of deference and demeanor. *American Anthropologist*, vol. 58, no. 3, pp. 473-502.
- Goffman, E. 1963. *Stigma: Notes on the management of spoiled identity*. Englewood Cliffs, NJ: Prentice-Hall.
- Goffman, E. 1964. The neglected situation. *American Anthropologist*, vol. 66, no. 6, pp. 133-136.
- Goffman, E. 1967. *Interaction ritual; essays on face-to-face behavior*. Garden City: Doubleday.
- Grice, H.P. 1971. Intention and uncertainty. *Proceedings of the British Academy* 57, pp. 263-279.
- Grice, H.P. 1975. Logic and Conversation. In: Cole, P. & Morgan, J.L. *Syntax and Semantics: Speech Acts*. New York: Academic Press, pp. 41–58.
- Grosser, M. 2016. Kwantitatiewe navorsingstrategieë. In: Joubert, I., Hartell, C. & Lombard, K. (reds.). *Navorsing: 'n Gids vir die beginnervorsers*. Pretoria: Van Schaik, pp. 271-289.
- Gumperz, J.J. 1971. *Language in social groups*. Stanford: Stanford University Press.
- Gumperz, J.J. & Hymes, D. (reds.). 1972. *Directions in sociolinguistics*. New York: Holt, Rinehart & Winston.
- Holmes, J. 1992. *An introduction to sociolinguistics*. Londen: Longman.
- Horn, L. 1984. Toward a new taxonomy for pragmatic inference: Q-based and R-based implicature. In: Schiffrin, D. (red.). *Meaning, form and use in context: Linguistic applications*. Washington: Georgetown University Press, pp. 11-42.
- Hymes, D.H. 1971. *On communicative competence*. Philadelphia: University of Pennsylvania Press.

- Hymes, D.H. 1974. Ways of speaking. In: Bauman, R. & Sherzer, J. (reds.). *Explorations in the ethnography of speaking*. Cambridge: Cambridge University Press, pp. 433-452).
- Johnson, R.B., Onwuegbuzie, A.J. & Turner, L.A. 2007. Towards a definition of mixed methods research. *Journal of Mixed Method Research*, vol. 1, no. 2, pp. 112-133.
- Jordaan, C. & Nel, M. 2016. Die gemengde navorsingsmetode. In: Joubert, I., Hartell, C. & Lombard, K. (reds.). *Navorsing: 'n Gids vir die beginnervorsers*. Pretoria: Van Schaik, pp. 377-394.
- Joubert, D. & Steyn, A.F. 1972. *Groepsdinamika: 'n Inleiding tot die studie van klein groepe*. Stellenbosch: Universiteits-Uitgewers en Boekhandelaars.
- Kotzé, E.F. 1983. Variasiepatrone in Maleier-Afrikaans. Doktorale proefskrif, Universiteit van die Witwatersrand.
- Kotzé, E. 1987. Djy kan nie vir my djy nie, djong! In: Van Jaarsveld, G. (red.). *Wat bedoel jy?* Pretoria: Serva-Uitgewers.
- Labov, W. 1964. *The social stratification of English in New York City*. Ann Arbor: University Microfilms International.
- Labov, W. 1965. On the mechanism of linguistic change. *Georgetown monographs on language and linguistics*, vol. 18, pp. 91-114.
- Labov, W. 1970. The study of language in its social context. *Studium Generale*, vol. 23, pp. 30-87.
- Labov, W. 1972. The study of language in its social context. In: Pride, J.B. & Holmes, J. (reds.). *Sociolinguistics: selected readings*. Harmondsworth: Penguin.
- Lambert, V., Glacken, M. & McCarron, M. 2011. Employing an ethnographic approach: key characteristics. *Nurse Researcher*, vol. 19, no. 1, p.17.
- Leech, G.N. 1983. *Principles of Pragmatics*. Londen: Longman.
- Leedy, P.D. & Ormrod, J.E. 2005. *Practical research: Planning and design*. 5de uitg. New York: Pearson.
- Levy, Y. Tennebaum, A. & Ornoy, A. 2000. Speech monitoring in retarded children: Evidence for metalinguistic competencies. In: Perkins, M. & Howard, S. (reds.). *New directions in language development and disorders*. New York: Springer, pp. 51-60.

- Lombard, K. 2016. 'n Inleiding tot navorsing. In: Joubert, I., Hartell, C. & Lombard, K. (reds.). *Navorsing: 'n Gids vir die beginnervorsers*. Pretoria: Van Schaik, pp. 3-18.
- J. Matthes, R. Potter, & C. Davis (reds.). 2017. *International encyclopedia of communication research methods*. San Francisco: Wiley.
- Meyerhoff, M. & Schlee, E. 2010. *The Routledge Sociolinguistics Reader*. London, New York: Routledge.
- Miller, G.A. 1963. *Language and communication*. New York, Toronto, London: McGraw-Hill.
- Milroy, J. 2001. Language ideologies and the consequences of standardization. *Journal of sociolinguistics*, vol. 5, no. 4, pp. 530-555.
- Moelich, G.J. 1984. Groet- en aanspreekvorme in die sakewêreld in Wes-Kaapland. Meestersverhandeling, Universiteit van Stellenbosch.
- Naudé, M. 2016. Inleiding tot Q-metodologie as navorsingsmetode. In: Joubert, I., Hartell, C. & Lombard, K. (reds.). *Navorsing: 'n Gids vir die beginnervorsers*. Pretoria: Van Schaik, pp. 395-414.
- Ninio, A. & Snow, C.E. 1999. The development of pragmatics: Learning to use language appropriately. In: Fletcher, P. MacWhinney, B. (red.). *Handbook of Child Language Acquisition*. San Diego and London: Academic Press, pp. 347-383.
- Noakes, T., Proudfoot, J. & Creed, S. 2016. *The Real Meal Revolution: The radical, sustainable approach to healthy eating*. London: Little Brown.
- Nordquist, R. 2018a. How honorifics are used in English. *Thought Co.* [Aanlyn] Beskikbaar by: <<https://www.thoughtco.com/honorific-definition-and-examples-1690936>> Besoek 14 Februarie 2019.
- Nordquist, R. 2018b. Definition and examples of linguistic accommodation: Glossary of grammatical and rhetorical terms. *Thought Co.* [Aanlyn] Beskikbaar by: <<https://www.thoughtco.com/what-is-accommodation-speech-1688964>> Besoek 13 Desember 2018.
- Odendal, F.F. 1976. Oor die aanspreekvorme in Afrikaans. In: De Klerk, W.J. & Ponelis, F.A. (reds.). *Gedenkbundel HJJM van der Merwe*. Pretoria: Van Schaik.

- Odendal, F.F. 1984. Taal en die gemeenskap. In: Botha, T.J.R., Ponelis, F.A., Odendal, F.F. & Combrink, J.G.H. (reds.). *Inleiding tot die Afrikaanse taalkunde*, 2de uitg. Pretoria: Academica, pp. 262-282
- Olivier, N. & Van Niekerk, A. 2014. Pragmatiek. In: Carstens, W. & Bosman, N. (reds.). *Kontemporêre Afrikaanse Taalkunde*. Pretoria: Van Schaik, pp. 275-309.
- Östman, J. & Verschueren, J. (eds.). 2011. *Pragmatics in practice*. Amsterdam, Philadelphia: John Benjamins Publishing Company.
- Otto, A. 2014. Sociolinguistiek. In: Carstens, W. & Bosman, N. (reds.). *Kontemporêre Afrikaanse Taalkunde*. Pretoria: Van Schaik, pp. 311-346.
- Pinchuck, I. 1974. Freedom and constraint in technical language. *Taalfasette*, vol. 18, no. 1, pp. 14-27.
- Ponelis, F.A. 1979. *Afrikaanse sintaksis*. Pretoria: Van Schaik.
- Pride, J.B. & Holmes, J. (reds.). 1972. *Sociolinguistics: selected readings*. London: Penguin Books.
- Prinsloo, K.P. 1972. Die tweetaligheid van twee groepe universiteitstudente en hulle ingesteldheid teenoor die tweede taal – 'n sociolinguistiese ondersoek. Doktorale proefskrif, Universiteit van Suid-Afrika.
- Rhodie, N.J. 1977. *Sosiale stratifikasie en kleurlingskap*. New York: McGraw-Hill.
- Scholtz, J. du P. 1963. *Taalhistoriese opstelle*. Pretoria: Van Schaik.
- Scholtz, J. du P. 1981. *Taalhistoriese opstelle*. Kaapstad: Tafelberg.
- Schneider, K. & Barron, A. 2008. Where pragmatics and dialectology meet: Introducing variational pragmatics. In: Schneider, K. & Barron, A. (reds.), *Variational pragmatics*. Amsterdam: John Benjamins, pp. 1-32.
- Sperber, D. & Wilson, D. 1986. *Relevance: Communication and cognition*. Cambridge: Harvard University Press.
- Swanepoel, S. 1989. 'n Diachroniese teksstudie van interetniese aanspreek- en verwysingsvorme in Afrikaans. Meestersverhandeling, Randse Afrikaanse Universiteit.
- Trudgill, P. 1978. *Accent, dialect and the school*. Londen: Edward Arnold.
- Trudgill, P. 1995. *Sociolinguistics: An introduction to language and society*, 3de uitg. London: Penguin.

- Vermaas, J.A.M. 2005. *Veranderingen in de Nederlandse aanspreekvormen van de dertiende t/m de twintigste eeuw*. Utrecht: LOT Publications.
- Wardaugh, R. 2006. *An Introduction to Language and Society*. Oxford: Blackwell Publishing Ltd.
- Wybenga, D. 1981. Aanspreekvorme en wisselende status: 'n ondersoek na die gebruik van aanspreekvorme onder Afrikaanssprekendes in Vanderbijlpark. Meesters-verhandeling, Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys.
- Wybenga, D. 1984. Aanspreekvorme: sisteem of boodskap. *South African Journal of Linguistics*, vol. 2, no. 4, pp. 79-89.
- Wybenga, D. 1987. Wie sal die wa smeer? In: Van Jaarsveld, G. (red.). *Wat bedoel jy?* Pretoria: Serva-Uitgewers.
- You, C. & Dörnyei, Z. 2016. Language learning motivation in China: Results of a large-scale stratified survey. *Applied Linguistics*, vol. 37, no. 4, Augustus, pp. 495-519. [Aanlyn] Beskikbaar by: <<https://doi.org/10.1093/applin/amu046>> Besoek 26 April 2018.

8 BYLAAG

8.1 INGELIGTETOESTEMMINGSBRIEF

AAN WIE DIT MAG AANGAAN

Ek doen 'n navorsingsprojek oor die gebruik van die aanspreekvorme *tannie* en *oom* in Afrikaans. Die projek is deel van my meestersverhandeling. Die titel van die verhandeling is *Tannie en oom: die gebruik, ervarings, persepsies en houdings in die Pretoria-omgewing*. Die navorsing sal by gemeenskapsmarkte in Pretoria gedoen word. Ek vra hiermee toestemming om u mark by te woon en my navorsing daar te doen.

Geen verkoper hoef 'n onderhoud toe te staan indien hulle nie wil nie. Ek onderneem om nie verkopers se tyd te gebruik wanneer hulle baie besig is met handelstransaksies nie. Verkopers kan enige tyd onttrek aan die onderhoud.

Dankie by voorbaat dankie vir u toestemming – ek waardeer dit werklik.

Besonderhede van studieleier

Prof. Nerina Bosman
Departement Afrikaans
Universiteit van Pretoria
Tel: 012 420 2335
Nerina.bosman@up.ac.za

Besonderhede van student

Su-Mia Hoffmann
Departement Afrikaans
Universiteit van Pretoria
Tel: 082 824 6894
sumia1234@gmail.com

Die **doel** van hierdie navorsing is om inligting te verkry oor die hedendaagse gebruik van die aanspreekvorme *tannie* en *oom* in die milieu van 'n verkoopsituasie.

Wat word van u verkopers verwag?

U verkopers sal gevra word om deel te neem aan 'n **kort onderhoud** waarin hulle inligting aan die navorser sal gee oor hulle gebruik, persepsies en waarnemings van en houdings teenoor die aanspreekvorme *tannie* en *oom*.

U en u verkopers kan enige tyd aan die navorsing onttrek. Sê bloot aan die navorser dat u wil onttrek.

U verkopers sal **anoniem** bly en hulle name sal nêrens in die verhandeling of artikels wat daaruit mag voorkom, gebruik word nie. Die onderhoud **sal opgeneem word** op 'n stemopnemer. Hierdie data sal in die kluis van die Departement Afrikaans op vloer 15, Geesteswetenskappegebou, Universiteit van Pretoria, gestoor word vir **15 jaar**. Op u versoek sal die opnames ook aan u gegee word. Hierdie opnames sal in die toekoms ook aan ander **bona fide-navorsers** beskikbaar gestel word – maar nog steeds onderhewig aan anonimiteit.

Neem asseblief die vrymoedigheid om enige vrae aan my te stel voordat u toestemming verleen vir die navorsing om voort te gaan.

VERKLARING VAN MARKBESTUUR

Ek het deur die inhoud van hierdie dokument gelees en ek verleen toestemming vir navorsing om voort te gaan.

Handtekening van navorser: _____

Handtekening van organiseerder: _____

Datum: _____

8.2 VRAELYS VIR ONDERHOUDE

Onderhoudnommer:													
Ware wat verkoop:													
Ouderdom:													
Geslag:													
Ras:													
Beroep:													
Verkoper se gebruik van tannie en oom													
Gebruik van T en d	Ja	Nee	Ouderdom	Ras			Geslag		Verhouding				
				W	S	B	I	A	n.v.t.	V	M	Bekend	Onbekend
Eie													
Ander verkopers													
Behoort													
Gebruik teenoor koper													
Gebruik van T en d	Ja	Nee	Ouderdom	Ras			Geslag		Verhouding				
				W	S	B	I	A	n.v.t.	V	M	Bekend	Onbekend
Teenoor self													
Teenoor ander													
Behoort													
Verskil hede en verlede													
Ja		Nee											

8.3 VORM VIR GESTRUKTUREERDE WAARNEMINGS

Onderhoudnummer:														
Ware wat verkoop word:														
<u>Verkoper</u>														
Ouderdom:														
Geslag:														
Ras:														
Beroep:														
Klant se gebruik van A/V						A/V								
Inligting														
Klant nommer	Ras			Ouderdom	Geslag	Tannie	Oom	Meneer	Mevrou	Juffrou	Ander	Jy	Jou	U
	W	S	I											
1														
2														
3														
4														
5														
6														
7														
8														
9														
10														
11														
12														
13														
14														
15														
16														
17														
18														
19														
20														
21														